# DIE S.A.U.K., MET SPESIALE VERWYSING NA SY VERHOUDING TOT DIE STAAT

---

deur Pieter Johannes van der Walt, Honns-B.A.

Verhandeling ingelewer ter nakoming van die vereistes vir die graad Magister Artium in die fakulteit Lettere en Wysbegeerte aan die Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys.

Leier: Prof. dr. C.P. van der Walt.

Johannesburg
Januarie 1973

AAN LIZALLE EN ONS KROOS.

# DANKBETUIGING.

In hierdie studie oor die Suid-Afrikaanse Uitsaaikorporasie was die hulp en aanmoediging van verskeie senior amptenare van die S.A.U.K. onontbeerlik en van onskatbare waarde. My hartlike dank en waardering aan hulle, ook aan die personeel van die Korporasie se biblioteek. Veral betuig ek hiermee my opregte dank aan die hooggeagte Voorsitter van die Beheerraad, dr. P.J. Meyer, die twee direkteure-generaal, die direkteure en ander senior amptenare vir hulle hulp en leiding.

As leier het prof. C.P. van der Walt, hoogleraar in Staatsleer aan die Potchefstroomse Universiteit vir C.H.O., meer as die gewone kwota geduld aan die dag gelê, want die afstand tussen Randburg en Potchefstroom het heelwat probleme opgelewer. My hartlike dank aan prof. Van der Walt vir die gewaardeerde hulp, leiding en belangstelling - ook dat u altyd bereid en gereed was om my te woord te staan.

Die helfte van die beloning vir die studie kom Lizalle en ons drie woelwaters toe. Baie dankie aan haar en die kinders wat my so lank aan die werk verbonde aan hierdie studie moes afstaan.

Ten slotte betuig ek my opregte dank aan die P.U. vir C.H.O. vir die geleentheid wat vir my geskep is om die studie te onderneem IN DIE LIG van God's Woord; en aan die S.A.U.K. wat my as werknemer in staat gestel het, ook deur middel van 'n beurs, om dié interessante studie te onderneem.

"Every national system of broadcasting is an expression of the will of the sovereign state, and embodies a national assertion of values, either explicitly or in its unspoken assumption".

(Scupham, J.: Broadcasting and the Community, in THE NEW THINKER'S LIBRARY. Hoofredakteur: Raymond Williams. Londen, 1967, p. 20.)

INHOUD


| Bladsy | | |
|---|---|---|
| | | HOOFSTUK 1 |
| 1 | | INLEIDING |
| | | HOOFSTUK 2<br>DIE GESKIEDENIS VAN DIE S.A.U.K. TOT DIE TWEEDE WêRELDOORLOG |
| 9 | 1 | Inleiding |
| 10 | 2 | Voorlopers in Europa en elders |
| 13 | 3 | Radio-ontwikkeling in Suid-Afrika tot 1924 |
| 16 | 4 | Ontwikkeling elders in die land |
| 17 | 4.1 | Kaapstad |
| 18 | 4.2 | Durban |
| 20 | 5 | Die "African Broadcasting Company" |
| 25 | 6 | Die Reith-verslag - 'n omwenteling |
| 31 | 7 | Die Suid-Afrikaanse Uitsaaikorporasie |
| 31 | 7.1 | Die Uitsaaiwet van 1936 |
| 33 | 7.2 | Afrikaans kom tot sy reg |
| 35 | 7.3 | Die Tweede Wêreldoorlog strem ontwikkeling |
| 37 | 8 | Samevatting |
| | | HOOFSTUK 3<br>ONTWIKKELING IN DIE UITSAAIWESE SEDERT DIE TWEEDE WêRELDOORLOG |
| 39 | 1 | Inleiding |
| 42 | 2 | 'n Derde programdiens - Springbokradio |
| 48 | 3 | Die radio bars uit sy nate |
| 51 | 4 | Uitbreiding van die kortgolf-uitsendings |

Bladsy


| | | |
|---|---|---|
| 55 | 5 | Buitelandse uitsendings |
| 55 | 5.1 | 'n Afrikadiens |
| 58 | 5.2 | 'n Volwaardige afdeling „Buitelandse Dienste" |
| 59 | 5.3 | Dr. Verwoerd open Bloemendal |
| 62 | 5.4 | Radio RSA - die „Stem van Suid-Afrika" |
| 64 | 6 | FM - 'n towerslag |
| 71 | 7 | Radio Bantu - 'n unieke onderneming |
| 78 | 8 | Outomatisasie |
| 80 | 9 | Samevatting |
| | | HOOFSTUK 4<br>BESTUUR EN ORGANISASIE |
| 83 | 1 | Inleiding |
| 86 | 2 | Die bestuur |
| 86 | 2.1 | Die Beheerraad |
| 91 | 2.2 | Die voorsitter |
| 93 | 2.3 | Die Beheerraad as bestuursorgaan |
| 97 | 2.4 | Die Bantoeprogrambeheerraad |
| 98 | 2.5 | Adviserende rade |
| 100 | 3 | Die organisasie |
| 101 | 3.1 | Die bestuurskomitee |
| 102 | 3.2 | Ander bestuursvlakke |
| 111 | 4 | Samevatting |
| | | HOOFSTUK 5<br>AKTIWITEITE |
| 115 | 1 | Inleiding |

Bladsy


| | | |
|---|---|---|
| 120 | 2 | 'n Algemene terugblik |
| 124 | 3 | Die aktiwiteite van die programdienste |
| 126 | 3.1 | Die Afrikaanse Diens |
| 137 | 3.2 | Die Engelse Diens |
| 139 | 3.3 | Springbokradio |
| 141 | 3.4 | Die FM-streekdienste |
| 142 | 3.5 | Radio Suid-Afrika |
| 143 | 3.6 | Die Buitelandse Dienste |
| 151 | 3.7 | Radio Bantu |
| 158 | 4 | Ander „radio-aktiwiteite" |
| 158 | 4.1 | Die Nuusafdeling |
| 162 | 4.2 | Sake van die Dag |
| 164 | 4.3 | Musiekprogramme |
| 169 | 4.4 | Publikasies |
| 170 | 4.5 | Die Ingenieursafdeling |
| 172 | 5 | Samevatting |
| | | HOOFSTUK 6<br>FINANSIES |
| 179 | 1 | Inleiding |
| 180 | 2 | Historiese oorsig |
| 184 | 3 | Lenings en skuldbriewe |
| 187 | 4 | Die hoofinkomstebronne |
| 187 | 4.1 | Lisensiegeld |
| 190 | 4.2 | Advertensiedienste |
| 190 | 4.3 | Ander inkomstebronne |

Bladsy


| | | |
|---|---|---|
| 191 | 5 | Begrotings |
| 194 | 6 | Die Korporasie se uitgawes |
| 198 | 7 | Fondse |
| 199 | 8 | 'n Vergelyking |
| 202 | 9 | Samevatting |
| | | HOOFSTUK 7<br>VERHOUDING TOT DIE STAAT |
| 204 | 1 | Inleiding |
| 206 | 2 | Die eie-aard van die S.A.U.K. |
| 215 | 3 | „Politiek" oor die radio |
| 229 | 4 | Die Beheerinstansies |
| 230 | 4.1 | Ministeriële beheer |
| 238 | 4.2 | Parlementêre beheer |
| 244 | 4.3 | Finansiële beheer |
| 247 | 5 | Samevatting |
| | | HOOFSTUK 8<br>KONKLUSIE |
| 254 | 1 | Inleiding |
| 255 | 2 | Die S.A.U.K.: Omvang en aard van sy dienste |
| 262 | 3 | Sy verhouding tot die Staat |
| 271 | | BIBLIOGRAFIE |

# HOOFSTUK 1

## INLEIDING.

Die Italianer Marconi het in 1896 bewys dat 'n elektromagnetiese sein deur die ruimtes uitgestuur en oor lang afstande weer opgevang kan word. Hierdie uitvinding 'n paar jaar vóór die aanbreek van die twintigste eeu het binne die bestek van 'n paar dekades gelei tot die totstandkoming van radiostasies. Die grammofoonplaat het kort daarna ook sy verskyning gemaak, en dit het meegebring dat vermaak en ontspanning in die vorm van musiek en die gesproke woord die eerste keer regstreeks tot die mens en sy gesinskring in sy huis gebring kon word. Veel later sou dit aangevul word met die magnetiese band waarop klank vooraf vir gebruik in radioprogramme opgeneem kon word.

Die universele, drieledige taak en opdrag aan die radio as massakommunikasiemiddel, om in te lig, te vermaak en op te voed, het dus sy beslag vroeg in die twintigste eeu met die stigting van die eerste radiostasies in Europa gekry. Dit sou ook nie lank duur alvorens die radio die vinnigste en belangrikste middel sou word om met die mens te kommunikeer nie.

Suid-Afrika se ligging ten opsigte van Wes-Europa, wat as die radio se bakermat bestempel kan word, was uitsluitlik die rede waarom ontwikkeling op dié

gebied effens later in die eerste kwart van hierdie eeu as in Europa na die suidpunt van Afrika gekom het. Die Suid-Afrikaanse Uitsaaikorporasie, waaroor hierdie studie handel, is eers in 1936 gestig.

Ses en derdig jaar is maar 'n kort tydperk in die lewe van 'n mens. Eintlik verkeer hy dan nog in die fleur van sy lewe. Hy is dan nog besonder lewenskragtig. In hierdie studie sal daar gekyk word hoe die Suid-Afrikaanse Uitsaaikorporasie ná 36 jaar daar uitsien, en of hy reg laat geskied aan die genoemde radio-opdrag - of hy inderdaad ook lewenskragtig soos 'n mens van sy ouderdom vertoon.

Die mens en die radio is immers onafskeidbaar van mekaar. Die radio is juis geskep as hulpmiddel vir die mens; om hom tot diens te wees; om invloed op hom uit te oefen. „Dit spreek vanself dat die radio, wat die onafskeidelike metgesel van die hedendaagse mens in al sy bedrywighede geword het, 'n vormende uitwerking op sy gees en sy lewe sal hê. Die uitsaaiwese het 'n stimulerende faktor en krag in die hedendaagse gemeenskapslewe geword, nie net op geestelike en kulturele gebied nie, maar ook op maatskaplike en ekonomiese gebied".[1)]

---

1)S.A.U.K.-jaarverslag, 1959, p. 4.

Veral op maatskaplike terrein het die radio in Suid-Afrika 'n taak wat nie met dié in die meeste ander lande vergelyk kan word nie. Afgesien van die twee vernaamste Blanke-taalgroepe en die verskillende immigrante met hulle onderskeie tale, moet daar ook t.o.v. radioprogramme voorsiening gemaak word vir die sewe Bantoevolke en die Kleurling- en Indiër-gemeenskappe. Daarom word daar ook in die Uitsaaiwet van 1936, ingevolge waarvan die S.A.U.K. in die lewe geroep is, gemeld dat die Korporasie sy uitsaaiprogramme opstel en uitvoer met behoorlike inagneming van die belange van die Engelse, Afrikaanse en Bantoekultuur.[2)]

Die S.A.U.K. lewer dus 'n diens aan die inwoners van Suid-Afrika, en as sodanig staan dit in 'n bepaalde verhouding tot die staat wat die belange van die mense van Suid-Afrika moet beskerm. Die vorm van die openbare korporasie is gevolglik deur die staat vir die S.A.U.K. gekies; hy sou as 'n publieke nutsmaatskappy diens lewer. Hierdie diens word gefinansier met behulp van geld van die publiek in die vorm van lisensies (aanvanklik). By die publiek moet daar dus vertroue en sekerheid teenoor die S.A.U.K. bestaan oor hoe die radiodiens intern beheer word.

---

2) Art. 14 van die Uitsaaiwet, Wet Nr. 22, van 1936.

Dit is dus 'n kwessie van „trust" - die publiek vertrou die Korporasie dat hy só met hulle geld sal werk dat niemand te na gekom word wanneer hy uitvoering gee aan sy opdrag om op te voed, in te lig en te vermaak. Politieke uitsendings is hier veral ter sprake. Die beheerraadslede word bestempel as die „trustees vir die volk". "We have no purpose but to serve the public, and if we fail to serve them, or allow ourselves to serve some other interest, we forfeit our right to guide and influence this national service".[3)]

Dit blyk noodsaaklik dat waar die publiek, as voorsieners van 'n groot deel van die inkomste van die S.A.U.K., nie regstreeks beheer oor die Korporasie kan uitoefen nie, dit op 'n ander manier namens hulle gedoen moet word. Die Staat en die vorm van die S.A.U.K. as organisasie kom hier ter sprake. In die korporatiewe vorm is die S.A.U.K., net soos die Landbank, die Raad op Atoomkrag, Yskor en Evkom, aan staatsbeheer onderworpe. Hierdie staatsbeheer wissel van korporasie tot korporasie en neem ook verskillende vorms aan. Niemand sal dit betwis dat die S.A.U.K. in 'n mate deur die Staat beheer word nie. Die vraag is net - in

---

3) Lord Normanbrook: The Functions of the BBC's Governors - 'n etenstydlesing, 15 Desember 1965, p. 16.

watter mate, en wat is die aard van hierdie staatsbeheer? Dit hang ten nouste saam met die verhouding van die S.A.U.K. tot die Staat.

Om verskillende redes, waarop daar in die hieropvolgende hoofstukke ingegaan sal word en soos duidelik sal blyk, het die Suid-Afrikaanse Uitsaaikorporasie, net soos alle ander semi-staatsinstellings, 'n behoefte aan vryheid. Hierdie vryheid het betrekking op „vryheid van die lug", vryheid om sy begroting soos 'n gewone sake-onderneming te laat klop (want hy kan nie reken op finansiële toekennings van die Staat nie!), vryheid om sy huishoudelike sake te bedryf soos hy dit goed vind en graag wil, vryheid om uit te saai wat hy wil, ens. Tog is dit noodsaaklik dat die S.A.U.K. beheer word! Dit is dus basies 'n vraagstuk van vryheid en beheer wat ook die S.A.U.K. ten grondslag lê.

Die S.A.U.K. se unieke eie-aard en die radio as kragtige kommunikasiemiddel verklaar dadelik die bewering dat dit noodsaaklik is dat hy deur die Staat beheer moet word. Daar kan nie toegelaat word dat die radiomedium na willekeur uitgebuit word deur individue of instellings wat winsbejag of die kondisionering van 'n bevolking, ter wille van die bevordering van bepaalde oogmerke, nastreef nie.

Dit het veral aktueel geword ná die Kommunistiese rewolusie in 1917 toe die eerste nasionale uitsaaistelsels in Europa hulle verskyning gemaak het. 'n Natuurlike ontwikkeling sou wees om die radio te gebruik om mense buite die Kommunistiese statery geleidelik tot dié nuwe ideologie te bekeer. "In any totalitarian state the mass media are a direct part of the machinery of government".[4] Die ontluikende Kommunistiese ideologie het die regerings van die Weste tot die besef gebring dat beheer oor die radio as massakommunikasiemedium uiters noodsaaklik is.

Dit is dan die probleemstelling en die doel met hierdie studie. Daar sal gepoog word om vas te stel of die S.A.U.K. daarin slaag om, terwyl daar van staatsweë beheer oor hom uitgeoefen word, in „vryheid" te doen wat daar van 'n nasionale radio-organisasie verwag word om te doen, nl. om die publiek te vermaak, in te lig en op te voed. Daar sal vasgestel word waar beheer van binne die S.A.U.K. self ophou en beheer deur die Staat begin. 'n Aanduiding sal ook gegee word van wat die S.A.U.K. doen om uitvoering te gee aan sy handvesopdrag, nl. om programme uit te saai met behoorlike inagneming van die belange van Afrikaanse, Engelse en Bantoekultuur.

---

4) Scupham, J.: Broadcasting and the Community, in The New Thinker's Library, London, 1967, p. 21.

Hierdie aspekte rakende die S.A.U.K. en sy verhouding tot die Staat sal die volgende indeling van die studie verg. In hoofstukke twee en drie word aandag geskenk aan die geskiedenis en ontwikkeling van die S.A.U.K. 'n Onderskeid word ook getref tussen die geskiedenis en ontwikkeling vóór en ná die Tweede Wêreldoorlog. In die bespreking oor die na-oorlogse ontwikkeling van die Korporasie kom die vooruitgang wat daar veral gedurende die jare sestig gemaak is, veral ter sprake.

In hoofstukke vier tot ses word gepoog om 'n uiteensetting te gee van die bestuur en organisasie, asook die funksionering van die S.A.U.K. In 'n studie van die kwessie van beheer oor die land se radiodiens en die verhouding tot die Staat, is so 'n uiteensetting uiters noodsaaklik. 'n Hoofstuk word ook afgestaan aan die finansies van die Korporasie. Die kwessie van staatsbeheer en die verhouding tussen die S.A.U.K. en die Staat, word in hoofstuk sewe bespreek.

Die studie is in 'n baie groot mate bemoeilik deur die feitlik algehele gebrek aan naslaanwerke oor die Suid-Afrikaanse Uitsaaikorporasie. Die vernaamste bronne was die Korporasie se jaarverslae, 'n aantal brosjures, koerantverslae, debatte van die Volksraad en 'n klein klompie naslaanwerke oor die openbare korporasie en die uitsaaiwese, veral die "British

Broadcasting Corporation". Laasgenoemde was veral van groot waarde, aangesien die S.A.U.K. op die lees van die B.B.C. geskoei is. Onmisbare bronne was die verslag van lord Reith, destydse voorsitter van die beheerraad van die B.B.C., wat as basis vir die stigting van die Suid-Afrikaanse Uitsaaikorporasie gebruik is, en toesprake deur en gesprekke met die huidige voorsitter van die beheerraad van die S.A.U.K., dr. P.J. Meyer.

Die studie as geheel was om verskeie redes 'n groot uitdaging. Geen ander publieke korporasie kom meer in die Parlement onder skoot as juis die S.A.U.K. nie, en juis die feit dat 'n deel van die verteenwoordigers van die Blankes in Suid-Afrika so krities teenoor die Korporasie en sy programme is, was genoeg aansporing om 'n studie van die S.A.U.K. en sy besondere verhouding tot die Staat aan te pak.

HOOFSTUK 2

# DIE GESKIEDENIS VAN DIE S.A.U.K. TOT DIE TWEEDE WÊRELDOORLOG

## 1. INLEIDING

Ter wille van die ordelike en duidelike uiteensetting van die geskiedenis van die S.A.U.K. sal in hierdie hoofstuk aandag geskenk word aan die radio-ontwikkeling tot en met die uitbreek van die Tweede Wêreldoorlog. Die verdere ontplooiing van die land se uitsaaistelsel sal uitgebeeld word in hoofstuk 3, nl. die ontwikkeling van die S.A.U.K. in die ná-oorlogse periode tot en met die hede.

Marconi se uitvinding in 1896 waardeur die ontwikkeling van uitsaaistelsels moontlik geword het,[1] het ook meegebring dat die beginsel van die uitstuur van 'n elektro-magnetiese sein en die opvangs daarvan oor 'n lang afstand, ook op ander gebiede nuttig aangewend kon word. Een so 'n terrein is die militêre. Die Eerste Wêreldoorlog was die eerste oorlog in die geskiedenis waartydens die radio as tegniese hulpmiddel die oorlogvoerende moondhede aansienlik tot voordeel gestrek het. Dit het meegebring dat 'n radiostel

---

1) Vergelyk p. 1

in 1923 in Suid-Afrika as 'n gevaarlike besitting beskou is. Regulasies van die Poskantoorowerheid het dan ook bepaal dat 'n lisensie deur die Posmeester-generaal teruggetrek kon word as dit volgens hom in die openbare belang was.[2]

## 2. VOORLOPERS IN EUROPA EN ELDERS

Alvorens die geskiedenis van die Suid-Afrikaanse Uitsaaikorporasie voor die Tweede Wêreldoorlog verder geskets word, moet daar ter wille van 'n betreklike geheelbeeld aandag geskenk word aan die stigting van 'n paar van die uitsaaistelsels vóór 1936 in Europa en elders in die wêreld. Klankradiodienste het eers omstreeks 1920 tot stand begin kom en beeldradiostelsels teen 1936.[3] Die meeste lande het teen 1930 oor goedgevestigde radiostelsels beskik. Die getal uitsaaistasies het toegeneem van sowat 600 aan die einde van 1925 tot 1 300 in 1935 en minstens 10 000 vroeg in die jare sestig.

Gedagtig aan die feit dat die S.A.U.K. op die patroon van die British Broadcasting Corporation gestig is, ook met die behulp van sy amptenare, is dit gerade om eers na ontwikkeling in Brittanje te kyk. Die B.B.C. is op 1 Januarie 1927 gestig en word bestuur kragtens 'n

---

2) Rhodes, T.A.F.: Broadcasting before the S.A.B.C. was created (1924 - 1936) 'n Afgerolde verslag, p. 1.
3) Encyclopaedia Britannica, voll. 4. Londen, 1967, p. 245.

Koninklike Oktrooi wat gereeld hersien word.[4] Dit het ontwikkel uit 'n onderneming wat vyf jaar tevore deur 'n konsortium vervaardigers van radiostelle as 'n handelsonderneming begin is. In 1926 is dié onderneming op aandrang van die Kommissie van Ondersoek en die Besturende Direkteur omgeskep in 'n prototipe openbare korporasie. Só het die toekomstige B.B.C. die eerste liggaam in Brittanje geword waaraan die bestuur van 'n landwye diens toevertrou is wat nie regstreeks verantwoording aan die Parlement verskuldig was nie.

Radio-ontwikkeling in Noord- en Sentraal-Amerika dateer reeds van voor die Eerste Wêreldoorlog en het daarna vinnig toegeneem.[5] Die eerste bekende radio-uitsending in die Verenigde State van Amerika is op Kersaand 1906 op Brant Rock, Massachusetts, onderneem.[6]

In Duitsland het die Departement van Poswese ná die Eerste Wêreldoorlog radiosenders gebou wat deur onafhanklike maatskappye gebruik kon word.[7] Nege streekprogramfirmas het tussen 1922 en 1924 tot stand gekom, en die bekende Deutsche Welle is in Januarie 1926 gestig.

---

4) Scupham, J.: Broadcasting and the Community in The New Thinker's Library. Londen, 1967. p. 43.
5) Emery, W.B.: National and International Systems of Broadcasting. Michigan, 1969. p. 6.
6) Encyclopaedia Britannica, vol. 4., p. 249.
7) Brack, H.: German Radio and Television: Organization and Economic Basis. Keulen, 1968. p. 9.

In 1905 het die Australiese Parlement 'n wetsontwerp goedgekeur wat die Posmeester-generaal gemagtig het om onder meer lisensies vir uitsaaidoeleindes toe te staan.[8] Etlike radiostasies is daarop gestig. Nuwe regulasies is in 1924 uitgevaardig ingevolge waarvan die radiostasies in twee klasse verdeel is: A- en B-stasies, onderskeidelik gefinansier uit luisteraarslisensies en advertensies. 'n Latere ontwikkeling in Australië was die stigting van die Australian Broadcasting Commission in 1932.

Wat Kanada betref, is die eerste wetgewing t.o.v. radiokommunikasie ook in 1905 goedgekeur.[9] Die eerste lisensie vir radio-uitsendings is in 1919 toegeken aan die "Marconi Wireless Telegraph Company" vir proefnemings in Montreal. Drie jaar later is gereelde handelsuitsendings onderneem, en in 1923 was 34 sulke stasies reeds in werking.

Wat lande in Afrika betref, het Suid-Afrika, as die modernste en ontwikkeldste staat op dié sub-kontinent, die voortou geneem met die ontwikkeling van radiostasies. Dit is nodig om vervolgens aandag aan hierdie ontwikkeling aan die suidpunt van Afrika te skenk.

---

8) Emery, p. 492.
9) Ibid, p. 45.

## 3. RADIO-ONTWIKKELING IN SUID-AFRIKA TOT 1924

Die geskiedenis van die uitsaaiwese in Suid-Afrika tot 1924 sal beter in perspektief gesien kan word ná dié kort uiteensetting van die radio-ontwikkeling in 'n paar verteenwoordigende state en sub-kontinente. Daar sal gemerk word dat Marconi se uitvinding in sommige lande stadiger tot volle ontwikkeling gekom het as in ander. Dit het ook gegeld vir Suid-Afrika, wat in 'n groot mate toegeskryf kan word aan die feit dat hy so ver geleë is van Europa waar die ontwikkeling begin het.

Die regulasies waarna reeds verwys is vir sover dit Suid-Afrika betref,[10] was die eerste maatreëls van owerheidsweë wat t.o.v. radio-uitsendings in Suid-Afrika getref is. Hulle is op 3 Augustus 1923 in 'n regeringskennisgewing gepromulgeer ten einde misbruik van die radio-uitvindsel te voorkom en beheer in te stel. Dié regulasies kan ook beskou word as die eerste vorm van beheer t.o.v. die radiowese in Suid-Afrika wat van staatsweë ingestel is. In 1936 is dit vervang met Wet Nr. 22, die „Uitsaaiwet van 1936", wat op 1 Augustus in daardie jaar in werking getree en die geboorte van die S.A.U.K. aangedui het. Dit het 'n nuwe bedeling vir die radiowese ingelui,

---

10) Vergelyk p. 10.

want 'n outonome beheerraad is onder meer ingevolge dié wet ingestel wat in die plek van die regeringsregulasies beheer oor die uitsaaimedium in die land oorgeneem het. Dit het egter nie die toekenning van 'n lisensie vir uitsaaidoeleindes deur die Posmeester-generaal vervang nie.

Radio-uitsendings vir die publiek het laat in 1923 nader aan verwesenliking gekom toe proefuitsendings vir musiekkonserte in Johannesburg plaasgevind het onder beskerming van die sogenaamde "South African Railways Broadcasting Committee", bygestaan deur radio-amateurs, musici en tegnici van die "Western Electric Company".[11] Dié firma het 'n medium-frekwensiesender van 1 kilowatt voorsien. Die posisie tot 1924 het dus neergekom op pogings van staatsweë om misbruik van dié nuwe uitvindsel te voorkom. Die beginsel van „in die openbare belang" het tóé reeds gegeld.

Die sender wat vir die proefuitsendings in Johannesburg gebruik is, is later tot die beskikking gestel van die "Scientific and Technical Club", wat as die eerste gereelde uitsaai-onderneming bestempel kan word. Vir uitsaaidoeleindes, waarmee daar op 1 Julie 1924 begin is, het dit gefunksioneer onder die naam

---

11) Rhodes, p. 1.

"A.S. & T. Broadcasting Company". Lisensiegeld kon binne 'n omtrek van 100 myl van Johannesburg ingevorder word, en die uitsendings is onder meer behartig deur sir F. Spencer Lister, dr. A.R. Orenstein en mnr. J.R. Thurlow.[12)]

Ingevolge die destydse regulasies kon 'n uitsaaier kontrakte met luisteraars aangaan, ontvangstoestelle verhuur en kontrakte met adverteerders sluit. Advertensies moes nie meer as 10 persent van die totale uitsaaityd in beslag neem nie, of voorkom meer as een keer per uur, of vir langer as ses minute aaneen in enige uur, sonder die skriftelike toestemming van die Posmeester-generaal nie. 'n Uitsaaier is verbied om enige nuus, behalwe suiwer plaaslike nuus of inligting "in the nature of local news",[13)] uit te saai tensy sulke nuus verkry is van óf gemagtig is deur die uitgewer van 'n nuusblad of 'n nuusagentskap nie.

Die regulasies van 1924 het ook gelui dat 'n „uitsaaier" enige persoon is wat 'n lisensie van die Posmeester-generaal verkry het om "a service of broadcasting telephony"[14)] te stig. Hy moes so gou

---

12) Rhodes, p. 5
13) Ibid, p. 3.
14) Ibid, p. 2.

moontlik uit eie bronne 'n uitsaaistasie inrig wat aan die vereistes voldoen en wat sterk genoeg sou wees om maklik oor 'n afstand, soos in die lisensie gemeld, uit te send. Dit was vyf jaar geldig, en die Posmeester-generaal kon dit volgens sy eie voorwaardes hernieu of 'n hernuwing weier. Waar dit teen omstreeks 1924 vir bykans enigiemand wat dit kon bekostig, dus moontlik was om 'n uitsaaidiens te vestig, daar het ons teen 1936 en vandag nog die posisie dat dit die alleenreg van die S.A.U.K. is om uitsendings vir alle bevolkingsgroepe in die land te behartig. Die Staat het besef dat dit nodig was om radio-uitsendings en -beheer te sentraliseer, aangesien daar toe reeds in die ander provinsies tekens was dat Marconi se uitvinding tot ontwikkeling op radiogebied gelei het.

## 4. ONTWIKKELING ELDERS IN DIE LAND

'n Mylpaal is teen die einde van 1924 bereik met die eerste gereelde radio-uitsendings in Suid-Afrika, wat deur die Staat beheer is. Net luisteraars in en om Johannesburg kon die diens egter benut, maar die regulasies het ontwikkeling elders in die land nie uitgesluit nie. Transvaal was destyds veral op finansiële en ekonomiese gebied die rykste provinsie

in Suid-Afrika. Die hele land kon egter nie op so 'n vroeë stadium deur 'n swak sender uit een sentrum bedien word nie. Dit was gou duidelik dat ontwikkeling op radiogebied elders sou plaasvind, want "the best prospect for broadcasting as an activity involving the whole community lies in the development of local stations".[15)]

4. 1 <u>Kaapstad</u>

Die "Cape Peninsula Publicity Broadcasting Association Ltd., Cape Town" het op 15 September 1924 deur middel van 'n mediumgolfsender van 1½ kilowatt begin uitsaai. Die bestralingsgebied het naastenby van Kaapstad tot by Knysna, en tot by Upington, in die Noordweste, gestrek. Dié uitsaaistasie is geopen deur die destydse Minister van Poswese en Telegrafie, mnr. Tommy Boydell, wat hulde gebring het aan die ondernemingsgees en opoffering van diegene wat ter wille van 'n openbare diens radio-uitsendings in die Moederstad en omstreke moontlik gemaak het. Die sender is aan die C.P.P.B.A. geskenk deur sir David de Villiers Graaff, wat as die „vader" van die radiowese in Kaapland bestempel word.

---

15) Scupham, p. 62.

## 4. 2 Durban

Die elektrotegniese ingenieur van die Durbanse munisipaliteit, mnr. John Roberts, het aan die einde van 1922 al 'n uitsaaidiens vir Durban en omgewing voorgestel. Hy is gevra om tydens 'n vakansie in 1923 in Engeland alle aspekte van so 'n diens te ondersoek, en 'n standaard-mediumgolfsender van 1½ kilowatt, soortgelyk aan dié wat in Londen, Wallis, Skotland en in die Noorde van Engeland gebruik is, is ná sy terugkeer bestel. Dit is 'n bewys van die feit dat Suid-Afrika op radiogebied, ondanks die groot afstand van die brandpunt van radio-ontwikkeling, tred gehou en op sommige gebiede selfs die voortou geneem het. "The world's pioneer municipal broadcasting station"[16] het in Oktober 1924 op 'n perseel in North Ridgeweg, Durban, met uitsendings begin, en is op 10 Desember dieselfde jaar deur die burgemeester, mnr. T.M. Wadley, geopen.[17]

---

16) Rhodes, p. 6.

17) Die afdelingsingenieur van die S.A.U.K. (Natal) sê op 15 April 1946 in 'n verslag: "The main feature of the Ridge Road Station was the Marconi 'Q' type transmitter. Since it was originally installed in 1924 it has provided listeners with programmes for approximately 66 000 hours. Today, after such a fine record, it has transmitted it's last session and awaits demolition".

Teen die einde van 1924 was daar gevolglik drie uitsaai-ondernemings in Suid-Afrika wat onafhanklik van mekaar en onder afsonderlike beheer opgetree het. Dit het gou vir hulle duidelik geword dat gesamentlike optrede ten opsigte van gemeenskaplike uitsaaiprobleme nodig was, en op 2 Oktober 1924 het 'n informele vergadering met die Posmeester-generaal in Johannesburg met die oog daarop plaasgevind. Op voorstel van die Posmeester-generaal is besluit om 'n formele konferensie van alle uitsaaidienste op 18, 19 en 20 November dieselfde jaar in Kaapstad te hou waarop die stigting van 'n Suid-Afrikaanse Uitsaairaad oorweeg sou word. Die Minister van Poswese en Telegrafie het op 24 November 1924 verklaar dat dié Raad amptelik erken sal word as die skakel in verband met alle sake rakende gemeenskaplike belang.[18)]

Die drie jong onafhanklike uitsaaistasies het uit die staanspoor veral finansiële probleme ondervind. Gevalle het voorgekom van mense wat na die programme luister sonder om jaarliks lisensiegeld te betaal. Roofluister was dan ook die vernaamste rede waarom die stasie in Johannesburg op 31 Januarie 1927 gesluit moes word. 'n Tydelike diens is egter deur die "Transvaal Radio Society" ingestel nadat 'n

---

18) Rhodes, p. 7.

lisensie vir ses weke vir dié doel verkry is.[19]
Dit was duidelik dat drastiese stappe deur die Staat gedoen moes word om die uitsaaisienste, wat op wankelende bene gestaan het, te red. Dit was 'n geleentheid om terselfdertyd 'n radiodiens vir ander dele in die land te voorsien. Die finansiële vraagstukke wat so gou ondervind is, het die Minister, mnr. Madeley, genoodsaak om ander maatreëls te oorweeg ten einde dié waardevolle nuwe diens nie te onderbreek nie.

## 5. DIE "AFRICAN BROADCASTING COMPANY"

'n Sake-onderneming wat finansieel sterk genoeg was om 'n uitsaaidiens in stand te hou, die Schlesinger-organisasie, het vroeg in die jare twintig reeds in so 'n moontlikheid belang gestel. Ondanks die feit dat dit in stryd was met staatsbeleid dat 'n lisensie vir uitsaaidoeleindes aan 'n sake-onderneming toegestaan word, het die Minister van Poswese en Telegrafie ná heelwat beraadslagings besluit dat dit die enigste organisasie was wat dadelik hulp kon verleen.[20]
Die organisasie se voorwaardes was dat 'n lisensie vir 'n uitsaaidiens vir tien jaar moes geld, aangesien dit onekonomies sou wees indien dit oor 'n korter tydperk sou strek. Die uitsaaistasies in Johannesburg en Kaapstad moes ook bereid wees om hulle

---

19) Ibid, p. 12.
20) Ibid, p. 26.

lisensies af te staan aan die "African Broadcasting Company" wat die onderneming voornemens was om te stig. 'n Waarborg sou aan die Regering gegee word vir die nodige bedrag vir die instelling van 'n radiodiens vir die hele land.[21)]

Sommige lede van die betrokke komitee wat die uitsaaistasie in Johannesburg beheer het en waarvandaan die A.B.C. sou uitsaai, was verbaas dat toestemming deur die Minister verleen is aan 'n winsmakende onderneming om met 'n landwye diens te begin. Die volle komitee het egter besluit "that in the interest of the listening public this Committee sees no objection to the Government continuing its negotiations with regard to the granting of a licence for broadcasting".[22)] Op 1 Maart 1927 is die Schlesinger-organisasie deur die Minister in kennis gestel dat die Staat bereid is om 'n lisensie aan die "African Broadcasting Company" toe te staan sodra dit gestig is.

Die land is deur die A.B.C. in vier streke verdeel, met Johannesburg, Kaapstad, Durban en Grahamstad as uitsaaisentrums. Die stasie in Grahamstad moes binne ses maande in werking wees, anders sou dié gebied en die lisensiegeld tussen Durban en Kaapstad

---

21) Skrywer se onderstreping.
22) Ibid, p. 28.

verdeel word. Ook is voorgestel dat 'n lisensie by enige poskantoor uitgeneem kan word, tesame met die Posmeester-generaal se aandeel van 5/-. Dié Reëling het op 1 Januarie 1925 in werking getree.[23] 'n Bedrag van £50 000 is deur die organisasie beskikbaar gestel vir die instelling van die diens, waarvan net 20 persent deur die publiek in aandele opgeneem is.

Die "Transvaal Radio Society" se laaste uitsendings was op 31 Maart 1927, en die African Broadcasting Company het op 1 April dieselfde jaar begin uitsaai. Op 5 Mei 1927 het die A.B.C. die "Cape Peninsula Broadcasting Company" vir £6 000 uitgekoop en op 1 Junie 1927 ook uit Kaapstad met uitsendings begin. Ook die Durbanse munisipaliteit, wat teen 'n verlies uitgesaai het, het sy belange kort daarna verkoop.

Die Schlesinger-organisasie moes in al vier sentrums ateljeegeriewe inrig. Die eerste ateljee in Johannesburg is in April 1924 in die gebou van Stuttafords aangebring, en vier maande nadat die A.B.C. gestig is, is uitgesaai van ateljees in die private Royal-teater in Breëstraat. Uitsaaihuis in Commissionerstraat, waarvandaan nou nog uitgesaai word, is in Julie 1937 geopen.[24] In Kaapstad het

---

23) Ibid, p. 8.
24) Ibid, p. 43.

die A.B.C. se ateljees kort-kort van plek verwissel. Dit was ook eers in die gebou van Stuttafords, is toe na die Groenteparkplein verskuif en was later in 'n gebou in Loopstraat. 'n Ateljee in Riebeeckstraat is in 1934 in gebruik geneem.[25] Deurdat die munisipaliteit van Durban in 1924 die eerste uitsendings in Natal behartig het, is ateljees in die stadsaal ingerig. Nuwe ateljees in Aliwalstraat is op 15 Julie 1935 geopen.[26] Tydelike akkomodasie in Grahamstad is aanvanklik van 'n sake-onderneming gehuur. Beter geriewe is later ook in die stadsaal verkry, en uitsendings daarvandaan het in November 1935 'n aanvang geneem.[27]

'n Mediumgolfsender van 10 kilowatt, byna sewe keer sterker as enigeen van die senders wat voorheen vir uitsendings in Suid-Afrika gebruik is, was mettertyd by elke uitsaaisentrum in werking. Teen 1927 het die A.B.C. oor altesaam agt golflengtes uitgesaai, nl. een langgolf-, drie mediumgolf- en vier kleiner kortgolflengtes. Dié uitsendings was feitlik uitsluitlik in Engels. Tussen agt- en tienuur in die oggend is aan Afrikaans afgestaan.[28].

---

25) Ibid, p. 43.
26) Ibid, p. 43.
27) Ibid, p. 44.
28) Santampos, November 1963, 'n artikel deur F. Mastenbroek.

Daar is allerweë verwag dat die getal lisensies aansienlik sou toeneem, veral met die oog op die beter programme en gesentraliseerde beheer, maar die resultate was teleurstellend. Selfs die ingebruikneming van 'n mediumgolfsender van 10 kilowatt op Maraisburg, wat op 22 Oktober 1928 in werking gestel is, het die posisie nie verander nie. Teen die einde van 1929, 33 maande nadat die A.B.C. met uitsendings begin het, was daar maar 17 225 gelisensieerde luisteraars in die land teenoor 13 114 toe die diens ingestel is.[29)] As gevolg van roofluister en ander probleme en groot verliese wat met die verkoop van radiostelle gely is, het die geldelike posisie van die A.B.C. só versleg dat die maatskappy in April 1929 aansoek om likwidasie gedoen het.[30)] Die getal lisensies het toe nie een persent van die Blanke-bevolking verteenwoordig nie. Die Staat wou nie die diens subsidieer nie, en die Posmeester-generaal het daarop in 'n verslag aanbeveel dat die uitsaaistelsel in Suid-Afrika aangepas word by dié in Brittanje, en dat 'n vorm van beheer soortgelyk aan dié van die B.B.C. ingestel word.[31)]

Die ywer en moed van die Schlesinger-organisasie om die hele land van 'n radiodiens te voorsien, moet

---

29) Rhodes, p. 33.
30) Ibid, p. 45.
31) Ibid, p. 45.

bewonder word. Die geldelike vraagstukke wat veral tussen 1927 en 1930 ondervind is, het die African Broadcasting Company egter op sy knieë gedwing. Die 50 000-kerf vir sover dit lisensies betref, kon eers teen die einde van 1932 bereik word, en daarbenewens moes dit teen die middel van 1934 vir die organisasie duidelik gewees het dat dit onwaarskynlik was dat sy lisensie in 1937 hernieu sou word. Pogings om, afgesien van herleistasies, ook soos in Brittanje van hooflyne van die Poskantoor gebruik te maak, het ook misluk vanweë die swak gehalte daarvan, die groot afstande, 'n gebrek aan ondergrondse kabels en atmosferiese steurings.[32)]

6. DIE REITH-VERSLAG - 'N OMWENTELING

Die verskillende ministers van poswese en telegrafie het tussen 1927 en 1933 tot vier gevolgtrekkings gekom:

(a) dat die radio van onskatbare waarde is as 'n middel tot onderrig en vir ontspanning;
(b) dat dit van groot waarde vir die Staat is om 'n eenvoudige, vinnige en ekonomiese verbindingskanaal tussen die Regering en die volk te skep;

---

32) Ibid, p. 41.

(c) dat die moontlikhede van die radio só groot is dat dit nie deur private ondernemings beheer behoort te word nie; en

(d) dat die luisteraars meer en meer omgekrap word deur onderbrekings in die diens, al is dit net vir 'n kort tydperk.[33]

Die belangrikste gevolgtrekking wat gemaak kan word, is dat die Staat tot die slotsom gekom het dat die uitsaaidiens in Suid-Afrika behoorlik beheer moet word. Vanweë die moontlikhede wat dit ook vir die Staat ingehou het, is in daardie vroeë stadium gemeen dat die Regering daaruit voordeel kon trek, en die Minister, mnr. Madeley, het gevolglik verklaar (toe die Schlesinger-organisasie aansoek gedoen het om 'n hernuwing van die lisensie) dat "ten years was his limit, as the State would take over broadcasting eventually, because of its potentiality".[34]

Sir John Reith (later lord Reith) was toe die Direkteur-generaal van die B.B.C., en optrede het gou gevolg ná 'n besoek van die Posmeester-generaal aan Brittanje vroeg in Mei 1934. Op sy aanbeveling het die eertydse Eerste Minister, genl. J.B.M. Hertzog, sir John ("recognised as the greatest authority on

---

33) Ibid, p. 47.
34) Ibid, p. 46.

the administration of broadcasting in the world"[35]) na Suid-Afrika genooi om oor die hele kwessie van die uitsaaiwese verslag te doen. Sir John het op 24 September 1934 in die land aangekom, en sy verslag is op 21 Maart die volgende jaar gepubliseer.

Hierdie verslag is van die grootste belang vir die radiowese in Suid-Afrika, aangesien dit gelei het tot maatreëls ingevolge waarvan die Suid-Afrikaanse Uitsaaikorporasie tot stand gekom het. Die Reith-verslag het daarop neergekom dat die radiowese in Suid-Afrika geskoei moet word op dieselfde lees as dié in Brittanje. Die aanbevelings kan kortliks soos volg saamgevat word:

(a) Onmiddellike stappe moet gedoen word om inligting te verkry vir die ingebruikneming van genoeg kragtige senders om ontvangs deur middel van betreklik eenvoudige toestelle in alle dele van die land moontlik te maak. So 'n landwye dekking moet deur die Staat gesubsidieer word.

(b) Ten einde die beste programmateriaal sekere tye van die dag aan die hele land beskikbaar te stel, moet die senders d.m.v. bevredigende telefoon-lyne met mekaar verbind word.

---

35) Ibid, p. 49.

(c) Die programbeleid moet geformuleer word in die wete dat daar 'n vraag ontstaan na goeie stof as dit goed aangebied word. Dit moet in gedagte gehou word dat die uitsaaiwese die ware pad na inligting en verantwoordelikheid is.[36)]

Finansiële steun deur die Staat sou meebring dat 'n beheerliggaam gestig word wat aan die hoof sou staan van 'n openbare nutsmaatskappy, aangesien die nodige dienste nie deur die Poskantoor aan 'n private maatskappy verleen kon word nie. Sir John Reith het ook in sy verslag die mening uitgespreek dat die Staat die geld beskikbaar moet stel vir die instelling van 'n landwye uitsaaidiens, wat deur 'n openbare korporasie onderneem moet word.[37)] Hy meen dat die volste ontwikkeling van so 'n diens in alle rigtings nie moontlik is as dit deur 'n winsmakende onderneming beheer word nie. "I recommend the formation, under the aegis of the State en by Statute, of a public Corporation to acquire, carry on and develop the work of the African Broadcasting Company Ltd., and that (except only in so far as necessarily conditioned by the Statute) this Corporation should be a free, autonomous body".[38)]

---

36) Reith, sir J.C.W., C.B.E., U.G., nr. 18, 1935. Verslag oor Uitsaaibeleid en Ontwikkeling -- aanbevelings verkort deur die S.A.U.K.
37) Ibid, p. 1 - 2.
38) Ibid, p. 2.

In die Reith-verslag word ook aanbeveel dat 'n beheerraad van ses of sewe lede deur die Goewerneur-generaal-in-rade aangestel word. Minstens een van die lede moet 'n vrou wees. "The whole responsibility and authority should be vested in the Board, and neither the Chief Executive nor any official should have any statutory authority".[39] In die hoofstuk oor die verhouding van die S.A.U.K. teenoor die Staat sal verder daarop ingegaan word in hoeverre die Korporasie "a free, autonomous body" is, soos sir John dit in die vooruitsig gestel het.

Verder sal daar 'n hoofkwartier wees met verantwoordelike programdirekteure in die vernaamste streeksentrums: Kaapstad, Durban-Pietermaritzburg, Port Elizabeth-Oos-Londen, Johannesburg-Pretoria en Bloemfontein. Uitsendings sal ook geskied uit hierdie sentrums vir elke betrokke streek. Ondanks die feit dat voorstelle ingedien is vir afsonderlike senders vir die twee taalgroepe, het sir John gemeen dat dit vanweë sowel tegniese as programprobleme onprakties sou wees. Ander aanbevelings was die stigting van adviserende komitees (ten einde die belangstelling en samewerking te verkry van deskundiges oor alle sake wat in die diens weerspieël sal word) en 'n skoolradiodiens.

39) Ibid, p. 4.

In Maart 1935, kort nadat die Reith-verslag in die Parlement ter tafel gelê is, het die Minister van Poswese en Telegrafie, mnr. Clarkson, gesê dat die Regering genoodsaak word om sy eie verantwoordelikheid te erken vanweë die feit dat die uitsaaidiens hom so stewig as deel van die lewe van die volk gevestig het. "The Government has come to the conclusion that it is time South Africa followed the lead of almost all other countries in this matter and placed broadcasting in the position of being owned by the public in whose interests it exists, and that it should no longer remain in the hands of commercial enterprise".[40] Hy sê die Regering het besluit dat die lisensie van die African Broadcasting Company nie hernieu sal word wanneer dit in Maart 1937 verstryk nie, maar dat 'n organisasie op die grondslag van 'n openbare nutsonderneming gestig sal word om die diens voort te sit. 'n Wetsontwerp sou vroeg in die volgende parlementsitting ingedien word. Volgens die Minister was mnr. Schlesinger bereid om die diens selfs vóór die verstryking van die lisensie aan so 'n organisasie te oorhandig. Die A.B.C. het op 31 Julie 1936 opgehou funksioneer.

---

40) Rhodes, p. 52.

Die Staat het, sowat elf jaar ná die eerste gereelde uitsendings in Suid-Afrika, tot die besef gekom dat dit die Regering se plig teenoor sy onderdane is om 'n sterk, landwye uitsaaidiens in die lewe te roep. Die pogings tot dusver was genoegsame bewys dat die privaatsektor veral weens finansiële probleme dit nie kon behartig nie. 'n Radiodiens as massakommunikasiefaktor was boonop van sulke groot belang dat 'n afsonderlike openbare organisasie met 'n eie beheerliggaam gestig moes word volgens die voorbeeld van die B.B.C. en ander uitsaaistelsels oorsee.

## 7. DIE SUID-AFRIKAANSE UITSAAIKORPORASIE

### 7. 1 Die Uitsaaiwet van 1936

Die S.A.U.K. is ingevolge Wet Nr. 22 van 1936, die sogenaamde „Uitsaaiwet van 1936", in die lewe geroep, en het begin funksioneer op dieselfde dag as wat die wet van krag geword het, nl. op 1 Augustus 1936. Kragtens Artikel 16(1) het die Korporasie die bates en laste van die African Broadcasting Company vir £300 000 oorgeneem - die prys wat deur arbitrasie vasgestel is.[41] Obligasies vir dié bedrag is teen 6 persent rente per jaar ten gunste van die A.B.C. uitgereik en later afgelos.

---

41) Ibid, p. 53.

Die oogmerke van die Korporasie word in Artikel 12 van die Uitsaaiwet, soos gewysig, onder meer soos volg uiteengesit:

(a) om 'n uitsaaidiens binne die Republiek (destyds die Unie) en die Gebied van Suidwes-Afrika voort te sit; en

(b) om, op versoek van die Minister en op voorwaardes as wat hy mag voorskryf, die uitsaai van programme vir ontvangs deur luisteraars in enige land of gebied buite die Republiek te onderneem.

Die eerste beheerraad van die S.A.U.K. wat deur die Goewerneur-generaal-in-rade benoem is, het op 1 Augustus 1936 in Johannesburg vergader. Die lede was:[42]

Voorsitter: mnr. M.C. Botha (Pretoria) - Sekretaris van Onderwys.

Onder-voorsitter: mnr. H.R. Solomon (Johannesburg) - prokureur.

Mnr. A.J. de Kock (Port Elizabeth) - voorsitter van Boere-saamwerk Bpk.

Mnr. L.W. Deane (Bloemfontein) - geoktrooieerde rekenmeester.

Kol. G.M. Molyneux (Durban) - pensionaris.

---

42) Ibid, p. 54.

Mev. C.M. Edeling (Bloemfontein) - huisvrou.

Prof. C.M. van den Heever (Johannesburg) -
Universiteit van die Witwatersrand, en

Sir John Carruthers Beattie - Rektor van die
Universiteit van Kaapstad.

Die S.A.U.K. het hom uit die staanspoor daarvoor beywer om 'n stelsel te ontwikkel wat sou voldoen aan die behoeftes wat geskep is deur die geografiese, topografiese en rasse- en ander probleme van die land.[43] Teen 1936 was daar nog 'n gebrek aan landlyne van hoë gehalte tussen Johannesburg, Kaapstad en Durban, en die sentrums moes onafhanklik van mekaar funksioneer. Elkeen moes in die begin daagliks twee volle programme van sowat 16 uur verskaf.[44] 'n Groot leemte is egter toe nog gevoel deurdat die Afrikaanssprekendes in die land nie programme na verhouding in hulle eie taal ontvang het nie.

## 7. 2 Afrikaans kom tot sy reg

In die Uitsaaiwet van 1936 word bepaal dat die kulture van albei taalgroepe deur die S.A.U.K. in ag geneem moet word in sy programbeleid. Die Korporasie het sy diens aanvanklik ten volle tweetalig

---

43) "The S.A.B.C. - our broadcasting service" - 'n S.A.U.K.-publikasie, Desember 1949.
44) S.A.U.K.-jaarverslag, 1950, p. 5.

probeer maak, maar dié proefneming was 'n mislukking, en die gebruik van die twee amptelike tale in dieselfde program moes laat vaar word. Die kultuúr-opdrag kon net nagekom word deur twee volledige, afsonderlike dienste in te stel.[45)]

Afrikaans was teen 1937 die moedertaal van sowat 84 persent van die Blankes op die platteland, wat nie volledig deur middel van mediumgolf-uitsendings bereik kon word nie. Die uitgestrektheid van Suid-Afrika en die verspreiding van sy bevolking het die gebruik van kortgolfsenders genoodsaak, en dit het probleme vir sowel tegnici as luisteraars geskep. Die daaglikse veranderings wat aan die golflengte aangebring moes word en die onbetroubaarheid van die seine, is twee voorbeelde. 'n Kortgolfdiens was egter die enigste moontlike oplossing om die grootste aantal luisteraars, meesal Afrikaanssprekend, so gou moontlik tevrede te stel. Dit was die enigste praktiese metode om redelike ontvangs vir al die Afrikaanssprekendes te bied.[46)]

Die gevolg was dat die Suid-Afrikaanse Uitsaaikorporasie binne die laaste twee jaar voor die uitbreek

---

45) "The S.A.B.C. - our broadcasting service", p. 7.
46) Ibic, p. 7.

van die Tweede Wêreldoorlog en binne die eerste paar jaar van sy bestaan, sy dienste verdubbel het met die instelling van 'n volwaardige diens in Afrikaans.[47] Die kortgolfsenders op Klipheuwel en Voortrekkerhoogte (Robertshoogte) van 5 kilowatt elk, is daarvoor aangewend, en soveel mediumgolfsenders as moontlik is daarna bygevoeg.[48] Die S.A.U.K. het daarna gestreef om 'n gelyke diens aan albei blanke taalgroepe te lewer, maar dié planne is in 'n groot mate belemmer deur die uitbreek van die Tweede Wêreldoorlog.

## 7. 3 Die Tweede Wêreldoorlog strem ontwikkeling

Vir die ontwikkeling van die radiowese in Suid-Afrika kan dit beslis as ongelukkig bestempel word dat die Tweede Wêreldoorlog, waarin Suid-Afrika ook 'n rol sou speel, uitgebreek het kort ná die stigting van die S.A.U.K. Dit sou lank duur voordat dié agterstand ingehaal kon word. Streng beperkings is geplaas op die gebruik en aankoop van senders en ontvangstoestelle. Van verdere uitbreiding ná die klein begin op radiogebied in die land was daar geen

47) "The S.A.B.C. Magazine", 20 November 1954.
48) Senders is aan die Afrikaanse en Engelse Dienste toegeken op die breë veronderstelling dat die Engelstalige luisteraars meesal in die stedelike gebiede gekonsentreer was, en dat die Afrikaanssprekendes veral oor die plattelandse streke versprei was.

sprake solank as wat die oorlog voortgeduur het nie, aangesien radiotoerusting soos senders en lugmaste nie beskikbaar was nie. By geleentheid van die 25-ste verjaardagviering van die uitsaaiwese in Natal word bv. geskryf: "Even today conditions arising out of the war are to some extent hampering the natural expansion of the S.A.B.C."[49] Maar selfs vroeër, teen 1944-47, is 'n dringende behoefte aan toereikende akkomodasie vir die steeds stygende behoeftes van die uitsaaiwese (wat in 1945 mondig geword het) in veral Kaapstad en Durban ondervind. Bouplanne is egter deur noodregulasies en die skaarste aan boumateriaal en ambagsmanne gestrem.[50]

Veral die Afrikaanse programuitsendings het gedurende die oorlog 'n ernstige terugslag ondervind toe die gebruik van die kortgolfsender op Robertshoogte (nou Voortrekkerhoogte) weens militêre redes eers ingekort en later heeltemal opgeskort is. Met die oog op so 'n moontlikheid is 'n kortgolfsender van 5 kilowatt vir onmiddellike aflewering reeds in Junie 1940 bestel,

---

49) "The S.A.B.C. - our broadcasting service", p. 2.
50) S.A.U.K.-jaarverslag, 1947, p. 7. Die tekort aan lugmaste is oorbrug deur vindingryke tegnici wat volgens 'n bekende beginsel 'n manier ontwerp het om vier afsonderlike programme gelyktydig van een mas af uit te saai. So is sewe maste gespaar uit elke agt wat andersins nodig sou gewees het. Besonder ingewikkelde bykomende masjinerie moes daarvoor ontwerp en gebou word.

maar dit kon as gevolg van die oorlog nie betyds afgelewer word nie. Die sender is eers in Februarie 1941 in ontvangs geneem.

## 8. SAMEVATTING

Die tydperk tussen 1924 en die einde van die Tweede Wêreldoorlog in 1945 kan bestempel word as die periode waartydens die klankradiodiens in Suid-Afrika sy beslag gekry het. 'n Groot verskeidenheid faktore het daartoe gelei dat daar nie dadelik met 'n omvattende diens vir die hele land begin kon word nie en die gebrek aan genoeg finansiële bronne kan as die vernaamste genoem word. Die wankelende baanbrekeruitsaaistasies in Johannesburg, Kaapstad en Durban moes deur 'n geldelik kragtige privaat-onderneming, die "African Broadcasting Company", gefinansier deur die Schlesinger-organisasie, oorgeneem word. Die A.B.C. kon die mas egter ook nie opkom nie. Die Staat het egter teen die middel van die jare dertig sy verantwoordelikheid t.o.v. die radiowese begin besef en ná 'n verslag van sir John Reith oorgegaan tot die stigting van die Suid-Afrikaanse Uitsaaikorporasie. Die uitsaaiwese in die land sou voortaan behoorlik beheer word.

Daardie beginjare word ook gekenmerk deur 'n poging

van die S.A.U.K. om aan die Afrikaanssprekende luisteraar 'n eie volwaardige diens te gee. Dit het meegebring dat daar van kortgolfsenders gebruik gemaak moes word met die oog op die uitgestrektheid van die platteland. Die uitbreek van die Tweede Wêreldoorlog het ontwikkeling op hierdie gebied ongelukkig gestrem. Dit was egter duidelik dat die land gereed was vir skouspelagtige vordering op die gebied van die radiowese. Die Korporasie het reeds tot met die mondigwording van die uitsaaidiens in Suid-Afrika in 1945 groot hoogtes bereik in sy poging om aan die kulture van albei blanke taalgroepe reg te laat geskied. Met die oorlog het in die weg gestaan van verdere groot vooruitgang.

HOOFSTUK 3

# ONTWIKKELING IN DIE UITSAAIWESE SEDERT DIE TWEEDE WÊRELDOORLOG

## 1. INLEIDING

Dit sou verkeerd wees om te beweer dat ontwikkeling op die gebied van die uitsaaiwese in Suid-Afrika tydens die Tweede Wêreldoorlog heeltemal afwesig was. Die oorlog het, ironies genoeg, 'n geleentheid tot konsolidasie gebied van dít wat voor die oorlog bereik is, veral vir sover dit die nuwe Afrikaanse programdiens geraak het. Die geskiedenis van die radio in Natal is 'n goeie voorbeeld van die vordering wat ondanks die oorlog in Suid-Afrika gemaak is. Die huidige Direkteur-generaal (Programme), mnr. Douglas Fuchs, sê in 1949 in 'n S.A.U.K.-publikasie, „25 Jaar Radio in Natal", dat die getal uitsaai-ure per week in Natal alleen van 35 in 1924 tot sowat 200 in 1949 uitgebrei het.[1] Altesaam 525 buite-uitsendings ('n gevaarlike onderneming in die begin!) is in 1948 deur die Durbanse stasie alleen behartig. Sowat 3 400 landwye uitsendings is in dieselfde jaar uit Durban gedoen - 'n seldsame en opwindende gebeurtenis vir die personeel 25 jaar gelede!

---

1) <u>25 Jaar Radio in Natal</u>, 1949, p. 3.

"The war came and went, but in its wake followed development plan after development plan. By the time 1953 arrived those three studios we started with had split their sides".[2] Tydelike persele is in Durban in Radiohuis, Gardinerstraat, betrek, ruimte in twee ander geboue is in Kaapstad verkry en in Johannesburg was die hoofkantoor later oor vyf geboue versprei.[3]

Die beheerraad moes ná die oorlog voortdurend ernstige oorweging skenk aan die talle probleme van na-oorlogse ontwikkeling. Dit het die publikasies van 'n eie radioblad vir luisteraars, wetenskaplike luisternavorsing, die ontwikkeling van uitsendings vir die Bantoe-bevolking en tegniese verbeterings en ontwikkeling, waaronder frekwensie-modulasie, ingesluit.[4] Om die gladde aanbieding van 'n groot aantal uitsendings moontlik te maak, het die Korporasie 'n skema van „kontinuïteitsuite"-werking aanvaar. Dit vorm vandag nog die grondslag van al sy ateljee-ontwerpe en -konstruksie. Dié suite, wat bestaan uit twee ateljees en 'n kontrolekamer, voorsien op ekonomiese wyse in die behoeftes vir die uitsending van roetineprogramme. Daarbenewens is „produksiesuites", met

---

2) S.A.B.C. Magazine, November 1954, p. 3.
3) Die hoofkantoor was in die jare sestig 'n ruk lank op 'n perseel van 18 acre by "Northwards" in Parktown, Johannesburg, maar planne om ateljees daar te bou, is laat vaar, en die eiendom is verkoop.
4) S.A.U.K.-jaarverslag, 1944, p. 6.

omvattender ateljee- en kontrolegeriewe, ook in gebruik gestel.

Die stygende koste verbonde aan alle aspekte van die uitsaaiwese, gepaard met die wete dat daar paal en perk aan die S.A.U.K. se moontlike inkomste gestel is, het teen 1945 'n bron van groot kommer vir die beheerraad begin word. Dit was duidelik dat groot welslae mettertyd behaal is met die uitbouing van die twee Blanke-kultuurdienste, maar dat daar nog 'n groot aantal luisteraars was wat nog nie bereik is nie. Pogings is dadelik in die werk gestel om 'n bykomende bron van inkomste te kry en om hierdie ander luisteraars in uitsendings belang te laat stel en lisensiegeld te laat betaal. Aandag sou ook geskenk moes word aan 'n beter en sterker kortgolfdiens vir luisteraars op die platteland, waarby die uitgestrekte Suidwes-Afrika ingesluit was. Soos die meeste ander state sou oorweging mettertyd geskenk moes word aan 'n buitelandse diens. Ook die ontvangs van programme in die digbevolkte gebiede van die land en die minder verafgeleë streke moes geleidelik verbeter word om steurings te verminder en sover moontlik uit te skakel. 'n Ander aspek wat ook in die ontwikkelingsplanne nie uit die oog verloor moes word nie, was die voorsiening van radiodienste vir die land se Nie-Blanke volke.

## 2. 'N DERDE PROGRAMDIENS - SPRINGBOKRADIO

Die instelling van 'n tweede, parallelle diens in Afrikaans twee jaar ná die stigting van die S.A.U.K. het neergekom op 'n verdubbeling van uitgawe sonder 'n ooreenstemmende toename in inkomste. Ongelukkig was dit onmoontlik om na willekeur die nodige senders te koop te kry en die nuwe diens moes met behulp van twee gehuurde senders gelanseer word. Voordat die Korporasie sy eie senders kon aankoop om hulle te vervang, het die oorlog uitgebreek en is uitbreiding in 'n mate gestrem omdat toerusting van hierdie aard heeltemal onverkrygbaar was. Die beskikbare toerusting moes ondertussen so doeltreffend moontlik gebruik word. Die senders is aan die twee dienste, Afrikaans en Engels, toegeken op die breë veronderstelling dat die Engelssprekende luisteraars hoofsaaklik in die stedelike gebiede saamgetrek was, terwyl die Afrikaanssprekende luisteraars grotendeels op die platteland verspreid gewoon het.

In hierdie bevolkingsdistribusie het daar gedurende die oorlog 'n groot verandering ingetree en aan die einde van die oorlog was dit duidelik dat die sendkrag van die Afrikaanse Diens in die stede net so groot sou moes word as dié van die Engelse Diens.

Hierbenewens moes die Korporasie 'n nuwe en baie ernstige probleem onder die oë sien. In die jare sedert die uitbreek van die Tweede Wêreldoorlog het die prys van toerusting en die koste van alle dienste so buitensporig gestyg dat die normale aanwas van lisensiegelde nie daarmee tred kon hou nie. Die beoogde ontwikkeling van die uitsaaidiens sou onmoontlik wees tensy die Korporasie een van twee dinge doen: die lisensietarief aansienlik verhoog of 'n nuwe bron van inkomste vind. Ten einde regverdig te wees teenoor albei seksies van die Blanke luisterpubliek, het die mening bestaan dat die lisensietarief nie verhoog moes word alvorens die sendkrag van die twee dienste gelyk gemaak kon word nie. Gevolglik het die Korporasie besluit om eerder 'n derde programdiens, met advertensies, in te stel.[5)]

Handelsuitsendings was teen 1945 reeds 'n algemene kenmerk van die radiodienste van ander Westerse state. Die nuwe handelsdiens, Springbokradio, is op 1 Desember 1946 deur die S.A.U.K. aangekondig nadat die Korporasie op 7 September dieselfde jaar in die Parlement gevra is „om so gou doenlik reëlings te tref vir die instelling van 'n addisionele programdiens wat beskikbaar gestel sal word vir die

---

5) S.A.U.K.-publikasie: „Die Suid-Afrikaanse Uitsaaikorporasie", 2 Mei 1955, p. 3.

uitsending van programme wat deur of namens adverteerders opgestel en aangebied sal word".[6] „Daar word gemeen dat die Korporasie hierdeur in staat gestel sal word om uitvoeriger en beter programme aan te bied; dat die vergoeding van allerlei deelnemers en programpersoneellede verhoog sal kan word; en dat dit die geleentheid sal bied vir die volste addisionele en alternatiewe program sonder dat dit hulle 'n pennie ekstra kos".[7]

Volgens die jaarverslag van die Korporasie vir 1945 was die Beheerraad van mening dat die nuwe diens nie toegelaat moet word om die normale ontwikkeling van die twee bestaande dienste in enige opsig te belemmer nie. Die instelling van handelsuitsendings sou gelyktydig met die algemene ontwikkeling van die bestaande Afrikaanse en Engelse dienste geskied. Die Direkteur-generaal van die Korporasie sou ook handelsuitsendings in Frankryk, Kanada en Amerika bestudeer. Dié diens sou aan die regmatige eise van die handelsgemeenskap voldoen en die programme sou bestaan uit geskikte materiaal wat aangebied word deur adverteerders, advertensiemaatskappye en organisasies wat tot stand gebring word om programme aan adverteerders te verskaf. Dit sou as die C-stelsel

---

6) S.A.U.K.-jaarverslag, 1946, p. 6.
7) Ibid, p. 6.

bekend staan.[8]

Die besluit van die Beheerraad om met 'n handelsdiens te begin en sodoende sy inkomste met die verkoop van programtyd te verhoog, het heelwat reaksie uitgelok. Die Minister van Pos-en-Telegraafwese het dit ook raadsaam geag om 'n kommissie van ondersoek na uitsaai-aangeleenthede, insluitende die voorneme om met kommersiële uitsendings te begin, aan te stel. Die kommissie se verslag het in 1948 verskyn en die bewindsaanvaarding van die Nasionale Party in dieselfde jaar het stellig meegebring dat daar nie veel van die aanbevelings tereg gekom het nie.

Wat handelsuitsendings betref, is aanbeveel dat 'n beperkte aantal lisensies as 'n proefneming vir beperkte tydperke aan private persone of maatskappye toegestaan word en dat die Korporasie belet word om so 'n diens te bestuur;[9] die Posmeester-generaal behoort 'n komitee aan te stel waarin die belangrikste liggame of groepe wat in handelsuitsendings

---

8) In die begin was dit die gebruik om soms na die Engelse Diens as die A-program te verwys en na die Afrikaanse sender as die B-program, moontlik omdat hy eers later gestig is. Hierdie verwysing bestaan glad nie meer nie.

9) Verslag van die Kommissie van Ondersoek insake Uitsaaidienste, 1948, p. 73.

belangstel, verteenwoordig word en om hom behulpsaam te wees met die opstel en toepassing van 'n kode van etiese reëls en standaarde van goeie smaak en ordentlikheid vir handelsuitsendings; en 'n handelsuitsaailisensie behoort onderhewig te wees aan die voorwaarde dat die houer 'n sekere persentasie (sê 10 persent) van sy bruto-inkomste ten bate van die Korporasie betaal.

Ná sowat twintig maande se intensiewe voorbereiding is Springbokradio, 'n kulturele diens met advertensies, op 1 Mei 1950 met welslae gelanseer. Dié diens het reeds sy mondigwording gevier. „Daardeur het die luisteraars 'n derde alternatiewe program bygekry, sonder enige verhoging van hulle lisensiegelde, terwyl die nuwe diens tegelykertyd 'n kragtige stimulus aan die nywerheidslewe van ons land verskaf het".[10) Meer as 90 persent van die beskikbare tyd was reeds teen die einde van 1950 deur advertensies opgeneem en adverteerders het op 'n tweede soortgelyke diens begin aandring.

Springbokradio is weens onoorkomelike moeilikhede eers net tot Transvaal beperk, met 'n kortgolfdiens vir ander dele. Op 1 Oktober 1950 is dit na Natal

---

10) S.A.U.K.-jaarverslag, 1950, p. 4.

uitgebrei en twee maande later na die Vrystaat en Port Elizabeth nadat nuwe senders in gebruik geneem en die nodige landlyne beskikbaar gestel is. Die volle net van die diens het op 1 Oktober 1951 in werking getree en daar is toe 124 uur per week uitgesaai. Teen die einde van 1951 het meer as 30 persent van die diens se programme bestaan uit suiwer Suid-Afrikaanse materiaal wat deur plaaslike kunstenaars opgevoer en aangebied is.[11)]

Die voordele van die uitsaaistelsel in Suid-Afrika in vergelyking met dié in sommige ander lande het in hierdie vroeë stadium reeds duidelik begin blyk. Onder die gekoördineerde beheer van een organisasie, die S.A.U.K., steun die openbare diens en die handelsdiens mekaar geldelik, maar behou tegelyk daardie gesonde gees van wedywering wat so onontbeerlik vir 'n lewenskragtige uitsaaidiens is. 'n Ander groot voordeel is die feit dat die Korporasie, nieteenstaande sy toetrede tot die handelsterrein, die karakter van 'n openbare instelling behou, in diens van die hele gemeenskap. Alle inkomste, uit lisengeld of uit advertensies, kan net aangewend word vir die verbetering van die diens in die algemeen en

---

11) S.A.U.K.-jaarverslag, 1951, p. 4.

word dus teruggegee aan die luisteraars en die adverteerders.[12)]

3. DIE RADIO BARS UIT SY NATE

Die ongekende uitbreiding op alle terreine van die uitsaaiwese sedert die einde van die Tweede Wêreldoorlog en die toenemende aantal uitsaai-ure per dag, het 'n nypende tekort aan akkomodasie in al die groot sentrums veroorsaak. In Pietermaritzburg en Grahamstad moes motorhuise tydelik gebruik word vir die installering van senders met die koms van Springbokradio.[13)] 'n Nuwe sendstasie op Brackenfell, naby Kaapstad, is op 29 September 1951 deur die Minister van Pos-en-Telegraafwese geopen,[14)] en in April 1953 is 'n nuwe ateljeegebou in Pietermaritzburg in gebruik geneem. 'n Nuwe sendstasie op Pietersburg het op 1 Julie 1953 in werking getree en moderne werkswinkels is terselfdertyd in Judith Paarl, Johannesburg, voltooi. Ook 1954 was 'n bedrywige jaar in dié opsig. Die Eerste Minister, dr. D.F. Malan, het die hoeksteen van die nuwe ateljeegebou in Drieankerbaai op 30 Januarie gelê, en 'n sendstasie en skakelsentrum vir Kimberley is op

---

12) S.A.U.K.-jaarverslag, 1950, p. 4.
13) S.A.U.K.-jaarverslag, 1951, p. 38.
14) Ibid, p. 5.

3 Augustus in werking gestel. Die S.A.U.K. se nuwe hoofkantoorgebou is op 22 November geopen deur die Minister van Pos- en Telegraafwese, mnr. Tom Naudé.[15] Die uitbreidingsplan het tot 1955 sowat R4 760 000 beloop en is deur middel van skuldbriewe gefinansier.[16] As gevolg van die geweldige ontwikkelingstempo ná die oorlog kon die S.A.U.K. nie dadelik daarvoor betaal nie. Die toevlug is tot skuldbriewe geneem, waarvoor in die Uitsaaiwet van 1936 voorsiening gemaak is.

In "S.A.B.C. Magazine" van 20 tot 26 November 1954 word gemeld dat die Korporasie met 'n sug van verligting op die vorige tien jaar kan terugkyk - 'n tydperk van feitlik voortdurende woelinge waarvan die meeste nie deur die luisteraar waargeneem kon word nie. Hy was feitlik onbewus van die harde werk sedert die oorlog om die Afrikaanse en Engelse Dienste te verbeter en te moderniseer. "All this stress and strain among our back-room boys left the listener with three smoothly-flowing programmes; it left the broadcaster with the worst bout of growing pains he had ever experienced".[17]

---

15) S.A.U.K.-jaarverslag, 1954, p. 4.
16) S.A.U.K.-jaarverslag, 1955, p. 4.
17) S.A.B.C. Magazine, 20 November 1954, p. 3.

Ontwikkeling in 1955 sluit in die opening van die ateljeegebou in Seepunt, Kaapstad, op 25 Oktober deur die Minister van Pos- en Telegraafwese, mnr. J.J. Serfontein. Vroeër dieselfde jaar is 'n begin gemaak met bouwerk aan 'n nuwe ateljeegebou in Pretoria, wat op 30 April 1957 geopen is. Toe Uitsaaihuis in Johannesburg in 1957 te koop aangebied is, het die Beheerraad besluit om dit te koop ten einde 'n onderbreking in die uitsaaidiens tydens die oprigting van 'n nuwe ateljeegebou te voorkom en om groter doeltreffendheid te verseker deur die Korporasie se werksaamhede in Johannesburg sover moontlik daarin te konsentreer. Die koopkontrak is in Desember 1957 gesluit, waarkragtens die S.A.U.K. die oordrag in Februarie 1958 sou kry en volle besit teen die einde van 1959. Die koopsom het R1 060 000 beloop.[18)]

Die vooruitgang en ontwikkeling wat die S.A.U.K. sedert sy stigting in 1936, maar veral sedert die Tweede Wêreldoorlog gemaak het, is tydens sy mondigwording in 1957 deur die destydse Eerste Minister, adv. J.G. Strijdom, die Voorsitter van die eertydse Beheerraad, dr. S.H. Pellissier, en die Direkteur-generaal, mnr. Gideon Roos, geskets. Adv. Strijdom sê in die program by geleentheid van 'n feeskonsert

---

18) S.A.U.K.-jaarverslag, 1957, p. 2 - 3.

in die Johannesburgse stadsaal op 6 Augustus 1957: „In die kort tydperk van 21 jaar is 'n merkwaardige uitsaaidiens in ons land opgebou wat hom feitlik op elke terrein van die lewe met groot effek laat geld. Nie alleen is die radiowese een van die wetenskaplike wonderwerke van hierdie eeu nie, maar dit het daarbenewens 'n magtige invloed ten goede of ten kwade in die lewe van die mensdom geword".[19] Dr. Pellissier het gesê: „Ons Korporasie het uit die staanspoor groot dienste aan ons land bewys, en het reeds al onmisbaar geword in die kulturele en maatskaplike lewe van die volk".[20] „Die groei van die diens gedurende die afgelope 21 jaar was merkwaardig, maar die toekoms sal seker nog meer opwindend wees",[21] aldus mnr. Roos.

## 4: UITBREIDING VAN DIE KORTGOLFUITSENDINGS

In hoofstuk 2, waarin die geskiedenis van die S.A.U.K. tot die Tweede Wêreldoorlog uiteengesit is, is onder meer gemeld[22] dat Afrikaans eers veel later as Engels tot sy reg gekom het met die instelling van 'n volwaardige diens. Die probleem wat in daardie

---

19) Feesprogram vir mondigwordingskonsert in die Johannesburgse stadsaal op 6 Augustus 1957.
20) Ibid.
21) Ibid.
22) Vergelyk p. 34

stadium opgelos moes word, was die feit dat so baie Afrikaanssprekendes op die platteland gewoon het en nie na mediumgolfuitsendings, wat toe nog byna uitsluitlik onderneem is, kon luister nie.

Die besluit van die Beheerraad in 1952 om 'n groot sendstasie, toegerus met nege sterk kortgolfsenders, naby Bloemfontein op te rig, was 'n belangrike stap met verreikende betekenis vir veral dié luisteraars. Sowat 220 morg tien myl besuide Bloemfontein is aangekoop vir die sendstasie, wat as „Paradys" bekend sou staan. Elkeen van die drie programdienste sou op twee golflengtes gelyktydig uitgesaai word tot voordeel van luisteraars van albei Blanke taalgroepe in verafgeleë, dunbevolkte streke.[23] „Paradys" is in die eerste helfte van 1956 voltooi, en vier van die nege senders is op 1 Augustus in gebruik geneem. Uit die staanspoor was die skema 'n groot sukses en luisteraars in gebiede waar die ontvangs swak was, kon voortaan beter ontvangs geniet. Die kontrak met die Poskantoor vir die huur van die kortgolfsender by Klipheuwel, met behulp waarvan die eerste Afrikaanse diens in Oktober 1937 gelanseer is, is terselfdertyd gekanselleer.[24]

---

23) S.A.U.K.-jaarverslag, 1952, p. 5.
24) S.A.U.K.-jaarverslag, 1956, p. 3.

Suidwes-Afrika is 'n groot gebied waarvan die inwoners ook uitsluitlik van kortgolfuitsendings afhanklik is. Vanweë die feit dat dié gebied ver geleë is van enigeen van die oorspronklike drie uitsaaisentrums, en ook omdat dit so dunbevolk is, kon die inwoners nie voor laat in die jare veertig na radio-uitsendings uit Suid-Afrika luister nie.

In die jaarverslag van die Korporasie in 1948 word gemeld dat die Beheerraad al 'n hele paar jaar bewus is van die behoefte aan 'n spesiale uitsaaidiens vir Suidwes-Afrika se inwoners. Die Uitsaaiwet moes egter eers gewysig word alvorens stappe in dié rigting gedoen kon word. Onderhandelings is in 1948 met die Administrasie van Suidwes-Afrika aangeknoop en in oorleg met die Administrateur en die Uitvoerende Komitee is die Paradys-kortgolfstasie só beplan dat Suidwes-Afrika binne die dekkingsveld van al drie programdienste val.[25] Wet Nr. 14 van 1949 (S.W.A.) het die Uitsaaiwet gewysig en die Korporasie gemagtig om 'n uitsaaidiens na Suidwes-Afrika in te stel. Dit kan tegelyk beskou word as 'n groen lig vir die instelling van die Afrikadiens, wat later Radio RSA, die S.A.U.K. se buitelandse diens, geword het.[26]

---

25) S.A.U.K.-jaarverslag, 1956, p. 5.
26) S.A.U.K.-jaarverslag, 1949, p. 8.

In April 1949, toe Wet Nr. 14 op die Wetboek geplaas is, is begin om 'n kortgolfdiens na Suidwes-Afrika in te stel, bestaande uit 'n keur van die programme van die Afrikaanse en Engelse dienste. Luisteraars in Suidwes-Afrika kon toe luister na 'n diens om die beurt in Afrikaans en Engels, wat nie oral in dié gebied duidelik opgevang kon word nie. Ten einde 'n beter kortgolfdiens aan die hele Suidwes-Afrika te voorsien, het die beheerraad in 1965 twee senders van 100 kilowatt elk bestel. In Desember 1966 is dié senders in gebruik geneem en is die Afrikaanse Diens en die diens in Engels op verskillende tye oor albei senders na dié gebied herlei. Proefnemings is egter deur ingenieurs gedoen om 'n nuwe bedeling in te stel en sowat 'n jaar later is die Afrikaanse Diens voltyds oor een sender en die Engelse Diens voltyds oor die ander sender na dié gebied gestraal.

Verdere ontwikkeling in Suidwes-Afrika het in die tweede helfte van 1969 gekom toe 'n moderne ateljeegebou in Windhoek in gebruik geneem is. Teen die einde van 1968 is geboue in Windhoek en Oshakati, Ovambo, asook 'n ontvangstasie in Windhoek voltooi[27] vir die instelling van volwaardige dienste vir dié gebied se inboorlingvolke. Die eerste openbare

---

27) S.A.U.K.-jaarverslag, 1968, p. 13.

radio-uitsendings in die geskiedenis uit Suidwes-Afrika is op 1 Desember 1969 uit Windhoek oor frekwensie-modulasie gehoor. Tans is daar drie F.M.-inboorlingdienste, nl. een in Herero (Radio Herero), een in twee Ovambo-tale (Radio Ovambo) en een in Nama en Dama (Radio Nama-Dama).[28)]

## 5. BUITELANDSE UITSENDINGS

### 5. 1 'n Afrikadiens.

Daar is genoem dat Wet Nr. 14 van 1949 (S.W.A.) wat die Uitsaaiwet van 1936 gewysig en die Korporasie gemagtig het om 'n uitsaaidiens na Suidwes-Afrika in te stel, as 'n groenlig vir die instelling van die S.A.U.K. se Afrikadiens beskou kan word.[29)] Suid-Afrika het daarmee 'n begin gemaak met radio-uitsendings na lande buite sy grense, en meer bepaald Afrika. 'n Buitelandse diens vir 'n staat is grotendeels 'n na-oorlogse verskynsel. Dié terrein is heel eerste betree deur die Sowjet-Unie wat propaganda vir die Kommunistiese ideologie daarmee beoog en steeds nastreef. Lande wat ná Rusland met buitelandse radiodienste begin het, sluit in Brittanje,

---

28) 'n Metode om kortgolfuitsendings uit die Republiek in S.W.A. in F.M. oor te sit, is vervolmaak. FM-ontvangs van die Afrikaanse en Engelse dienste is reeds in April 1969 onderneem.
29) Vergelyk p. 53

Amerika en Duitsland.

'n Goeie voorbeeld van die omvang wat die wêreld se grootmoondhede se buitelandse radiodienste bereik, is die aktiwiteite van Rusland op dié gebied. Dit bied 'n goeie insae in wat Rusland doen om lande en individue tot die Kommunistiese ideologie oor te haal. Die Sowjet-Unie het reeds in die jare twintig in al die vernaamste wêreldtale programme uitgesaai,[30] 'n paar jaar ná die Kommunistiese Rewolusie! Tot 1967 het Rusland se buitelandse diens van 53 tale gebruik gemaak in sy uitsendings na alle wêrelddele.[31)] Sendstasies wat oor 7 000 km. van die Baltiese See tot by die See van Japan strek, word daarvoor ingespan. Anders as Suid-Afrika, hou Rusland hom egter nie by een van die grondbeginsels vir 'n buitelandse diens, soos deur die Verenigde Volke neergelê is nie, nl. dat geen land sy uitsaaistelsel mag misbruik om die rus en vrede in 'n ander land te ondermyn nie. Twee ander beginsels is dat oorlog nie daarmee aangehits mag word nie en dat net die waarheid weergegee mag word.[32)]

---

30) Scupham, J.: Broadcasting and the Community, in THE NEW THINKER'S LIBRARY. Hoofredakteur: Raymond Williams. Londen, 1967, p. 218.
31) Ibid, p. 8.
32) S.A.U.K.-plaatopname: Dr. Verwoerd tydens die opening van die sendstasie te Bloemendal, Meyerton, op 27 Oktober 1965.

Die Afrikadiens het sy oorsprong te danke aan 'n besluit van die S.A.U.K. se Beheerraad in 1952 dat twee van die nege nuwe kortgolfsenders by die Paradys-sendstasie gebruik sal word om 'n diens aan alle gebiede in Afrika besuide die ewenaar te voorsien.[33] 'n Beperkte diens is twee jaar tevore al ingestel met behulp van twee senders van 20 kilowatt van die Poskantoor, en „daarmee is 'n naam opgebou met sy akkuraatheid, onpartydigheid en die waarheid sodat dié diens aanvaar word as een van die bestes en betroubaarstes ter wêreld".[34] Dié diens van Voortrekkerhoogte af was onmiddellik 'n sukses en het uit die staanspoor alle verwagtinge oortref, te oordeel aan talle briewe wat selfs uit lande soos Japan, Borneo, Malakka, Indië, Pakistan, Israel, Engeland, Nederland, Italië en Duitsland ontvang is.[35] Geen spesiale programme is heel in die begin vir die buitelandse diens opgestel nie - net die normale Afrikaanse en Engelse programme is daagliks om die beurt herlei.

---

33) S.A.U.K.-jaarverslag, 1952, p. 45.
34) Die Minister van Pos-en Telegraafwese, dr. A. Hertzog, tydens Bloemendal-opening - plaatopname.
35) S.A.U.K.-jaarverslag, 1950, p. 5.

## 5. 2 'n Volwaardige afdeling „Buitelandse Dienste"

'n Afdeling Buitelandse Dienste is op 1 April 1964 ingestel met die opdrag om Suid-Afrika en sy mense, hul vooruitgang en prestasies, hulle lewenswyses en ideale d.m.v. spesiale programdienste in verskillende tale na die buitewêreld te projekteer. Die Korporasie het hierin in die voetspore gevolg van sekere radio-organisasies wat iedereen, naas die binnelandse diens(te), ook een of meer buitelandse dienste in verskeie tale met presies dieselfde doelstellings onderhou.[36] Teen die einde van 1964 is daagliks van Maandag tot Vrydag, benewens 'n keur uit Afrikaans, Engels en Springbokradio, twee spesiale programme van 'n driekwartier elk, een in Frans en een in Portugees, na verskillende teikengebiede uitgesaai. Sondagaande is 'n program van godsdienstige aard in Swahili uitgesaai.

Met die instelling van dié nuwe afdeling is die programpatroon van die ou Afrikadiens gereorganiseer. Spesiale programme het herleidings aangevul en daar is ook begin om nuus uit te saai. Verantwoordelike standpunte t.o.v. sake van die dag is toegelig in oorsigte van wêreldgebeure en gebeure in Afrika.

---

36) S.A.U.K.-jaarverslag, 1964, p. 8.

Die breë beleid van Suid-Afrika van vriendskaplike samewerking met ander lande en volke sonder inmenging in mekaar se huishoudelike sake, word steeds daarin positief gestel.[37] 'n Transkripsiediens waarmee in 1961 begin is, is by die afdeling Buitelandse Dienste ingeskakel. Spesiale programme is teen 1964 gratis aan 582 uitsaaistasies in Wes-Europa, Noord- en Suid-Amerika, Afrika, die Midde-Ooste, Nieu-Seeland en Thailand, Maleia, Serewak, die Filippyne en Japan gestuur vir gebruik in hulle binnelandse dienste.[38]

5. 3 Dr. Verwoerd open Bloemendal

Die S.A.U.K. se hoofsendstasie vir sy Buitelandse Dienste is op 27 Oktober 1965 deur die destydse Eerste Minister, wyle dr. H.F. Verwoerd, by Bloemendal, Meyerton, digby die Vaal-driehoek, geopen. „Die S.A.U.K. het van die begin af noulettend sorg gedra dat sy buitelandse diens nie in die heersende internasionale propaganda-oorlog betrek sal word nie. In ons nuusdienste en ons kommentare handhaaf ons 'n streng beleid van feitelikheid en objektiwiteit.

---

37) S.A.U.K.-jaarverslag, 1964, p. 24.
38) Ibid, p. 25.

Die resultaat van hierdie beleid, en van die professionele manier waarop ons ons programme aanbied,[39] is nie alleen dat die getal buitelandse luisteraars vinniger toeneem as dié van enige ander vergelykbare buitelandse diens nie, maar dat dit in toenemende mate beskou word as een van die mees betroubare dienste vandag in die wêreld".[40] Twee van dr. Verwoerd se ander aanhalings tydens die opening in albei tale is: „As daar een land is wat nie aggressiewe oogmerke het nie, is dit Suid-Afrika". "The broadcasting systems of the world should become the greatest means to international peace that we have at our disposal".

Dr. Verwoerd het ook op Bloemendal gesê dat die S.A.U.K. 'n tweeledige doel met sy buitelandse diens het: "To allow the truth about South Africa and South Africa's goodwill to become known throughout the world, and the second is to be able to counter what is so harmful to the well-being of this continent and of civilization as a whole". Hy het bygevoeg dat ons almal in Afrika ken deurdat ons deel is van Afrika en daarom kan ons kennis, ens. aan hulle gee in die vorm wat hulle die beste kan verteer. Ons is egter ook deel van Europa. Hy het daarop gewys dat Suid-

---

39) Die diens in Duits is in 1969 aangewys as die tweede beste deur 'n radio-organisasie buite Duitsland en die diens in Frans het in Desember 1972 dieselfde onderskeiding behaal.

40) S.A.U.K.-jaarverslag, 1966, p. 6.

Afrika verplig was, en nie daarop geregtig nie, om die sendstasie te bou, aangesien geen ander medium blykbaar beter daarin slaag om welwillendheid oor te dra nie. „Ons sal met heldere klank en met duidelike woorde in die tale van die wêreld die wêreld wil laat hoor wat van Suid-Afrika waar is. As ons die boodskap van die waarheid kan bring na dié wat wil luister, en al is dit nie almal wat wil luister nie, sal daar in die wêreld genoeg mense van goeie gesindheid wees en regerings wat gereed is om vrede na te strewe wat, wanneer hulle ons boodskap hoor, daarna dienooreenkomstig te handel".

Wyle dr. Verwoerd word in die S.A.U.K. se jaarverslag van 1966 bestempel as die „borg" van die S.A.U.K. se Buitelandse Dienste. Die sendstasie op Bloemendal word ook na hom vernoem as blywende hulde en 'n nagedagtenis van sy bydrae tot die uitbouing van die grootste kommunikasiemedium in die land. Die naamgewing is in 1967 deur sy opvolger, mnr. B.J. Vorster, waargeneem.[41] „Sy (dr. Verwoerd) se dood op 6 September 1966 is 'n buitengewoon gevoelige en griewende verlies, omdat die Korporasie sy groot vooruitgang van die afgelope ses jaar in hoë mate te danke het aan die begrip en visie van die oorledene

41) S.A.U.K.-jaarverslag, 1967, p. 9.

en die steun wat daaruit voortgevloei het. Dit is die goedkeuring en die leningsgeriewe van die Staat wat die S.A.U.K. in staat gestel het om die enorme FM-skema aan te pak en waardeur ook die tegniese apparatuur geskep kon word om die Bantoe-bevolkingsgroepe van radiodienste te voorsien".[42)]

5.4 Radio RSA - die „Stem van Suid-Afrika"

In 1966, twee jaar ná die skepping van 'n afdeling Buitelandse Dienste in die Korporasie, is 'n volwaardige diens vir die buiteland verder as die vasteland van Afrika ingestel. Die „Stem van Suid-Afrika" word sedertdien deur vier kragtige senders van 250 kilowatt elk na Afrika, Wes-Europa, die Midde-Ooste, Australasië en Noord-Amerika gedra. Toe Radio RSA op 1 Mei 1966 in werking gekom het, is 15 uur per dag in Afrikaans, Engels, Frans, Portugees, Swahili en Tsonga uitgesaai.
Afgesien van een uitsending per dag na Brittanje en Europa in Engels, was al die uitsendings op gebiede in Afrika gemik. Sedert 4 September 1966 word 'n groter deel van Afrika en ook die Midde-Ooste bestryk en is daar ook vier uitsendings van 55 minute elk per dag na die Verenigde State van Amerika en Kanada,

42) S.A.U.K.-jaarverslag, 1966, p. 3.

sodat Radio RSA aan die einde van 1966 20 uur per dag op die lug was.[43]

Altesaam 24 nuusbulletins is in die begin per dag aangebied - 16 van 8 minute elk en agt flits-bulletins van twee minute elk, benewens nuuskommentaar 16 keer per dag. Sedert 4 September 1966 is 36 bulletins daagliks aangebied, waaronder 12 in flitsvorm, asook 24 daaglikse nuuskommentare. Radio RSA se uitsendings is op 5 Maart 1967 na Europa uitgebrei en op 5 Mei 1968 is ook begin met daaglikse uitsendings na Australië en Nieu-Seeland - een uitsending van 50 minute na elkeen van dié twee lande. Suid-Afrika se stem kan tans oor die hele Afrika, Europa, die V.S.A., Kanada, Australië en Nieu-Seeland gehoor word en al gebiede wat nog nie bestryk word nie, is dele van Latyns-Amerika en die Verre Ooste.

Die S.A.U.K. se Buitelandse Diens het sedert die eerste nederige uitsendings in 1950 só ontwikkel en uitgebrei dat daar tans 28 uur per dag in nege tale uitgesaai word, nl. in Afrikaans, Engels, Frans, Portugees, Duits, Nederlands, Swahili, Tsonga en ChiChewa. Daar is nou daagliks 52 nuusbulletins, waarvan 19 flitsbulletins is, en 32 nuuskommentare.

---

43) S.A.U.K.-jaarverslag, 1966, p. 29

„Radio RSA streef steeds daarna om nuusbulletins te verskaf wat akkuraat, feitelik en objektief is, want dit bepaal die geloofwaardigheid van die hele diens, aangesien die luisteraar Radio RSA se nuus kan kontroleer teen sy eie bronne. Luisteraarsreaksie en kommentaar bevestig dat hy daarin slaag".[44)]

Die goeie vordering wat met die buitelandse dienste gemaak is en gemaak word, is in 'n groot mate die resultaat van die Korporasie se volgehoue en amptelike kontakte met radio- en televisie-organisasies in Afrika, Wes-Europa, die V.S.A., Kanada en die Ooste. Die deelname aan die Prix Italia- en die Japanprys-kompetisie, lidmaatskap van die "European Broadcasting Union", noue skakeling met radio-organisasies in Afrika en die regstreekse inskakeling by die grootste en belangrikste nuusverspreiders-organisasies en elektroniese firmas in die wêreld, maak die S.A.U.K. se optrede binne wêreldverband maklik en vrugbaar.[45)]

## 6. FM - 'N TOWERSLAG

In afdelings 4 en 5 is die ontwikkeling op kortgolf-gebied in Suid-Afrika, veral sedert Augustus 1956

---

44) S.A.U.K.-jaarverslag, 1968, p. 33.
45) S.A.U.K.-jaarverslag, 1966, p. 6.

met die ingebruikstelling van „Paradys" naby Bloemfontein, uiteengesit. Aandag is eers in dié opsig geskenk aan die voorsiening van bevredigende kortgolfontvangs in Suid-Afrika en Suidwes-Afrika en daarna aan 'n buitelandse diens waarop Suid-Afrika trots kon wees. Dit is geen oordrywing om te beweer dat die S.A.U.K. se buitelandse diens vandag onder die bestes ter wêreld gereken word wat sowel trefkrag en dekking as betroubaarheid en objektiwiteit betref nie. Kommentaar van letterlik duisende luisteraars wat gereeld uit elke uithoek van die wêreld ontvang word, getuig daarvan.

Die ingenieurs van die Korporasie het egter nie die mediumgolfuitsendings afgeskeep nie en die amptelike opening van die S.A.U.K. se FM-diens op 14 September 1962 deur dr. Verwoerd was die kroon op werk wat reeds in 1943 aangevoor is - net ses jaar nadat die Korporasie met een langgolf-, sewe mediumgolf- en vier kortgolfsenders tot sy beskikking gestig is! Die ongeëwenaarde ontwikkeling sedert omstreeks 1959 sou nie moontlik gewees het sonder die instelling van die BHF-FM-stelsel nie. „Die beplanning en ontwikkeling van die Korporasie se BHF-FM-uitsendings is een van die mees ambisieuse en dramatiese ondernemings in die geskiedenis van die uitsaaiwese".[46] Dit is

---

46) S.A.U.K.-publikasie „FM in Suid-Afrika".


te danke aan die Beheerraad se vaste voorneme om die ondubbelsinnige opdrag in die Uitsaaiwet ten uitvoer te bring, nl. dat „die Korporasie die belange van die Engelse, Afrikaanse en Bantoekultuur in gedagte sal hou by die opstel van sy uitsaaiprogramme",[47) asook die Korporasie se begeerte om die heel beste radio-vermaak aan Suid-Afrikaanse huise te bied.

Die FM-diens is een van die grootstes en modernstes in sy soort en plaas die uitsaaistelsel in Suid-Afrika op gelyke voet met dié van ander lande dwarsdeur die wêreld. 'n Netwerk senders sal uiteindelik goeie ontvangs binne bereik van alle bevolkingsgroepe - stedelinge, dorpenaars, afgesonderde boere-gemeenskappe en die uitgestrekte Bantoetuislande plaas, want BHF-FM (Baie Hoë Frekwensie-Frekwensiemodulasie) is die vervolmaking van radio-uitsendings en bied hoë natuurgetroue klank en steuringsvrye ontvangs.

„Die verhaal van die uitsaaiwese in Suid-Afrika sedert die tyd toe die eerste gereelde programme in die vroeë jare twintig oor die eter gestuur is, tot die hedendaagse besonder doeltreffende, ultra-moderne BHF-FM-netwerkstelsel, is 'n verhaal van openbare diens".[48)

---

47) S.A.U.K.-publikasie „FM in Suid-Afrika".
48) Ibid.


Oshakati
Windhoek
FM-dekking 1971

Met sommige van die moeilikste toestande ter wêreld vir die ontvangs van uitsendings op die gewone golfbande en talle probleme wat ontstaan as gevolg van die noodsaaklikheid om gelyktydig 'n groot verskeidenheid programme in Afrikaans en Engels uit te saai, asook die eise wat deur die baie Bantoedienste gestel word in gedagte, het die Korporasie se ingenieurs die beste metodes begin ondersoek om die modernste en bevredigendste radio-uitsaaistelsel te ontwikkel. BHF-FM het die enigste praktiese oplossing gebied.[49)]

Die S.A.U.K. se voorneme om die gebruik van medium- en kortgolfstelsels vir binnelandse uitsendings geleidelik met 'n baie hoë frekwensiestelsel te vervang, is op 6 Desember 1960 deur die Minister van Pos- en Telegraafwese aangekondig. Die Regering het besluit om 'n lening van R2-miljoen vir 1961 aan die S.A.U.K. beskikbaar te stel om die bou van die nodige senders te bespoedig. Die hele FM-net van 127 sendstasies,

49) Uit „FM in Suid-Afrika" en S.A.U.K.-jaarverslag, 1947, p. 10. In 1943 is al vasgestel dat alle steurings binne die beperkte trefkrag van FM uitgeskakel word en dat die gehalte van die ontvangs aansienlik beter is. Praktiese gebruik van FM is reeds op 17 Februarie 1947 ter see gemaak vir 'n uitsending van die fregat "Good Hope" toe die Suid-Afrikaanse Vloot die geleide van die Britse slagskip "Vanguard", met die Britse Koninklike gesin aan boord, oorgeneem het. Nog 'n geleentheid was die feesvierings by Bloedrivier op 16 Desember 1947. Omdat geen telefoonlyne beskikbaar was nie moes 'n skakel só gevorm word tussen die feesterrein en die naaste poskantoor op Dundee.

waarin meer as 500 senders geïnstalleer sal wees, sal R36-miljoen bedra.[50] Binne twee maande nadat die Regering die skema goedgekeur het, het die Korporasie die eerste fase, die aanvanklike Transvaal-kompleks, aangepak, deur 'n tender vir die bou van die Albert Hertzog-toring in Johannesburg te aanvaar. Die toring is op 1 Februarie 1963 voltooi. Afgesien van die toring behels dié kompleks in die digsbevolkte deel in die land kleiner staalbouwerke op bergpieke naby Pretoria en Rustenburg en hoë terrein by Welverdiend. Uitsendings van hierdie senders dek 'n gebied wat van Warmbad in die Noorde, tot by Heilbron in die Suide en van Bethal in die Ooste tot by Ventersdorp in die Weste strek.

Die eerste BHF-FM-uitsendings in Suid-Afrika het aan die begin van 1962 deur middel van tydelike lugdrade aan die Albert Hertzog-toring geskied.[51] Permanente lugdrade was kort daarna gereed en is op 27 Februarie 1962 in gebruik geneem. Afgesien van die betontoring was sewe ander sendstasies teen die einde van 1962 in werking en kon die meeste inwoners van die digsbevolkte gebiede in die land reeds FM-ontvangs geniet. Teen die einde van 1963 het 48,8 persent van die totale bevolking reeds binne trefafstand van FM-senders

---

50) „Die Sondagstem", 12 Julie 1964.
51) S.A.U.K.-jaarverslag, 1962, p. 35.

gewoon,[52] nl. 70 persent van die Blankes, 48 persent van die Kleurlinge, 92 persent van die Asiate en 41 persent van die Bantoes. Sowat 60 persent van die totale bevolking kon aan die einde van 1964 uitsendings in sewe tale geniet wat afkomstig was van die twintig sendmaste wat toe al klaar was.[53] Sowat twee-derdes van die bevolking kon teen die einde van 1965 na FM-uitsendings luister,[54] aangesien die stedelike gebiede toe naastenby volledig gedek was. Sowat 80 persent van die Blankes was teen die einde van 1967 binne trefafstand van 'n FM-sendmas, 76 persent van die Kleurlinge, 99 persent van die Asiate en 77 persent van die Bantoes. Vyftig sendstasies was toe al in gebruik.

Die BHF -FM-stelsel het die S.A.U.K. ook in staat gestel om drie streekdienste in te stel, met Johannesburg, Kaapstad en Durban as uitsaaisentrums. Ofskoon die klem op deurlopende musiek en nuus op die uur sou val, sou die dienste uit die staanspoor ook advertensies bevat en het Radio Hoëveld, Radio Goeie Hoop en Radio Port Natal ook belangrike bronne van bykomende inkomste geword. Hierdie tweetalige dienste begin soggens om vyfuur op weeksdae en Saterdae

---

52) S.A.U.K.-jaarverslag, 1963, p. 9.
53) Ibid, p. 9.
54) S.A.U.K.-jaarverslag, 1965, p. 9.

(sesuur op Sondae) en sluit om middernag, wanneer Radio Suid-Afrika, die S.A.U.K. se deurnagdiens, in werking kom. Radio Hoëveld is op 1 September 1964 ingestel, Radio Goeie Hoop op 1 Julie 1965 en Radio Port Natal op 1 Mei 1967. Die getal binnelandse dienste van die Korporasie het toe op 14 staan gekom, terwyl die getal uitsaai-ure tot 195 per dag gestyg het.[55]

## 7. RADIO BANTU - 'N UNIEKE ONDERNEMING

In die Uitsaaiwet van 1936 staan dat die S.A.U.K. die belange van die Bantoevolke in die land in gedagte moet hou met die opstel van sy programme. Die eerste uitsendings vir Bantoe-luisteraars in Suid-Afrika dateer uit 1940 toe 'n stelsel gebaseer op telefoonlyne ontwerp en in werking gestel is.[56] In 1942 is 'n begin gemaak met kort uitsendings in drie tale. Hierdie uitsendings in Zoeloe, Kôsa en Suid-Sotho het eers 15 minute geduur en is op drie dae van die week aangebied.

Teen 1950 het die voorsiening van doeltreffende radiodienste vir die etniese Bantoevolke 'n dringende noodsaaklikheid geword.[57] Feitlik onoorkomelike vraagstukke is egter ondervind oor hoe dié ideaal verwesen-

---

55) S.A.U.K.-jaarverslag, 1967, p. 7.
56) Gegewens vir die opstel van toesprake vir dr. Meyer, 1969, p. 10.
57) S.A.U.K.-publikasie: FM in Suid-Afrika.

lik kon word, aangesien 'n omvattende diens in die verskillende tale sou meebring dat die hele mediumgolffrekwensieband daarvoor gebruik sou moes word. Die instelling van 'n rediffusiediens (draadradio) in Orlando in 1951, gemagtig deur 'n wysiging van die Uitsaaiwet, as 'n onderdeel van die S.A.U.K. se uitsaaistelsel, was die eerste, ofskoon tydelike, maatreël.[58] Op 1 Mei 1952 is ook in Durban en Kaapstad met 'n daaglikse rediffusiediens begin.

Die koms van frekwensie-modulasie en die FM-transistorradio, wat werk met 'n droëselbattery wat oral gekoop kan word, het die posisie heeltemal verander. 'n Beplanningskomitee o.l.v. die voorsitter van die Beheerraad, dr. P.J. Meyer, is gestig om 'n moderne uitsaaistelsel te ontwerp wat in die behoeftes van al die groepe sou voorsien. 'n Eenparige besluit ten gunste daarvan is voor die einde van November 1959 geneem en voorstelle van die Korporasie in dié verband is 'n bietjie meer as 'n maand later deur die Regering goedgekeur.[59]

Nog 'n netelige vraagstuk is met die FM-radiostel uitgeskakel, aangesien net die BHF-programme van die Suid-Afrikaanse Uitsaaikorporasie daarmee opgevang

---

58) S.A.U.K.-jaarverslag, 1951, p. 7.
59) S.A.U.K.-publikasie: FM in Suid-Afrika.

opgevang kon word. Afgesien van FM kon die Bantoe sedert 1 Junie 1960 na vier tussentydse dienste van anderhalfuur per dag vir Kôsa, Zoeloe, Noord- en Suid-Sotho-sprekendes luister op alle Afrikaanse en Engelse mediumgolfsenders van 5.30 tot 6.30 vm. (enkeles van 5.00 tot 6.30) en van 9.30 tot om 10.00 vm. op alle weeksdae en van 6.30 tot 7.30 vm. (nou van 6.00 tot 7.00) en van 9.30 tot om tienuur vm. op Sondae.[60] Binne dié beperkte uitsaaityd op mediumgolf word verteenwoordigende programme aangebied en word daar getrag om die kultuureie van die Bantoe sy neerslag te laat vind. Pogings word ook aangewend om 'n gesonde en omvattende spieëlbeeld te verskaf van die Bantoe en sy bedrywighede in sowel sy tuislande as in die stedelike gebiede waar hy werk.

Die oprigting van BHF-sendstasies het dit vir die Korporasie moontlik gemaak om volle en beter dienste aan die Bantoe beskikbaar te stel en daar kon voortgebou word op 'n verslag van senior amptenare van die S.A.U.K. wat in 1959 reeds deur die Beheerraad as leidraad vir die toekoms rakende die verbetering en uitbreiding van die radiodiens in die algemeen aanvaar is, nl. dat landwye dienste vir die Bantoe ingestel behoort te word.[61] Radio Bantu, met al sy

60) S.A.U.K.-jaarverslag, 1960, p. 5.
61) S.A.U.K.-jaarverslag, 1959, p. 4.

vertakkinge, het só sy beslag gekry. "The development of Radio Bantu was probably the most spectacular in radio history in the world", skryf "Caltex Circle". Personeel moes gewerf en opgelei word en tot 20 000 aansoeke is vir minder as 200 poste ontvang. Daarbenewens is tienduisende opnames van inheemse musiek deur 'n mobiele eenheid gemaak.

Volgens die jaarverslag van die S.A.U.K. vir 1960 is die uiteindelike oogmerk van die Korporasie om die volgende volle dienste aan te bied:[62)]

| | |
|---|---|
| Kôsa: | Oos- en Wes-Kaapland. |
| Zoeloe: | Natal en die Wes-Rand. |
| Noord-Sotho: | Noord-Sotho-sprekende dele in Transvaal. |
| Suid-Sotho: | Suid-Transvaal en die Vrystaat. |
| Tswana: | Wes-Transvaal. |
| Venda-Tsonga: | Noord-Transvaal. |

Die stigting van Radio Bantu het in Maart 1964 aanleiding gegee tot 'n paar interessante uitlatings in die Volksraad. Die destydse Minister van Pos- en Telegraafwese, dr. Hertzog, het verklaar dat Radio Bantu een van die belangrikste deurbrake na die Bantoe bewerkstellig het.[63)] „Die Radio is die

62) S.A.U.K.-jaarverslag, 1960, p. 19.
63) The Cape Times, 4 Maart 1964.

enigste manier om tot die Bantoe deur te dring en sy siel te bereik. Dit het 'n belangrike rol vervul in die skepping van goeie betrekkinge en welwillendheid tussen wit en swart".[64] „Die instelling van Radio Bantu is 'n groter beveiligingsmaatreël as wat selfs die polisiemag vir die land is, en daarom moet die hele bevolking help om dit behoorlik op sy voete te kry," het die Minister bygevoeg. As 'n mens 'n medium het waardeur die Bantoe vriendelik gestem word, soos die geval met Radio Bantu, is dit die beste beskermingsmaatreël wat daar vir 'n land kan wees.

Die bemoedigende ontwikkeling van die Bantoediens is die regstreekse gevolg van die gesonde uitgangspunt dat die diens organies uit die Bantoegemeenskap moet groei. As sodanig het dit inderdaad die lewensgetroue weerspieëling geword van die Bantoe-wêreld in al sy konstruktiewe fasette. Die Bantoe-gemeenskap sorg self, binne die raamwerk van die S.A.U.K. se neergelegde beleid, vir die inkleding van die programme, elke afsonderlike taal- en kultuurgroep ooreenkomstig sy eie vaste tradisies en gebruike. Pogings word ook aangewend om 'n bydrae te lewer tot die standardisering van die verskillende Bantoetale deur, naas die aanbieding van die keurig gesproke woord

---

64) Die Transvaler, 4 Maart 1964,

oor die eter, voortdurend te soek na woorde vir nuwe begrippe wat nog nie in die Bantoe se ervaringswêreld inslag gevind het nie.[65] Die daglange dienste op FM spesiaal vir die Bantoe verskaf volwaardige programme in die volste sin van die woord. 'n Gebalanseerde dis word aangebied wat bereken is om die Bantoe in te lig, op te voed en te vermaak, soos ook die geval is met al die ander programdienste van die S.A.U.K.[66]

Die eerste daglange Bantoedienste het gelyktydig met die instelling van die BHF-FM-skema op 1 Januarie 1962 in werking getree. Dit was vir die Zoeloe- en Suid-Sotho-bevolking aan die Witwatersrand. Die Noord-Sothosprekendes van Pretoria en omgewing en die Tswana's van Rustenburg en Pretoria het 'n diens van 9 uur per dag gekry.[67] Die Zoeloediens is in 1963 na Natal en die Kôsa-program na Oos- en Wes-Kaapland uitgebrei.[68] Teen die einde van 1963 het Radio Bantu reeds daagliks 61½ uur uitgesaai in Zoeloe, Suid- en Noord-Sotho, Tswana en Kôsa. Die programme is deur 51 omroepers aangebied en navorsing het aan die lig gebring dat daar vroeg in 1963 reeds daagliks meer as 1-miljoen Bantoes na Radio Bantu geluister het.[69]

---

65) S.A.U.K.-jaarverslag, 1960, p. 5.
66) S.A.U.K.-jaarverslag, 1962, p. 7.
67) Ibid, p. 5.
68) S.A.U.K.-jaarverslag, 1963, p. 8.
69) Ibid, p. 8.

Al die hooftaalgroepe word sedert 1965 bedien nadat 'n sesde programdiens, tweetalig vir die Bavenda en die Tsonga van Noord-Transvaal, ingestel is. Dit is voorlopig anderhalfuur lank per dag op mediumgolf aangebied.[70] Die S.A.U.K. het toe oor twaalf binnelandse programdienste beskik en die sendtyd van die afsonderlike dienste vir die Bantoe alleen is opgestoot tot sowat 70 uur per dag. Dit is in 1966 tot 73 uur opgeskuif toe die uitsendings in die vyf daglange dienste 'n halfuur vroeër soggens begin het. Sowat 74 persent van die totale Bantoe-bevolking kon teen 1966 na Radio Bantu luister.[71] Die uitbreiding van die Kôsadiens aan die begin van 1967 tot 'n volwaardige programdiens met 'n daglange sendtyd van 18 uur het meegebring dat Radio Bantu se sewe programdienste in 1967 saam bykans 80 uur per dag kon uitsaai. Met die Venda- en Tsonga-dienste was nog tot mediumgolf beperk en kon gevolglik nie oor FM gehoor word nie.[72] Die jaar 1967 is ook in 'n ander opsig belangrik deurdat nuwe ateljees vir Radio Bantu in April op King Williams Town en in Augustus in Durban geopen is.[73]

Die sestiger-dekade sal t.o.v. die ontwikkeling van

---

70) S.A.U.K.-jaarverslag, 1963, p. 8.
71) S.A.U.K.-jaarverslag, 1966, p. 9.
72) S.A.U.K.-jaarverslag, 1967, p. 9.
73) Ibid, p. 64.

die radiowese in Suid-Afrika ook onthou word as die dekade waartydens die Bantoediens tot volle ontplooiing gekom het. Die diens het besonder gewild geblyk te wees en waar 'n Bantoe met 'n ghitaar op straat voorheen 'n algemene verskynsel was, daar het die FM-draradio die ghitaar geleidelik begin vervang. 'n Landwye opname wat vroeg in 1966 onderneem is, het onder meer aan die lig gebring dat:[74]

(a) sowat 87,8 persent van alle volwasse Bantoes wat daagliks na die radio luister, spesifiek op Radio Bantu inskakel;

(b) meer as 2-miljoen Bantoes gewoonlik na Radio Bantu luister; en

(c) teenoor 103 000 Bantoe-luisteraars wat in 1962 'n FM-radiostel besit het, 771 000 aan die begin van 1966 ontvangstelle besit het.

## 8. OUTOMATISASIE

Die algemene gebruik van magnetiese band vir die verpakking van programme het die afgelope ongeveer twintig jaar tot gevolg gehad dat 'n baie groot persentasie van die programme wat uitgesaai is, vooraf op magnetiese band opgeneem is. Wanneer sulke

---

74) S.A.U.K.-jaarverslag, 1966, p. 36.

programme dan uitgesaai is, was dit egter nodig om vir elke programdiens 'n aantal ateljee-personeellede, insluitende skaars programpersoneel, voortdurend in die kontinuïteits-ateljees aan diens te hou.[75]

Die koms van die rekenoutomaat die afgelope paar jaar het egter ook voordele vir die uitsaaiwese meegebring en ná 'n intensiewe en gespesialiseerde ondersoek, ook in die buiteland, is in 1967 besluit om die outomatisering van die uitsending van programme uit te brei. Onproduktiewe werk sou daarmee verdwyn sonder dat programinhoud enigsins daardeur benadeel word. Die eerste van hierdie toerusting is teen die einde van 1967 ontvang. Die deurlopende aard van die FM-streekdienste het meegebring dat die S.A.U.K. besluit het om hulle eerste te outomatiseer en op 27 Februarie 1968 is Radio Hoëveld se programme die eerste keer d.m.v. 'n rekenoutomaat uitgesaai. Radio Goeie Hoop en Radio Port Natal het kort daarna gevolg en tans word daar gewerk aan die outomatisering van die programme van Springbokradio. Die diensdoende omroeper reguleer reeds sonder die hulp van 'n kontroleur die peil van die uitsendings uit die ateljee.

„Die oorskakeling na outomatisasie is 'n sukses, want

---

75) S.A.U.K.-jaarverslag, 1967, p. 11.

omroepers kan nou meer produktief gebruik word".[76)] Besparings ten bedrae van R29 000 is reeds in 1968 teweeg gebring. Volgens die jaarverslag vir 1968 moet dit ook nie uit die oog verloor word nie dat ander voordele van besparing van werk en korrektheid van werk ook outomaties voortvloei uit die gebruik van die rekenoutomaat.

## 9. SAMEVATTING

Die ontwikkeling op die gebied van die uitsaaiwese in Suid-Afrika het in die tydperk onder bespreking in hierdie hoofstuk minder as 'n kwarteeu in beslag geneem. Toe die Tweede Wêreldoorlog uitgebreek het, het die Suid-Afrikaanse Uitsaaikorporasie oor net een volwaardige diens beskik, nl. die Engelse programdiens. 'n Diens in Afrikaans is kort voor die oorlog ingestel, maar kon as gevolg van die oorlog nie tot sy volle reg kom nie. Die prestasie van die S.A.U.K. om die afgelope sowat 25 jaar die Afrikaanse diens heeltemal uit te bou, 'n kulturele handelsdiens in te stel, 'n doeltreffende kortgolfdiens te skep, ook vir Suidwes-Afrika, een van die wêreld se beste en objektiefste buitelandse dienste te ontwikkel, 'n FM-net tot stand te bring om daardeur veral met dienste vir al die

76) S.A.U.K.-jaarverslag, 1968, p. 13.

Bantoe- en Inboorlingvolke te begin en om boonop nog met die outomatisasie van sommige van hierdie dienste te begin, moet beskou word as een van die glanspunte in die ontwikkelingsproses van die radiowese sedert die uitvinding van radio as kommunikasiemiddel.

Selfs die bevooroordeeldste waarnemer moet erken dat min lande ter wêreld sedert die oorlog soveel vooruitgang t.o.v. dienste vir so 'n groot verskeidenheid gemeenskappe op die gebied van klankradio getoon het as Suid-Afrika. Aan die suidpunt van Afrika, ver weg van die middelpunt van die Westerse wêreld waar die ontwikkeling van die klankradio tot sy huidige wye omvang uitgekristalliseer het, het die radio sy kinderskoene ontgroei en 'n kragtige jong reus geword. 'n Handjievol ingenieurs en tegnici het aan die buitewêreld, wat hom in toenemende mate tot beeldradio begin wend het, getoon waartoe Suid-Afrika se mensemateriaal in staat is.

Die afgelope dekade, m.a.w. sedert 1960, het veral groot ontwikkeling meegebring en dit was veral te danke aan die instelling van die BHF-FM-stelsel deur die S.A.U.K. Onderwyl die kortgolfontvangs in die begin van dié dekade geleidelik danksy die Paradyssendstasie verbeter is, kon sowel die Blanke as Nie-Blanke luisteraars in die land se digsbevolkte streke

nou steuringsvrye ontvangs op FM geniet. Die unieke „Radio Bantu" kon danksy die BHF-FM-stelsel ontwikkel word tot die tien huidige programdienste wat altesaam 82 uur per dag uitsaai. Verdere ontwikkeling kan verwag word nadat die moderne nuwe uitsaaisentrum in Auckland Park vroeg in 1973 voltooi is.[77)]

---

77) 'n Perseel onderkant die Albert Hertzog-toring is bekom vir die oprigting van die sentrum van 32 verdiepings. Die aanvoorwerk het op 18 Maart 1968 begin toe die Voorsitter van die Beheerraad, dr. Meyer, die uitgrawings aan die gang gesit het.

HOOFSTUK 4

# BESTUUR EN ORGANISASIE

## 1. INLEIDING

In die vorige hoofstukke is aangetoon hoe die radiowese in Suid-Afrika ontwikkel het van 'n klein begin deur private inisiatief tot die stigting en uitbreiding van die Suid-Afrikaanse Uitsaaikorporasie. Soos in alle ander lande het die Staat gou besef dat hierdie massakommunikasiemedium, met sy ontsaglike groot moontlikhede, nie in private hande toegelaat kan word nie en dat die hoë owerheid 'n plig het om te vervul t.o.v. beheer en toesighouding. Die openbare korporasie is daarvoor as die geskikste medium beskou, veral na aanleiding van die sukses wat in Brittanje behaal is in dié opsig. "The B.B.C. was first in the field of public corporations: it was the first experiment in this country (Brittanje) in administering a nation-wide service under public control through a body not directly responsible to Parliament".[1] Die land was dit teenoor die publiek en sy belange verskuldig dat so 'n radiodiens so goed en doeltreffend as moontlik beheer sou word.

---

1) Lord Normanbrook: The Functions of the B.B.C.'s Governors, Londen. 1965, p. 4.

Geskoei op die lees en voorbeeld van Brittanje, is die Suid-Afrikaanse Uitsaaikorporasie in 1936 gestig met 'n bestuurs- en organisatoriese stelsel wat vandag nog baie ooreenstem met dié van die "British Broadcasting Corporation". Die radiobehoeftes van dié twee lande en hulle bevolkings is vanweë verskillende faktore nie eenders nie en dit was bloot natuurlik om te verwag dat daar mettertyd verskille t.o.v. bestuur en organisasie sou intree. Die lande se ligging en die samestelling en behoeftes van die bevolkings was veral gedurende die afgelope drie dekades geleidelik daarvoor verantwoordelik dat die uitsaai-organisasie in elkeen 'n eie karakter gekry het. Tog is die ooreenkoms tussen die S.A.U.K. en die B.B.C. vandag die duidelikste vergeleke by enige ander land se nasionale uitsaaistelsel.

Kortliks kan daar gekonstateer word dat elke openbare korporasie oor 'n interne en eksterne beheermeganisme beskik. Die eksterne beheer word uitsluitlik deur die Staat as hoë owerheid behartig, indien dit nodig blyk. In die praktyk gebeur dit feitlik nooit en is die interne beheerstelsel eintlik voldoende. Hierdie interne beheer kom tot uiting in die onderlinge wisselwerking tussen die bestuur en organisasie van die betrokke korporasie.

Die bestuur en organisasie van die Suid-Afrikaanse Uitsaaikorporasie is so nou in mekaar geweef dat albei saam in een hoofstuk bespreek en ontleed kan word. Daarin sal dit geleidelik begin blyk hoedanig die beheer oor hierdie belangrike openbare nutsonderneming van binne af geskied.

Die feit dat die S.A.U.K. 'n semi-staatsinstelling is en die vorm van 'n openbare korporasie het ('n betreklik resente ontwikkeling in die wêreld wat veral vir ekonomiese ontwikkeling geskep is) oefen 'n duidelike invloed uit op die S.A.U.K. se organisasie en bestuurstruktuur. Instellings soos die „beheerraad" en betitelings soos „direkteur" is ook bekend in ander korporasies. Ander begrippe soos bloot „raad" en „besturende direkteur" word hier aangetref. In 'n bespreking van die bestuur en organisasie van die S.A.U.K. is dié ooreenkoms met ander semi-staatsinstellings en openbare korporasies dikwels ooglopend. Waar daar graadverskille bestaan, is dit te wyte aan die feit dat die Korporasie aanpassings moes maak, soos alle ander monopolistiese instellings in sy soort in die land. Die grondliggende ooreenstemmende kenmerke bly egter deurentyd duidelik. Die landwye karakter en aard van die Suid-Afrikaanse Uitsaaikorporasie het onder meer sulke aanpassings genoodsaak. Die oprigting van uitsaaisentrums oor die

lengte en breedte van Suid-Afrika en Suidwes-Afrika het die skepping van aangepaste, nuwe bestuurs- en organisasiestrukture teweeggebring. In die bespreking van hierdie strukture sal daar, waar moontlik en nodig, gewys word op die faktore wat daartoe gelei het, asook op die beginsels en oogmerke wat op die spel was en is.

## 2. DIE BESTUUR

Die bestuur en organisasie van die Suid-Afrikaanse Uitsaaikorporasie is so nou by mekaar ineengeskakel dat daar in 'n bespreking van die een noodwendig na die ander verwys moet word. Die verskillende organisatoriese of administratiewe vlakke moet terselfdertyd as bestuursvlakke beskou word, aangesien die een organisatoriese vlak in 'n bestuurshoedanigheid teenoor die onmiddellik ondergeskikte vlak optree. Die Beheerraad vorm deel van die Korporasie se bestuurshiërargie en het die laaste seggenskap t.o.v. bestuursake.

### 2.1 Die Beheerraad

Ingevolge die Uitsaaiwet van 1936[2] moet die S.A.U.K.

---

2) Wet Nr. 22 (die Uitsaaiwet) van 1936.

bestuur en beheer word deur 'n Raad van Bestuurders, oftewel 'n beheerraad. Volgens Art. 2(1) van dié wet moet die raad uit nie meer as nege en nie minder as sewe lede bestaan nie. Hulle word deur die Staatspresident aangestel en beklee dié amp vir 'n tydperk wat nie vyf jaar oorskry nie en op voorwaardes wat by die aanstelling vasgestel word. 'n Raadslid kan weer egter ná verstryking van sy of haar ampstyd aangestel word.[3] Een van die aldus **aangestelde** bestuurders word deur die Staatspresident aangewys as voorsitter van die raad en nog een as onder-voorsitter.

Die verwysing in die sogenaamde „Crawford-verslag"[4] na die kwalifikasies van die "Governors" van die B.B.C., dat hulle "must be persons of judgement and independence, who would inspire confidence by having no other interests to promote than those of the public service",[5] geld in breë trekke ook vir lede van die S.A.U.K. se beheerraad. Volgens lord Simon is goeie oordeel die een noodsaaklike kwalifikasie vir elke raadslid en die raad as geheel. Niemand word as raadslid aangestel indien hy 'n ongerehabiliteerde insolvent is of skuldig bevind is aan 'n

---

3) Art. 2(2) van die Uitsaaiwet.
4) Ingevolge waarvan die B.B.C. tot stand gekom het.
5) Aangehaal deur lord Simon of Wythenshawe: "__The B.B.C. from Within__, Londen, 1953, p. 65.

misdryf en veroordeel is tot die dood of tot tronkstraf sonder die keuse van 'n boete nie.[6] Dié kwalifikasie geld ook vir die bestuurslede van openbare korporasies vir ekonomiese ontwikkeling en ander openbare dienste in die Republiek.

Die Staatspresident kan 'n beheerraadslid uit sy amp ontslaan wat nie aan die voorwaardes van sy aanstelling voldoen het nie, of na sy mening hom skuldig gemaak het aan onbetaamlike gedrag of nie in staat is om sy pligte doeltreffend te vervul nie, of bv. sonder verlof van die voorsitter afwesig was van drie agtereenvolgende vergaderings van die beheerraad waarvan hy in kennis gestel is.[7]

Die beheerraad kom maandeliks byeen en vier lede vorm 'n kworum. Die gebruik het ontwikkel dat die raad soms in ander uitsaaisentrums buite Johannesburg, soos Durban en Kaapstad, vergader. Tydens die opening van die uitsaaisentrum in Windhoek het die raad in die hoofstad van Suidwes-Afrika vergader. Sulke vergaderings buite Johannesburg is egter die uitsondering.

Lede se salarisse word uit die inkomste van die Korporasie betaal, soos wat die Staatspresident van tyd

---

6) Art. 3(1) van die Uitsaaiwet.
7) Art. 3(3) van die Uitsaaiwet.

tot tyd bepaal. Die raadslede kan uit die bedoelde inkomste sodanige toelaes betaal word vir koste deur hulle in die nakoming van pligte aangegaan as wat vasgestel mag word.[8)]

Die beheerraad van die Korporasie kan[9)] komitees benoem om hom by die verrigting van sy werksaamhede en pligte by te staan. Lede kan benoem word om in so 'n komitee te dien. Die raad kan van tyd tot tyd enige van sy bevoegdhede aan so 'n lede-komitee oordra.

Van raadslede word verwag dat hulle deeglik op die hoogte van sake sal bly wat die ontwikkeling van die radiowese in die algemeen, ook in ander wêrelddele, betref. Een van die huidige raadslede het al 'n jaar in die buiteland deurgebring om 'n studie van die uitsaaiwese te maak. Van 'n beheerraadslid word verwag dat hy op die hoogte van die luistergewoontes en -begeertes van sy bepaalde gemeenskap sal wees. Anders as die raad van 'n openbare korporasie vir ekonomiese ontwikkeling, soos bv. Sasol, is dit die gebruik dat niemand wat tevore al by die uitsaaiwese betrokke was en dalk voordeel daaruit kon getrek het, in die beheerraad aangestel word nie. Iemand met praktiese ondervinding van die beroepstegnieke van

---

8) Art. 5 van die Uitsaaiwet.
9) Art 10(1) van die Uitsaaiwet.

die radiowese hoef nie aangestel te word nie. Die beheerraad bestaan uit persone wat hoofsaaklik in ander beroepe staan, maar wat bereid en gewillig is om baie van hulle tyd en kragte te bestee aan die taak om beheer oor die radiodiens uit te oefen. Dit sal gewoonlik bestaan uit mense met finansiële en handelservaring, met 'n goeie kennis van musiek, die opvoedkunde, ens. In die huidige raad beskik twee raadslede oor 'n goeie kennis van musiek, een oor publieke administrasie, vier oor die opvoedkunde, drie oor die handel en nywerheid en twee oor internasionale sake.

'n Oud-voorsitter van die beheerraad van die B.B.C., lord Normansbrook, sê dat raadslede gewoonlik aangewys word "as persons of independent mind and judgement with knowledge and experience of public affairs. If I had to define more precisely the qualities required, I would say that they should be people of equable temper and cool judgement, neither hopefully 'with it' nor hopelessly past it, people of broad sympathy and humanity who are able to take some interest in all programme subjects and have real enthusiasm for some. They should, and they usually do, represent a wide variety of experience".[10)]

---

10) Lord Normanbrook, p. 5.

Eintlik kan die lede van die beheerraad bestempel word as trustees vir die landsbelang t.o.v. die radiostelsel. Daar kan van hulle verwag word dat hulle so veel as moontlik in aanraking moet kom met 'n betreklik breë deursnit van ons luisterbevolking en -menings. Ofskoon geeneen van hulle as 'n verteenwoordiger van die volk optree soos 'n volksraadslid nie, behoort hulle saam in staat te wees om die breë gevoel en menings dwarsdeur die gemeenskap te weerspieël. As trustees vir landsbelang rus daar immers die plig op hulle om die volkswil t.o.v. radioprogramme te reflekteer, soos die Parlement veronderstel is om die volk te verteenwoordig t.o.v. politieke aangeleenthede.

## 2. 2 Die Voorsitter

Alvorens daar verder op die magte en pligte van die beheerraad, veral t.o.v. die beheeraspek, ingegaan word, moet die posisie van die voorsitter van die beheerraad aandag geniet. Hy tree in 'n groot mate op as die mondstuk van die S.A.U.K. Ook is hy die skakel tussen die Korporasie en die Regering en die afleiding kan gemaak word dat heelwat van die fasette waaruit die verhouding tussen die S.A.U.K. en die Staat bestaan, in die voorsitter se kontak en skakeling met die betrokke minister, tans die Minister van Nasionale Opvoeding, uitkristalliseer. Hieroor

meer in die hoofstuk oor die verhouding tussen die S.A.U.K. en die Staat.

Wanneer 'n lid, of „bestuurder", aangewys is as voorsitter, vise-voorsitter of waarnemende voorsitter van die beheerraad, lê die Minister van Nasionale Opvoeding binne sewe dae in albei huise van die Parlement 'n rapport ter tafel (indien die Parlement nie in sitting is nie, binne sewe dae ná die aanvang van die volgende sitting) wat 'n volledige uiteensetting bevat van die betrokke lid se kwalifikasies om die voorsitter of vise-voorsitter of waarnemende voorsitter van die raad te wees (Art. 4).

Die huidige voorsitter van die beheerraad, dr. P.J. Meyer, is in 1959 in dié hoedanigheid aangestel en in Desember 1971 vir nog vyf jaar.[11] Die raad bestaan tans verder uit mnr. W.A. Maree (Onder-voorsitter), prof. J.P. Yeats, prof. S.J. Terreblanche, mnr. E.V. Williams, dr. A.R. Williams, Prof. B. Bradshaw, mnr. J.H. Stander en mnr. T.D. Potgieter.

Die voorsitter van die beheerraad is, anders as die B.B.C., 'n voltydse amptenaar van die Korporasie en beskik oor 'n kantoor in die Korporasie se hoofkantoor in Johannesburg. Dié gebruik dateer al sedert

---

11) S.A.U.K.-jaarverslag, 1971, p. 6.

1 Augustus 1942 toe prof. Leo Fouxhé as voorsitter van die beheerraad vir 'n tydperk van vyf jaar aangestel is.[12] Die raad het toe uit sewe lede bestaan. 'n Gebruik kort ná die stigting van die Korporasie, wat sedertdien uitgesterf het, was dat minstens een lid van die beheerraad 'n vrou moes wees om sorg te dra dat die belange van veral die huisvrou deur die raad in ag geneem word. 'n Gebruik wat behoue gebly het, is dat raadslede vir 'n addisionele periode aangestel mag word en een lid het selfs twaalf jaar in die raad gedien. Daar is gevolglik altyd lede met lang diens in die beheerraad in teenstelling met die B.B.C. se raad waarin geen lid teen 1952 bv. langer as twee jaar diens gehad het nie.[13]

Die voorsitter van die beheerraad is voortdurend in aanraking met die hoof uitvoerende amptenare van die S.A.U.K. Hy is ook by magte om spoedeisende aangeleenthede namens die raad af te handel en later aan die volle raad daaroor verslag te doen.

## 2. 3 Die beheerraad as bestuursorgaan

Aandag is sover geskenk aan die algemene pligte en

---

12) S.A.U.K.-jaarverslag, 1942, p. 5.
13) Lord Simon of Wythenshawe: <u>The B.B.C. from Within</u>, Londen, 1953, p. 269.

verantwoordelikhede van die raadslede en ook aan die taak van die voorsitter. In 'n mate het dit reeds duidelik begin word dat dit inderdaad beheer uitoefen, maar dat vir sover dit programme en programinhoud betref, die beheer eintlik van retrospektiewe aard is. Dit gebeur min dat programme hulle oorsprong by 'n raadslid het. In die praktyk laat hulle hulle grootliks lei deur die twee direkteure-generaal wat sitting in die raad het. Tog word daar op elke raadsvergadering heelwat deur die lede oor programme gesels en kritiek uitgespreek. Die lede kan nie beheer oor programme uitoefen in die sin dat hulle vooraf daarna kan luister nie. Die aantal programme in al die programdienste maak dit onmoontlik en beheer in dié opsig word oorgelaat aan die betrokke senior amptenare. Dit is 'n goeie voorbeeld van hoe ineengestrengel die kwessie van interne beheer tussen die beheerraad en die amptenare in die organisasie is.

Konstitusioneel gesproke, is die beheerraad die S.A.U.K. Dit beheer alle eiendom van die Korporasie, dit stel beleid vas en dit oefen beheer uit oor die personeel. Die raad neem finale besluite oor alle belangrike bestuursaangeleenthede en sake wat ernstige meningsverskil (polities, godsdienstig of kultureel) kan ontketen in die Parlement of in die gemeenskap.

T.o.v. bestuursake kan die pligte van die raad gerieflikheidshalwe verdeel word onder finansies en personeel. In dié verband is sy verantwoordelikhede soortgelyk aan dié van die raad van enige groot organisasie. Wat finansies betref, moet die raad homself tevrede stel dat die masjinerie en metodes om beheer uit te oefen voldoende is en doeltreffend toegepas en aangewend word. Alle groot uitgawes moet vir goedkeuring aan die raad voorgelê word. Hierdie beheer oor die finansiële administrasie van die Korporasie is streng.

Wat die personeel betref, is die raad by magte om senior amptenare, insluitende die twee direkteure-generaal, aan te stel. Dit dien as 'n bewys van die raad se onafhanklikheid van politieke beheer deur die regerende party en beklemtoon die raad se finale verantwoordelikheid vir die uitvoerende beheer van die daaglikse interne administrasie van die S.A.U.K. se sake. Die verhouding tussen die personeel en bestuur is 'n onderwerp wat gereeld deur die beheerraad bespreek word.

Melding is daarvan gemaak dat die beheerraad 'n beleidmaker is en dat voltydse amptenare in die organisasie die beleid implementeer - dus ook beheer uitoefen. Uit die aard van die saak is dit moeilik

om 'n streep te trek tussen waar beleidmaking ophou en die uitvoering van beleid begin. Die raadslede is afhanklik van die ervaring van die hoof uitvoerende amptenare in die Korporasie met die bepaling van beleid. In die uitvoering van hierdie beleid tree elke senior amptenaar in die Korporasie op as 'n rat in die bestuursmeganisme en indien hy twyfel oor 'n saak, word dit hoër op in die bestuurshiërargie verwys vir uitsluitsel.

Hierdie vorm van beheer kan as „administratiewe beheer" (editorial control) bestempel word, en dit hang nou saam met die feit dat geen beheerraad voor uitsending volledig beheer oor 'n radiodiens kan uitoefen nie. Op alle vlakke in die organisasie word dit van toepassing gemaak. Met behulp van algemene riglyne en gebruiks- en gedragskodes ontstaan daar sodoende 'n volgehoue stroom kommentaar en kritiek wat daarop gemik is om by omroepers en ander personeel 'n gevoel te kweek van wat reg en verkeerd is. Van programpersoneel word verwag om hulle eie oordeel t.o.v. probleme te gebruik binne 'n raamwerk wat tot stand kom deur indringende samesprekings en kontak met amptenare hoër op. Van selfs die beheerraad kom dan kommentaar om hierdie administratiewe beheer op alle vlakke te stimuleer en effektiewer te maak.

Die taak van die beheerraad as bestuursorgaan kulmineer in die jaarverslag wat die raad kragtens Art. 24 van die Uitsaaiwet aan die Minister van Nasionale Opvoeding moet voorlê. Dit moet handel oor die werk van die Korporasie gedurende die vorige jaar en dit moet ook 'n balansstaat en 'n volledige staat van inkomste en uitgawes vir die betrokke oorsigjaar bevat. Die minister is verplig om die verslag binne sewe dae nadat dit aan hom oorhandig is, in die Parlement ter tafel te lê, of, as die Parlement nie in sitting is nie, binne sewe dae ná die aanvang van sy eersvolgende sessie. In die bespreking oor die verhouding tot die Staat in Hoofstuk 8 sal daar weer aandag aan hierdie saak geskenk word.

## 2.4 Die Bantoeprogrambeheerraad

Omdat die uitbreiding van die Suid-Afrikaanse Uitsaaikorporasie se programdienste veral sedert 1960 steeds groter eise t.o.v. die kwessie van beheer op die beheerraad geplaas het, is daar ná die stigting van Radio Bantu ook 'n Bantoeprogrambeheerraad geskep onder die oorkoepelende beheerraad. Hierdie raad bestaan uit vier lede, nl. dr. P.A.W. Cook, dr. A.A. Odendaal, dr. H.J. van Zyl en dr. E.F. Potgieter, met die voorsitter van die S.A.U.K.-beheerraad ook as voorsitter. Kragtens Art. 13 bis (1) van die

Uitsaaiwet van 1936, soos gewysig, kan die raad, afgesien van die voorsitter, uit hoogstens sewe lede bestaan, wat hulle ampte beklee vir 'n tydperk van hoogstens vyf jaar.

Die lede van die Bantoeprogrambeheerraad is onderhewig aan dieselfde voorwaardes wat vir die ander raadslede geld. Die uitsending van programme deur die Korporasie vir ontvangs deur Bantoes, binne of buite die grense van die Republiek, en die aanstelling van amptenare vir diens uitsluitlik in verband met die werksaamhede van die Bantoeprogrambeheerraad of die opstel van sodanige programme, is onderhewig aan die goedkeuring van die Bantoeprogrambeheerraad. Dit het al gebeur dat die raad in Bantoe-tuislande vergader. Adviserende rade en sub-komitees kan aangestel word om die raad met die uitvoering van sy werksaamhede te help.

2. 5 Adviserende rade

In sy beheer- en bestuursfunksie word die beheerraad bygestaan deur sogenaamde „adviserende rade" wat die raad kragtens die Uitsaaiwet kan aanstel op plekke wat hy goedvind om hom met betrekking tot aangeleenthede i.v.m. enige diens van die Korporasie van raad te bedien. So 'n adviserende raad kan op sy beurt

na goeddunke adviserende sub-komitees aanstel. Adviserende komitees insake kerkuitsaaidienste in sowel Afrikaans as Engels, asook plaaslike adviserende komitees, is reeds ingevolge dié bepaling gestig. Daar bestaan ook taaladvieskomitees wat selfs uitvoerige studies oor besondere taalonderwerpe lewer.

Die plaaslike adviserende komitees kan bestempel word as die belangrikste van dié komitees.[14)] Aan die einde van 1969 was daar elf sulke komitees, nl. in Bloemfontein, Durban, Grahamstad, Johannesburg, Kaapstad, Kimberley, Oos-Londen, Pietermaritzburg, Port Elizabeth, Potchefstroom en Pretoria. Tydens die ingebruikneming van die nuwe ateljeegebou in Windhoek op 25 Augustus 1970 het die beheerraad ook die aanstelling van 'n adviserende komitee vir Windhoek aangekondig.[15)]

Elke adviserende komitee bestaan uit minstens vyf en hoogstens nege persone wat deur die beheerraad benoem word vir tydperke en op voorwaardes wat deur die raad ten tye van die benoeming vasgestel word. Die lede van 'n adviserende komitee moet redelik verteenwoordigend van alle groepe in die betrokke samelewing wees

---

14) S.A.U.K.-jaarverslag, 1969, p. 62-3.
15) Ibid, p. 6.

en die beroepe so uiteenlopend moontlik. In September elke jaar lê elke komitee die name voor van minstens ses persone uit wie die raad lede van die komitee vir die volgende termyn kies in die plek van dié lede wat uittree weens bedanking of verstryking van 'n normale termyn van drie jaar.

Die komitees dien in 'n ere-hoedanigheid, maar ontvang 'n honorarium wat nie R72 per jaar mag oorskry nie. Elke komitee staan die raad onder meer by t.o.v. die raad se nie-kommersiële dienste ten einde 'n regverdige middeweg te bepaal vir sover dit die belange van die luisteraars betref. Die komiteelede help die beheerraad om die openbare mening te peil deur te luister, met luisteraars in voeling te bly en deur mededelings en vertoë van luisteraars en lede van die luisterpubliek te ontvang. Skriftelike verslae word gereeld aan die beheerraad voorgelê.

## 3. DIE ORGANISASIE

Die bestuur van die Suid-Afrikaanse Uitsaaikorporasie word nie net deur die beheerraad onderneem nie, maar geskied, soos reeds gemeld, ook op organisatoriese vlak. Die beheerraad bevind hom aan die bopunt van 'n „bestuurspiramide" en 'n bespreking van die bestuursvlak onmiddellik benede die beheerraad moet

noodwendig 'n bespreking van die Korporasie se organisasie inlei. Om te toon hoe nou bestuur en organisasie in die S.A.U.K. met mekaar saamhang, sal daar in hierdie onderafdeling ook van „bestuursvlakke" melding gemaak word, in aansluiting by die bestuursbenaming „administratiewe beheer" waarvan in hierdie hoofstuk melding gemaak is.[16)]

3. 1 Die Bestuurskomitee

Die kern en middelpunt van die S.A.U.K. vir sover dit die daaglikse en volgehoue bestuur betref, is die twee direkteure-generaal, wat saam met die sewe direkteure die bestuurskomitee vorm. Die direkteure is almal aan een of albei direkteure-generaal verantwoording verskuldig. Die direkteure-generaal is gereeld in verbinding met die voorsitter van die beheerraad oor bestuursake en skakel met die beheerraad ook deur middel van verslae wat op die raadsvergaderings voorgelê word. Hulle woon ook die vergaderings van die beheerraad by.

Die bestuurskomitee vergader gereeld, soms meer as een keer per week. Dit is ook nie noodsaaklik dat al die lede teenwoordig hoef te wees nie, aangesien

---

16) Vgl. p. 96

almal bv. nie by sake rakende Radio Bantu betrokke is of daarby belang het nie. Ander amptenare benewens die reeds genoemde senior amptenare kan ook gevra word om die bestuurskomitee se vergaderings by te woon. As skakel met die beheerraad verwys die raad op sy beurt die verskillende sake en opdragte wat deur die Korporasie uitgevoer moet word, na die bestuurskomitee.

## 3. 2 Ander bestuursvlakke

'n Studie van die organisasie- en bestuurstruktuur van die Suid-Afrikaanse Uitsaaikorporasie bring aan die lig dat daar in breë trekke vyf senior bestuursvlakke onderskei kan word. Die beheerraad vorm die eerste vlak en die volgende bestaan uit die twee direkteure-generaal en die bestuurskomitee, met die sewe direkteure as derde bestuursvlak.[17] Die vierde vlak het tans net een verteenwoordiger, nl. dié van die Kontroleur Bantoe- en Buitelandse Dienste, gevolg deur die verskillende streekbestuurders, hoofamptenare en Afrikaanse en Engelse televisieafdelings. Onder die hoofamptenare word die verskillende organiseerders aangetref, asook die sg. „eerste" amptenare, soos eerste omroepers (gelykstaande aan 'n organiseerder) en eerste ingenieurs.

---

17) Die instelling van 'n televisiediens behoort mettertyd ook 'n invloed uit te oefen op die onderskeie bestuursvlakke.

(a) Die direkteure-generaal

Die betiteling „direkteur-generaal" is een van die oudstes in die S.A.U.K. Dit het teen die middel van 1972 weer sy verskyning gemaak nadat dit langer as tien jaar ná die uittrede van mnr. Gideon Roos nie gebruik is nie. Daarna is die destydse adjunk-direkteur-generaal, mnr. Norman Filmer, tot met sy uittrede sowat vier jaar gelede die „senior direkteur" genoem, met 'n aantal „mede-direkteure". In die senior direkteur se plek het twee „direkteure" gekom, met 'n paar „adjunk-direkteure" onder hulle. Die direkteure het „hoofdirekteure" geword en hulle adjunkte „direkteure", terwyl die benaming „adjunk-direkteur" verval het. Albei hoof-direkteure het in 1972 „direkteure-generaal" geword en 'n kringloop terug na dié ou betiteling is voltooi.

Ofskoon hulle na buite geen duidelik afgebakende portefeuljes het nie, word 'n onderskeid binne die Korporasie tog gemaak m.b.t. bestuursake (mnr. J.N. Swanepoel) en programme (mnr. C.D. Fuchs). Die Direkteur-generaal (Bestuur) oefen beheer uit oor alle finansiële aspekte van die advertensiedienste, aankope van voorraad (insluitende invoere), personeelaangeleenthede, bedryfsresultate, die bedrywighede van die afdeling Openbare Betrekkinge, die

beplanning en navorsing vir die toekoms deur die ingenieurs en argitekte, asook aanbevelings vir uitbreiding en verbeterings.[18] Hy hanteer ook alle regsvraagstukke waarby die Korporasie betrokke is of betrokke mag raak.

Die Direkteur-generaal (Programme) sorg dat die algemene beleid en kode van die S.A.U.K. in die programdienste, asook die Musiekafdeling en die Nuusdienste, gehandhaaf word. Die uitgangspunt van die Korporasie se programadministrasie is "to maintain control in essentials without interference in non-essentials, and to reflect a healthy and regional pride without allowing parochialism or pettiness".[19]

(b) Die direkteure

(b) (i) Die Direkteur Radioprogramme is verantwoordelik vir alle bestaande programme op die agttien programdienste van die S.A.U.K. Dit geld nie net die Afrikaanse en Engelse Dienste nie, maar ook die FM-streekdienste, Radio Bantu se sewe programdienste, die buitelandse dienste en die Korporasie se drie Inboorlingdienste in Suidwes-Afrika. Hy het ook

---

18) Luidens 'n amptelike opleiding- en inligtingstuk.
19) S.A.U.K.-jaarverslag, 1943, p. 33.

seggenskap oor alle nuusprogramme en musiek wat uitgesaai word. Hy skakel regstreeks met mnr. Fuchs as Direkteur-generaal, aan wie hy vir die uitvoering van programopdragte verantwoordelik is.

(b) (ii) Die Direkteur: Televisieprogramme was voorheen die Direkteur: Programme (Beplanning), maar ná die aankondiging dat Suid-Afrika 'n eie televisiediens gaan kry, is sy pos verander na Direkteur: Televisieprogramme. Met behulp van twee organiseerders, een vir Afrikaanse en een vir Engelse televisieprogramme, is hy verantwoordelik vir die voorbereidingswerk wat daar verbonde is aan die instelling van 'n eie televisienet in die Republiek. Personeellede word te woord gestaan en aangestel, afgesien van die groot taak om programme vir aanbieding te maak en op te gaar. Hiervoor is hy ook aan mnr. Fuchs verantwoording verskuldig.

(b) (iii) Die Direkteur: Administrasie.

Die gladde verloop van die administrasie van enige onderneming is 'n vereiste en heelwat administratiewe reëlings moet afgehandel word alvorens die eindproduk, die radioprogram, oor die eter gehoor kan word. Die verantwoordelikheid van die Direkteur: Administrasie sluit 'n wye verskeidenheid aangeleenthede in. Die Korporasie verrig daagliks heelwat regshandelinge, waaronder die sluiting van kontrakte. Outeurs- en

kunstenaarskontrakte wat by herhaling voorkom, is al gestandardiseer om werk te vergemaklik. Die aankoop van grond, die huur en verhuur van eiendom en outeurs regaspekte word deur dié departement gedoen en beheer word ook uitgeoefen oor die uitreiking van konsessionêre radiolisensies.

(b) (iv) Die Direkteur: Personeel, Beplanning en Outomatisasie

Die Korporasie het aan die einde van 1971 oor 2 451 personeellede beskik, van wie 1 728 Blankes en 723 Nie-Blankes was.[20] Die instelling van 'n televisiediens sal meebring dat die personeelsterkte met minstens een-derde sal toeneem. Die Direkteur: Personeel, Beplanning en Outomatisasie is onder meer verantwoordelik vir alle personeelaangeleenthede. Dit sluit in die handhawing van gesonde personeelverhoudings, keuring en klassifikasie, aanstellings, bedankings, bevorderings, ens. Heelwat klem word die afgelope tyd op personeelopleiding gelê, veral met die oog daarop om die algemene produktiwiteit wat in die getal program- en senderure weerspieël word, te verhoog.

Benewens algemene radiobeplanning veral t.o.v. tegniese sake, is dié amptenaar ook aan die Direkteur-

---

20) S.A.U.K.-jaarverslag, 1971, p. 61.

generaal (Bestuur) verantwoording verskuldig oor alle sake rakende die outomatisasieprogram. Afgesien van die afdeling van die Hoof: Dataverwerking, wat beheer oor onder meer 'n rekenoutomaat uitoefen, het hy regstreeks belang by die outomatisering van sommige programdienste.

(b) (v) Die Direkteur: Advertensiedienste is die enigste direkteur wat normaalweg met albei direkteure-generaal skakel en aan hulle verantwoording verskuldig is. Die rede is dat sowel programaangeleenthede as finansiële aspekte onder sy departement ressorteer. Daar word veral gelet op die inhoud van die programme van die onderskeie dienste, asook die advertensies, aangesien die Korporasie nie vir al die programme se advertensies verantwoordelik is wat uiteindelik uitgesaai word nie, maar ook sogenaamde „produksiehuise".

(b) (vi) Die Direkteur: Nuusdienste is verantwoordelik vir die administrasie, beheer oor en werking van die nuusafdeling. Die Hoof: Nuusdienste en Hoof: Nuuskommentaar is behulpsaam met die uitvoering van hierdie taak en daar word veral toegesien dat nuusbulletins en nuuskommentaar in ooreenstemming met radiobeleid opgestel word.

(b) (vii) Die Direkteur: Tegniese Dienste beskik onder meer oor die dienste van 'n hoofingenieur en etlike beheeringenieurs. Die ingenieursdepartement by die Korporasie se hoofkantoor in Johannesburg is verantwoordelik vir die bestuur van alle nuwe tegniese projekte en is nie regstreeks gemoeid met die daaglikse verrigtinge by die onderskeie uitsaaisentrums nie, behalwe by die H.F. Verwoerd-sendstasie op Meyerton en die buitelandse ontvangstasie Panorama. Tegniese beplanning ressorteer onder hierdie amptenaar. Streekingenieurseksies is verantwoordelik vir die gewone bedryfs- en instandhoudingstake in die onderskeie gebiede, met inbegrip van die gewone instandhouding van ateljees en senders.

(c) Hoofamptenare en streekbestuurders

Ofskoon iemand in die Suid-Afrikaanse Uitsaaikorporasie 'n senior amptenaar word sodra hy 'n organiseerder of 'n sogenaamde „eerste" omroeper of ingenieur word, is dit net nodig om die lyn t.o.v. bestuursvlakke in die organisasie tot by die onderskeie hoofamptenare deur te trek. Dit beteken egter nie dat hulle, asook die klompie „bestuurders", 'n vlak effens hoër as die organiseerders wat al minder word, op hulle vlak nie ook administratiewe beheer uitoefen nie. Dit vind van die hoogste tot byna die laagste vlak plaas.

In die organisasie van die Korporasie word daar een en twintig hoofposte aangetref. Die meeste hoofamptenare, nl. ses, skakel met die Direkteur Radioprogramme, nl. die Hoof: Ngunidienste, die Hoof: Sothodienste, die Hoof: Buitelandse Dienste (ofskoon aldrie eers aan die Kontroleur: Bantoe- en Buitelandse Dienste as enigste verteenwoordiger van die vierde bestuursvlak verantwoording verskuldig is), die Hoof: Afrikaanse Diens, die Hoof: Engelse Diens en die Hoof: Musiek. Daarna ressorteer vyf hoofde onder die Direkteur: Personeel, Beplanning en Outomatisasie, nl. die Hoof: Personeeladministrasie, die Hoof: Beplanning, die Hoof: Dataverwerking, die Hoof: Voorrade en Magasyne en die Hoof: Finansies. Vier hoofamptenare skakel regstreeks met die Direkteur Administrasie as die volgende bestuursvlak, nl. die Hoofargitek, die Hoof: Openbare Betrekkinge, die Hoofrekenmeester en die Hoof: Administrasie.

Drie hoofamptenare is verantwoordelik aan die Direkteur: Advertensies, nl. die Hoof: Springbokradio en Advertensies, die Hoof: Streekdienste en Radio Bantu-advertensies en die Hoof: Lourenco Marques Radio. Dieselfde geld die Direkteur: Nuusdienste, nl. die Hoof: Nuusdienste en die Hoof: Nuuskommentaar. Twee direkteure het net een hoofamptenaar wat daagliks met hom in aanraking kom, nl. die Direkteur: Televisieprogramme (die Hoof: Televisieprogramme) en

die Direkteur: Tegniese Dienste (die Hoofingenieur Spesiale Pligte).

'n Benaming wat uit die vroegste jare van die radiowese in Suid-Afrika vandag nog bestaan, is dié van „streekbestuurder". Die onderskeie uitsaaisentrums van die S.A.U.K. in die vier provinsies en Suidwes-Afrika het elkeen 'n streekbestuurder as hoof. Daar bestaan sewe streekbestuurders, aangesien Oos- en Wes-Kaapland uit twee streke bestaan en Transvaal ook uit twee, nl. in Johannesburg (tot 1971 was die pos van die streekbestuurder nog dié van 'n adjunk-direkteur) en Pretoria vir Noord-Transvaal.

Die benaming „direkteur" op bestuurs- en administratiewe vlak kan teruggevoer word tot die aanstelling van mnr. R.S. Caprara, hoofbestuurder van die "African Broadcasting Corporation", as Direkteur van die Korporasie, na afloop van die tweede vergadering van die eerste beheerraad van die S.A.U.K.[21] In sommige publieke korporasies word die betiteling „sekretaris" aangetref en dit was ook in die vroegste dae van die S.A.U.K. die geval.

Die administratiewe betiteling „organiseerder" kan

---

21) S.A.U.K.-jaarverslag, 1937, p. 7.

teruggevoer word na 1938. In die jaarverslag word gemeld dat adv. J.F. Marais (nou regter) as eerste organiseerder van Afrikaanse Programme aangestel is.[22] Spesiale kleinspan- en jeugprogramorganiseerders is nege jaar later aan al die omroepe aangestel.[23] 'n Voorbeeld van hoe daar in die begin rondgetas is om standaard-ampsbenamings te skep, is die aanstelling vroeg in 1940 van mnr. James McClurg as „Superintendent" van Nuus en Praatjies.[24] Dié betiteling bestaan nog in verskillende programdienste, bv. Radio Bantu.

Wat die „streekbestuurder" betref, kan sy herkoms teruggevoer word na 'n omvattende skema vir die reorganisasie en hergradering van die postestruktuur in 1944 om veral die status van die Korporasie se streekuitsaaisentrums te verhoog en 'n bydrae tot na-oorlogse rekonstruksie en ontwikkeling te lewer.[25] Die eerste stap in dié skema was die toekenning van die titel „streekdirekteur" aan die Korporasie se „takbestuurders" in Johannesburg, Kaapstad en Durban. Hierdie betiteling is sowat twintig jaar later verander na „streekbestuurder".

---

22) S.A.U.K.-jaarverslag, 1938, p. 18.
23) S.A.U.K.-jaarverslag, 1947, p. 31.
24) S.A.U.K.-jaarverslag, 1940, p. 14.
25) S.A.U.K.-jaarverslag, 1945, p. 12.

## 4. SAMEVATTING

Die geleidelike ontwikkeling van die radiowese in Suid-Afrika het meegebring dat die bestuur en organisasie van die Suid-Afrikaanse Uitsaaikorporasie sedert sy stigting in Augustus 1936 voortdurend by veranderende omstandighede aangepas moes word. Die toename in die getal programdienste van een tot agttien teen 'n tempo van gemiddeld een elke twee jaar[26)] is 'n goeie aanduiding van watter eise aan die organisatoriese en bestuursaspekte van die Korporasie gestel is. Tred moes gehou word met die uitbreiding van die jong, kragtige massakommunikasiemedium en aanpassings moes gemaak word t.o.v. die behoeftes wat moderne organisatoriese bestuurstegnieke vereis.

Die huidige stelsel van gesagsvlakke en -benamings het die toets van die tye deurstaan en is die produk van beproefde gebruik oor 'n tydperk van langer as dertig jaar. Pogings is blykbaar aangewend om oorvleueling van pligte en funksies van die onderskeie amptenare op die gesagsvlakke tot 'n minimum te beperk.

---

16) Die verhouding is veel groter as die uitbreiding sedert 1959 net in aanmerking geneem word.

Die geweldige uitbreiding in die werksaamhede en dienste van die Korporasie, veral gedurende die afgelope twaalf jaar of wat, het meegebring dat 'n volle nege beheerraadslede voortdurend in die raad dien. Die Bantoeprogrambeheerraad het in dié opsig die druk op die oorkoepelende raad aanmerklik verlig. Tog sou 'n mens graag wou sien dat die ou gebruik dat een van die lede 'n vrou <u>kan</u> wees, weer ingestel word, veral nou dat die maksimum-getal lede moontlik benoem word. Met die oog op die groot hoeveelheid werk en die instelling van 'n televisiediens teen ongeveer 1975 sal dit ook dalk blyk dat meer as een voltydse beheerraadslid nodig gaan wees. 'n Voltydse onder-voorsitter, of enige lid wat vir dié doel benoem word, sal tegelyk waardevolle ondervinding opdoen van wat die voltydse aktiwiteite en verantwoordelikhede van die voorsitter alles behels.

Die bestuur en organisasie van elke onderneming, van elke openbare korporasie en semi-staatsinstelling, ontwikkel op die wyse en volgens die behoeftes wat ondervind word. Veral die verskillende publieke korporasies wat om verskillende redes en vir verskillende doeleindes in die lewe geroep is, ondergaan nog 'n mate van ontwikkeling wat die organisasie en bestuursake betref. Daar kan nie verwag word dat daar binne die bestek van 'n paar dekades absolute

sekerheid in dié opsig bereik moet word nie. Dieselfde geld ook die S.A.U.K. en die skommeling in die hoër bestuursvlakke se betitelings is bewys daarvan.

In hierdie hoofstuk is probeer om 'n uiteensetting te gee van hoe die bestuur en beheer oor die Suid-Afrikaanse Uitsaaikorporasie intern, van die kant van die Korporasie self, geskied. In die hoofstuk oor die verhouding tot die Staat sal aandag geskenk word aan die kwessie van eksterne beheer, d.w.s. deur die Staat, en wat die verband is tussen die interne en eksterne beheer oor die Korporasie. Sake soos die voorlegging van 'n jaarverslag deur die S.A.U.K. aan die Minister van Nasionale Opvoeding vir indiening in die Parlement, sal daarin ter sprake kom.

'n Studie en ontleding van 'n onderneming se bestuurs- en organisatoriese struktuur gee 'n vlugtige indruk van die werksaamhede en aktiwiteite waarlangs die eindproduk uiteindelik bereik word. Ofskoon die radioprogram of die nuusbulletin, ter wille van inligting, opvoeding en vermaak, die uiteindelike mikpunt van die S.A.U.K. is, behels die aktiwiteite van die Korporasie veel meer. Die aktiwiteite van die Suid-Afrikaanse Uitsaaikorporasie kan vervolgens aandag geniet.

HOOFSTUK 5

# AKTIWITEITE

## 1. INLEIDING

Radio is "the marvellous invention which obliberated space and brought music, entertainment, education and information into the homes of the people".[1] Hierdie vierledige doel met radio-uitsendings kan verminder word na drie, nl. om in te lig, om te onderrig en te vermaak.[2] Dit is nie 'n maklike taak wat die radio vir homself teenoor die luisteraars gestel het nie en talryke probleme word ondervind. "Perhaps the Corporation's most difficult problem is to strike the right balance between entertainment and inlightment. Neither can be neglected".[3]

Hierdie universele en selfopgelegde taak van die radio is in baie opsigte moeiliker wat Suid-Afrika betref. Die rede is dat die Republiek uniek is vanweë sy hoogsverwikkelde rassesamestelling waarin elke burger met sy eie taal, godsdiens en politieke

---

1) Rhodes, T.A.F.: Broadcasting before the S.A.B.C. was created (1924 - 1936) 'n Afgerolde verslag, p. 1.
2) Amptelike inligting- en opleidingstuk van die S.A.U.K.
3) "The Star", 4 Julie 1949. Inleidingsartikel: "Broadcasting vistas".

siening streef na die behoud van sy identiteit. Dié feit is onderstreep deur die verslag van die kommissie van ondersoek na aangeleenthede betreffende die instelling van 'n televisiediens. Daarom is die taak van die Suid-Afrikaanse Uitsaaikorporasie wat weerspieël word in sy aktiwiteite soveel anders en ruimer as dié van ander omroepe in Westerse lande. Die kultuur en algemene belange van al die bevolkingsgroepe moet by die aanbieding van nuus en aktualiteits-, opvoedkundige en vermaaklikheidsprogramme voortdurend in ag geneem word.

Die S.A.U.K. het dit telkens al duidelik gestel dat hy daarna streef om in sy agttien programdienste hierdie drieledige ideaal na te streef, bv. d.m.v. nuusuitsendings (om in te lig), praatjies, tydskrifmateriaal en klank- en hoorbeelde (om op te voed) en musiek- en vermaaklikheidsprogramme (om te vermaak). In die Korporasie se verslag vir 1948 word dit só gestel: „Die S.A.U.K. verskaf nie net vermaaklikheid nie, maar dien ook as 'n ‚kulturele kragbron vir die Suid-Afrikaanse volkslewe'".[4] Voorts word verklaar dat die Korporasie hom deur verskeie ondernemings daarop toespits om te probeer om stimulerend vir die Suid-Afrikaanse kulturele lewe op te tree.

---

4) S.A.U.K.-jaarverslag, 1948, p. 10.

'n Ontleding van amptelike riglyne in dié verband sedert die stigting van die S.A.U.K. in 1936 bring aan die lig dat die aktiwiteitsdrang van die Korporasie tot een ideaal gereduseer kan word, nl. om die luisteraar, Blank en Nie-Blank, te dien.[5] „Van ons ateljees en senders gaan die daaglikse programme uit om u te amuseer, in te lig en om genot en vermaaklikheid te verskaf. Ons put ons programme uit die wêreld se bronne, ons koop of vervaardig die beste moontlike senders, en ons bestee baie geld aan moderne ateljees".[6] In hierdie diensmotief bly die luisteraar die middel- en uitgangspunt. „Dit is die strewe van die S.A.U.K. om steeds sy vinger te hou op die kloppende pols van die lewende bevolking wat hy dien",[7] aldus die Adjunk-direkteur: Algemene Dienste, mnr. P.J. Bothma, in 1949. Meer onlangs, in 1961, is gemeld: „Dit bly steeds die doelwit van die beleid en bestuur om die publiek in sy vertroue te neem en sodoende vertroue te win vir sy opregte strewe om alle bevolkingsdele te dien met inagneming van die behoeftes wat hulle het en met eerbied teenoor die oortuigings, tradisies en ideale wat hulle koester. Terselfdertyd werk die Raad en sy amptenare onafgebroke om geesteswaardes uit te bou deur

---

5) Mnr. Gideon Roos in 'n Handleiding vir Luisteraars, Mei 1951.
6) Ibid, dr. S.H. Pellissier.
7) S.A.U.K.-publikasie: „50 Jaar Radio in Natal", 1949, p. 7.

die kulturele bedrywighede van die verskillende bevolkingsdele te stimuleer, bekend te stel en deur sy eie bydraes te verryk".[8)]

Wetenskaplikverantwoorde metodes word deur die S.A.U.K. gebruik om te probeer vasstel van watter programme luisteraars hou en watter programme vervang moet word. Luisternavorsing word onderneem om luisterpersentasies en -gegewens vas te stel, asook luisteraarsmotiewe en -voorkeure. Al agttien programdienste word beskou as kulturele dienste onder dieselfde beheerstelsel, met dié verskil dat advertensies in sommige van hulle opgeneem word. Dieselfde lisensiegeld word vir al die programdienste geïn en geen adverteerder oefen beheer uit oor die programme in die dienste nie.[9)]

Die taak van die S.A.U.K. word in 'n jaarverslag só opgesom: „Die Korporasie ag dit sy taak om as spieël te dien van alles wat die volk op die gebied van die natuur, die geskiedenis, die kuns, die kultuur, die ekonomiese en finansiële lewe, ja, die volledige omvang van sy bedrywighede en belangstellinge, in beslag te neem".[10)] En elders: „Die Korporasie

---

8) S.A.U.K.-jaarverslag, 1961, p. 6.
9) S.A.U.K.-jaarverslag, 1966, p. 8.
10) S.A.U.K.-jaarverslag, 1964, p. 7.

se programdienste is wawyd wakker om klankbord te wees vir die manifestasies op kulturele en kunsgebied, die ekonomiese lotgevalle van die volk, ernstige droogte en waterskaarste en prestasies op elke terrein van die menslike strewe en onderneming".[11] Verder: „Die S.A.U.K. trag om in sy programme en deur sy ryke verskeidenheid uitsendings 'n spieëlbeeld te verskaf van Suid-Afrika en die lewenswyse van sy mense".[12]

Die aktiwiteite van die Korporasie is die resultaat van die inspanning van 'n groot verskeidenheid mense wat in verskillende rigtings opgelei is: die administrateur, klerk, tegnikus, ingenieur en omroeper vorm een groot span om die hele masjien gladweg te laat loop ten einde die radio aan sy doel te laat beantwoord. Dit kan nie ontken word dat die S.A.U.K. deur die jare vir hom 'n eie en waardige plek in Suid-Afrika verwerf het nie. „Sonder die S.A.U.K. sou Suid-Afrika nie dieselfde gewees het nie", sê mnr. F. Mastenbroek in 'n artikel oor die Korporasie in „Santampos" in November 1963.

Die omroeper is as't ware die verpersoonliking van die Korporasie vir die deursnee-luisteraar wat nie

---

11) S.A.U.K.-jaarverslag, 1965, p. 5 - 6.
12) S.A.U.K.-jaarverslag, 1954, p. 10.

altyd bewus is van die werk wat 'n uitsending vooraf-gaan of daarmee gepaard gaan nie. Die credo van die omroeper word in die publikasie „50 Jaar Radio in Natal" só deur mnr. Pieter de Bruyn, die vorige Hoof: Afrikaanse Diens, uiteengesit: „Hy saai uit vir mense soos hyself, met dieselfde begeertes, swakhede en drifte. As hy dus die indruk van lewensvatbaar-heid wil skep, moet hy optree as 'n eenvoudige wese soos ek en jy. Maar 'n gewone mens kan soms vrees-lik vervelig wees en dis hier waar radiotegniek radiokuns word". Elke uitsending is essensieel 'n intieme ondervinding wat gedeel word deur die uit-saaier, sy dit die aankondiger uit die kontinuïteits-ateljee of 'n dosyn spelers en die individuele luiste-raar in 'n gehoor van duisende. „'n Uitsending en die radio as sulks is ook 'n gewaarwording van die lewe self, sy dit in vermaak, opvoeding, musiek of dramatiese vasstelling. Dit verskaf 'n intieme skakel tussen mense wat andersins nooit met mekaar in verbinding sou tree nie".[13)]

## 2. 'N ALGEMENE TERUGBLIK

Die aktiwiteite van die agttien programdienste aan die begin van die jare sewentig het ontwikkel uit

---

13) „50 Jaar Radio in Natal", p. 11.

'n baie klein en nederige begin in 1936. Uit die staanspoor is besef dat uitsaaimateriaal ook uit ander bronne as uit eie bodem verkry moes word. Die eerste belangrike heruitsendings van oorsee was bv. in verband met die abdikasie van Eduard VIII op 11 Desember 1936 en die uitroeping van George VI tot koning van Engeland 'n dag later. Die kroningsplegtigheid van koning George en koningin Elizabeth op 12 Mei 1937 is ook oor al die senders uitgesaai.[14)]

Die eerste grootskaalse buite-uitsendings in Suid-Afrika wat die Korporasie onderneem het, was die Simboliese Ossewatrek van 1938. Hierdie uitsendings het in 'n groot mate gehelp om die geesdrif op te wek vir die hoeksteenlegging van die Voortrekkermonument in dieselfde jaar.[15)] Die eerste keer dat 'n uitsending uit die Parlement plaasgevind het, was toe die Britse koning in 1947 die opening van die sitting in die Senaatsaal waargeneem het.[16)]

Die oorlogsverklaring deur die Britse regering in 1939 het meegebring dat aansienlike eise aan die Korporasie se personeel en tegniese diens gestel is. Die eerste twee weke is daar onafgebroke van sesuur

---

14) S.A.U.K.-jaarverslag, 1937, p. 18.
15) „50 Jaar Radio in Natal", p. 7.
16) S.A.U.K.-jaarverslag, 1947, p. 12.

soggens tot om middernag van alle stasies af uitgesaai.[17] Kort ná die uitbreek van die oorlog is die beheerraad se beleid in verband met die oorlog omskryf en aan die regering meegedeel.

Die oorlogtoestande het ongetwyfeld 'n verreikende uitwerking op programme gehad. Heelwat probleme is geskep vir diegene wat belas was met die verantwoordelikheid om 'n hoë vermaaklikheidspeil oor die eter te handhaaf.[18] Sommige van die programme oor die oorlog is plaaslik uitgesaai, maar die meeste oorlogsverslae en programme is regstreeks van die B.B.C. heruitgesaai. Teen die einde van 1940 is 'n gereelde voorraad opnames ook ontvang van 'n mobiele eenheid van die S.A.U.K. by die strydmagte in Oos-Afrika.[19] Verskeie beskermingsmaatreëls teen die misbruik van programme is geleidelik ingevoer.

„Op geen tydstip sedert die ontstaan van die uitsaaiwese het musiek soveel vir die gewone luisteraar beteken as juis in hierdie bewoë dae nie".[20] Nuusdienste is ook teen 1940 uitgebrei. Die Korporasie het daarbenewens aan die begin van die oorlog lyste uitgesaai met die name van persone wat die

---

17) S.A.U.K.-jaarverslag, 1939, p. 3.
18) S.A.U.K.-jaarverslag, 1942, p. 6.
19) S.A.U.K.-jaarverslag, 1940, p. 12.
20) Ibid, p. 22.

Rooikruisvereniging op geen ander wyse kon opspoor vir die versending van posstukke na en van krygsgevangenes nie en vir die herstel van kontak tussen mense wat as gevolg van die oorlog verbreek is.[21)]

Dwarsdeur die Tweede Wêreldoorlog is die radio-doelstellings in die aktiwiteite van die S.A.U.K. sonder onderbreking nagestreef ondanks talryke vraagstukke wat ondervind is. As gevolg van die oorlog is die aflewering van nuwe senders vertraag. Die Britse regering het twee mediumgolfsenders wat in Junie 1939 bestel en 'n jaar later gelewer sou word, vir sy eie gebruik gekommandeer, en ander reëlings moes getref word.[22)] Die invoering van dagligbesparing in Natal in Julie 1942 het ongewone versteurings van die programreëlings meegebring. Toe dagligbesparing teen September dieselfde jaar op die hele land van toepassing gemaak is, is sake vereenvoudig, ofskoon probleme nog ondervind is in verband met die heruitsending van die B.B.C. se nuus- en ander dienste.[23)]

Die ontwikkeling van die radio en algemene aktiwiteite sedert die oorlog is volledig bespreek in hoofstuk 3. Ten slotte kan egter kortliks gewys

---

21) S.A.U.K.-jaarverslag, 1940, p. 12.
22) S.A.U.K.-jaarverslag, 1942, p. 12.
23) Ibid, p. 6.

word op die mondigwording van die Suid-Afrikaanse Uitsaaikorporasie op 1 Augustus 1957. 'n Spesiale poging is onder meer deur die Beheerraad aangewend om inheemse materiaal in sy programme te gebruik.[24] Aan 'n aantal skrywers en komponiste is opgedra om manuskripte voor te lê en musiek te skryf. Belangrike gebeurtenisse in die Korporasie se mondigwordingsjaar wat in sy programme gereflekteer is, was onder meer die lansering van die eerste Spoetnik-satelliet deur Rusland en die dood van mnr. N.C. Havenga, mnr. J.H. Viljoen en sir Ernest Oppenheimer. 'n Nuwe dorp in Noord-Transvaal is „Soetmelksvlei" gedoop na aanleiding van **een van die** hoogtepunte in die aanbiedings van die Afrikaanse Diens, „Die Du Plooy's van Soetmelksvlei", deur Jan Schutte.

Ofskoon die S.A.U.K. se tegniese dienste onontbeerlik is vir die deeglike funksionering van die Korporasie, gaan die klem t.o.v. die werksaamhede hoofsaaklik op die verskillende programdienste val.

## 3. DIE AKTIWITEITE VAN DIE PROGRAMDIENSTE

Al die vertakkinge in die uitgebreide S.A.U.K.-organisasie lê hulle daarop toe om in eie sfeer by te dra

---

24) S.A.U.K.-jaarverslag, 1957, p. 12.

tot die drieledige radiotaak t.o.v. die luisteraar, nl. om in te lig, om op te voed en om te vermaak. Al hierdie werk word gekanaliseer na die programdienste waardeur die luisteraar bereik word. Wat die hoofuitsaaisentrum, Johannesburg, betref, is meer as duisend personeellede daarby betrokke. Die agttien programdienste wat in negentien tale uitsaai, is die Afrikaanse Diens, die Engelse Diens, Springbokradio, die drie FM-streekdienste Radio Hoëveld, Radio Goeie Hoop en Radio Port Natal, die deurnagdiens van Radio Suid-Afrika, die Buitelandse Dienste en Radio Bantu se tien programdienste, die Suid-Sothodiens, die Zoeloediens, die Kôsadiens, die Noord-Sothodiens, die Tswanadiens, die Vendadiens en die drie Inboorlingdienste vir Suidwes-Afrika se inheemse bevolking, die Ovambodiens, die Hererodiens en die Nama/Damaradiens.

In sy programbeleid hou die Korporasie daarmee rekening dat hy 'n positiewe rol in die gemeenskap deur sy aktiwiteite kan en moet vervul. Met dié beskouing oor sy funksie as uitgangspunt, formuleer die S.A.U.K. sy breë programbeleid. Om positief, verrykend en veredelend te dien, soek hy aansluiting by verantwoorde gedrags- en denkpatrone. In dié rol, as draer van die beste en blywende waardes en beskouings van die gemeenskap, lewer die Korporasie, soos alle ander massamedia, sy grootste diens. Daarin lê sy wesent-

like krag. "The values of a broadcasting organization are inplicit in its programmes. The programme structure rests on a structure of value judgements about God, man and the social order which is created by the interplay of all those who work in Broadcasting with the world outside".[25)]

3. 1 Die Afrikaanse Diens

In hoofstuk 2 is aangedui dat, ofskoon Afrikaans in Suid-Afrika die moedertaal is van die oorgrote meerderheid Blankes, die eerste volwaardige programdiens in die land in Engels was.[26)] Tyd is bloot af en toe op dié diens beskikbaar gestel vir Afrikaanse programme. Reeds in sy jaarverslag vir 1938 word dit egter duidelik gestel dat dit die Korporasie se beleid is om by die opstel van programme vir enige besondere streek behoorlik ag te slaan op die taalbehoeftes van sodanige streek.[27)] Hierdie beleid het in 1938 die instelling van selfstandige Afrikaanse programme in Kaapstad en Johannesburg tot gevolg gehad. „Die gevolg was dat 'n omvattende radiodiens tans

---

25) Scupham, J.: Broadcasting and the Community in The New Thinker's Library. Hoofredakteur: Raymond Williams. Londen, 1967, p. 66.
26) Vergelyk p. 33.
27) S.A.U.K.-jaarverslag, 1938, p. 17 - 18.

beskikbaar is vir die vermaak en opvoeding van die inwoners van daardie groot plattelandse gebiede om wie se ontwil hierdie dienste juis in die lewe geroep is. Die bereiking van hierdie doel binne so 'n kort tydperk is waarskynlik uniek in die geskiedenis van die uitsaaiwese".[28)]

Die Afrikaanse Diens het binne twee jaar die stadium van volkome ontwikkeling bereik en operas, operettes en musiekblyspele is die eerste keer in Afrikaans oor die eter gehoor.[29)] Boereorkeswedstryde en verskeidenheidskonserte was gou aan die orde van die dag. Die klem het geleidelik, afgesien van vermaak vir die volk, ook op inligting en opvoeding begin val. 'n Begin is gemaak om positief deel te neem aan die Afrikaner se kultuuraksie. „Die diens staan nog steeds op die fondamentstene van die Afrikanervolk se godsdienssin, sy liefde vir ons taal, ons bodem, ons verlede en ons vaderland".[30)] Die groot verskeidenheid programme is 'n klankbeeld van die denke en drome, die prestasies en ideale van die Afrikaner hier en nou.[31)]

Op die oomblik word die aktiwiteite van die Afri-

---

28) S.A.U.K.-jaarverslag, 1938, p. 18.
29) S.A.U.K.-jaarverslag, 1939, p. 9.
30) S.A.U.K.-jaarverslag, 1968, p. 17.
31) S.A.U.K.-jaarverslag, 1949, p. 9.

kaanse Diens onder die Hoof: Afrikaanse Diens gereël deur organiseerders in bevel van aanbieding, drama, sport, godsdienstige uitsendings, administrasie, tydskrifprogramme en aktuele programme. In 1949 is twee adviserende komitees, een vir die Noordelike en een vir die Suidelike streek en elk bestaande uit drie deskundiges op die gebied van die Afrikaanse taal en uitspraak, deur die Beheerraad in samewerking met die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns benoem. Dit is later saamgesnoer in die Komitee vir Taaladvies. Die vier lede van lg. komitee luister na programme en lewer maandeliks verslag aan die Raad deur 'n taaladviseur oor die taalgebruik oor die lug. Dit word dan tot die beskikking van die omroepers gestel om as 'n leidraad te dien.[32)]

(i) Godsdienstige uitsendings

Die Afrikaanse Diens se godsdienstige uitsendings is van die belangrikste en gewildste programme wat op enige diens aangebied word. Die „Boekevat"-program na die aand se streeknuusbulletin word as die gewildste van alle programme bestempel.[33)] Hierdie eenvoudige godsdiensoefening het gou een miljoen gereelde

---

32) S.A.U.K.-jaarverslag, 1968, p. 17.
33) S.A.U.K.-jaarverslag, 1965, p. 12.

luisteraars getrek - die hoogste luistersyfer wat enige gereelde program ooit in die geskiedenis van die S.A.U.K. behaal het. Die eenvoud van dié aandgodsdiensprogram bring steeds meer mense terug na die huisaltaar.[34]

Naas musiek en nuus word die meeste programtyd aan godsdienstige uitsendings gewy.[35] Dit het in 1945 sowat 4,1 persent van die totale uitsendingstyd per week in beslag geneem en gestyg tot 5,8 persent in 1969. 'n Organiseerder van godsdienstige uitsendings het op 1 Junie 1971 in Johannesburg diens aanvaar. Afgesien van die gereelde godsdienstige ateljee-uitsendings is daar in 1969 'n nuwe indeling van erediensbeurte in werking gestel waarvolgens elkeen van die drie Afrikaanse kerke elke Sondag minstens een uitsaaibeurt kry en die getal erediensuitsendings per jaar van 208 tot 234 vermeerder is. Dit is moontlik gemaak deur al om die ander Sondag sekere eredienste op streekbasis en ander landwyd uit te saai.[36] Erediensuitsendings word ook sedert 1968 gedesentraliseer om afgeleë gemeentes ook uitsaaibeurte te gee.

Leraars van die drie Afrikaanse kerke en die Aposto-

---

34) S.A.U.K.-jaarverslag, 1965, p. 12.
35) Ibid, p. 2.
36) S.A.U.K.-jaarverslag, 1969, p. 17.

liese Geloofsending kry gereeld geleenthede om die môre- en aandoordenkings en oggendgodsdienste te lei. Daar bestaan, soos reeds gemeld, 'n Adviserende Komitee insake Afrikaanse Kerkuitsaaidienste wat ingevolge Artikel 11(1) van die Uitsaaiwet van 1936 in die lewe geroep is. Verteenwoordigers van al die kerkgenootskappe wat vir uitsending gebruik word, dien daarin, onder voorsitterskap van die Direkteur-generaal (Programme). Op die vyfde vergadering van die Beheerraad van die Korporasie is die beginsel reeds aanvaar dat die S.A.U.K. niks van godsdienstige aard mag uitsaai wat van 'n kontensieuse of polemiese aard is nie; bereken is om enige seksie van die samelewing aanstoot te gee nie; van 'n politieke aard is nie; bereken is om die aanhangers van enige geloof of godsdiens aanstoot te gee nie; op enige manier betrekking het op besprekings in die Parlement nie; of regstreekse propaganda vir enige besondere geloof behels nie.[37)]

(ii) Aktualiteitsuitsendings

Sedert die instelling van 'n volwaardige diens in Afrikaans is dramatiese gebeurtenisse soos feeste en begrafnisse van volksleiers deur middel van die

---

37) S.A.U.K.-jaarverslag, 1937, p. 15.

radio tot in die voorhuis van die Afrikaanssprekende gedra. Van die mees onlangse gebeurtenisse wat vermelding verdien, is die begrafnis van dr. Verwoerd (1966), die Apollo-maanvlugte, die Republiekfees (1966), die Coalbrook-mynramp (1960), Suid-Afrika se onttrekking uit die Statebond (1961), die eeufees van die Gereformeerde Kerk (1959), die begrafnis van dr. Malan (1959), die begrafnis van adv. Strijdom (1958), die Vrystaatse Eeufees (1954), die begrafnis van genl. Smuts (1950) en die Van Riebeeckfees van 1952. Daar was ook die inwyding van die Voortrekkermonument in 1949, die besoek van die Britse Koninklike gesin in 1947 en die Simboliese Ossewatrek van 1938.[38)]

(iii) Hoorspele

Een van die verklaarde ideale van die Afrikaanse Diens is die op- en uitbouing van 'n volwaardige inheemse hoorspelliteratuur en in dié rigting word al sedert die vroegste jare gewerk. Plaaslike skrywers is reeds in 1938 al aangemoedig om hulle werk voor te lê vir uitsending.[39)] In dieselfde jaar is 160 dramas, geskryf deur Suid-Afrikaners, uitgesaai, waarvan 97 in Afrikaans was.

---

38) Sulke gebeurtenisse sal veral met die instelling van 'n televisiediens behoorlik tot hulle reg kom.
39) S.A.U.K.-jaarverslag, 1938, p. 22.

Die hoorspelwedstryd waaraan prysgeld verbonde is, dateer uit 1945 toe die eerste wedstryd in sy soort uitgeskryf is, met pryse van £100, £50 en £30, in Afrikaans en Engels.[40] Geen inskrywing van werklik hoogstaande gehalte is egter uit altesaam 730 ontvang nie. Geen eerste prys is ook toegeken na die hoorspelwedstryd wat in 1950 aangebied is nie, ofskoon 112 inskrywings ontvang is. Ná 'n baie geslaagde wedstryd in 1968, wat 140 inskrywings gelok het, is besluit om jaarliks 'n hoorspelwedstryd aan te bied. Sowat 78% van die totale aantal hoorspele wat uitgesaai is, was van Afrikaanse oorsprong.[41] Verdere aanmoediging vir die skryf van goeie, oorspronklike hoorspele en vervolgverhale het gekom toe die Beheerraad in 1961 besluit het om in samewerking met die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns pryse aan te bied. Die voorwaardes maak voorsiening vir radiodramas, hoorbeelde en vervolgverhale wat voldoen aan die vereistes van die mikrofoon. In dieselfde jaar het die Afrikaanse Diens 33 oorspronklike dramas uitgesaai, waarvan 17 hulle eerste opvoering oor die radio geniet het. „Op hierdie wyse is en bly die S.A.U.K. die vrugbaarste kanaal tussen die dramaturg en die potensiële toneelgehore".[42]

---

40) S.A.U.K.-jaarverslag, 1945, p. 10.
41) S.A.U.K.-jaarverslag, 1968, p. 11.
42) S.A.U.K.-jaarverslag, 1961, p. 5.

'n Mylpaal in die geskiedenis van die Afrikaanse drama was die instelling in 1944 van 'n reeks „groot dramas" waarin Afrikaanse verwerkings (aangepas) van die beste dramas in alle tale en tye, uitgesaai is. In 1949 is 'n Afrikaanse dramafees gehou, bestaande uit vertalings van wêreldberoemde toneelstukke. 'n Meesterdramafees is in 1963 aangebied, waartydens dertien groot dramas uit die wêreldliteratuur aangebied is.[43]

Dit wil voorkom of die wedstrydidee die regte aanmoediging vir skrywers in Afrikaans is. 'n Verblydende getal van 4 027 inskrywings in Engels en 1 063 in Afrikaans is in 1949 in 'n poësiewedstryd ontvang,[44] en in 1969 het 'n wedstryd vir historiese hoorspele 33 stukke gelok. Met die oog op die Bybeljaar in 1970 is opdragte vir die skryf van 33 hoorspele aan 'n aantal Afrikaanse skrywers van naam gegee om die openbaringsgeskiedenis van die Skepping tot by Openbaring uit te beeld.

(iv) Hoorbeelde, praatjies en besprekingsprogramme

'n Groot volume programme oor 'n wye verskeidenheid

---

43) S.A.U.K.-jaarverslag, 1962, p. 13.
44) S.A.U.K.-jaarverslag, 1949, p. 20.

onderwerpe, opgestel deur deskundiges, word jaarliks aangebied om die luisteraar in te lig en op te voed. Jaarliks word oor allerlei onderwerpe deeglik rekenskap gegee by wyse van praatjies, onderhoude, hoorbeelde en besprekingsprogramme. Hierdie soort programme vereis heelwat tyd en daarvoor word die mikrofoon na die betrokke persone, dikwels ver op die platteland, geneem. In 1948 is begin met 'n hoorbeeldreeks oor „Ons Land". Nog twee bekende reekse was „Portret van 'n Vrou" in Vrouerubriek en „Die wêreld van ...". Die besprekingsprogram „Rekenskap" geniet 'n hoë luistersyfer en waar nodig verskaf die Afrikaanse Diens inligting oor aktuele vraagstukke en sake by monde van die hoogste gesag, soos in onderhoude met die Eerste Minister en sy ministers oor bv. behuising, immigrasie, besparing en waterbewaring.

(v) Ander aktiwiteite

Een van die doelstellings van die Afrikaanse Diens is om die Afrikaanse taal tot sy reg te laat kom en dit word op verskillende maniere in heelwat programme gedoen. Heelwat aandag word veral aan programme vir die jeug, van klein tot groot, geskenk, soos die instelling van „Ateljee '73", „Tieneratelje" en „Jongspanateljee" getuig. Die Afrikaner is by uitstek 'n liefhebber van die natuur en buitelewe en

programme soos „Uit ons Natuur" en „Stywe lyne" is onder meer geskep om sy dors na kennis en inligting in dié verband te help les. Omroepers in die onderskeie streke bied ook plaaslike programme aan om die plaaslike milieu, die verskeidenheid in die eenheid, te weerspieël. Ook vir die boer,[45] die huisvrou, die immigrant en die Kleurling word daar gesorg en programme voorsien.

Heelwat van die aktiwiteite van die Afrikaanse Diens is daarop gemik om die Afrikaner se liefde vir sport te bevredig in sy uitsendings. Sportprogramme in Afrikaans dateer uit die jaar 1938 toe 172 uitsendings in albei landstale onderneem is.[46] In Desember 1944 is rugbygeskiedenis in Afrikaans gemaak met kommentaar oor die toetswedstryd tussen Suid-Afrika en Nieu-Seeland in Rome.[47] 'n Afrikaanse krieketkommentator het 'n Springbokspan in 1947 die eerste keer op 'n oorsese besoek vergesel toe 'n Suid-Afrikaanse span Brittanje besoek het. 'n Spesiale kommentator is in Augustus 1948 na die eerste na-oorlogse Olimpiese Spele in Londen gestuur.[48] Al die sportaktiwiteite van die Afrikaanse Diens word deur 'n organiseerder gereël.

---

45) Landbouradio is die langste program vir enige beroeps- of belangegroep daagliks van Maandag tot Vrydag, nl. 'n halfuur lank - soggens van 6.00 - 6.30.
46) S.A.J.K.-jaarverslag, 1938, p. 24 - 5.
47) S.A.U.K.-jaarverslag, 1944, p. 7.
48) S.A.U.K.-jaarverslag, 1948, p. 33.

Hier volg nou 'n ontleding van die toewysing van programtyd op 'n tyd- en persentasiegrondslag van gelyktydige en streekuitsendings. Die persentasie is gegrond op 'n groottotaal van 140 uur en 40 minute en is op die programme van die Afrikaanse Diens gedurende die verslagjaar 1971 van toepassing:

LANDSWYE UITSENDINGS

| Programme | Uur | Min | Persentasie |
|---|---|---|---|
| Nuus .. .. .. .. .. | 9 | 30 | 6,85 |
| Godsdienstige uitsendings .. .. | 8 | 20 | 5,92 |
| Landbouprogramme (Landbouradio) | 2 | 30 | 1,78 |
| Huisvroue .. .. .. .. | 3 | 30 | 2,48 |
| Vermaaklikheid .. .. .. | 1 | 00 | 0,71 |
| Kleuter-, Kinder- en Jeugprogramme .. .. .. | 6 | 05 | 4,32 |
| Kleurlingprogramme (Die Proteaprogram) .. .. | 1 | 20 | 0,94 |
| Hoorspele .. .. .. .. | 3 | 30 | 2,48 |
| Kuns .. .. .. .. .. | 0 | 30 | 0,36 |
| Boekvoorlesings, Taal en Letterkundige programme .. | | 50 | 0,59 |
| Wedstryd .. .. .. .. | 2 | 08 | 1,51 |
| Praatjies .. .. .. .. | 0 | 55 | 0,65 |
| Hoorbeelde/Bespreking .. .. | 1 | 05 | 0,77 |
| Sport .. .. .. .. .. | 5 | 00 | 3,55 |
| Tydskrifprogramme .. .. .. | 2 | 15 | 1,60 |
| Aandelebeurs .. .. .. .. | 1 | 15 | 0,89 |
| Weerberigte, ens. .. .. .. | 3 | 16 | 2,32 |
| Poësie .. .. .. .. .. | 1 | 00 | 0,71 |
| Inheemse musiekprogramme (SAUK-produkte) .. .. .. | 5 | 20 | 3,79 |
| Inheemse musiek (plate) .. .. | 15 | 27 | 10,97 |
| Ander musiek .. .. .. .. | 45 | 05 | 32,01 |
| | 120 | 00 | |

STREEK- EN KORTGOLFUITSENDINGS

| Programme | Uur | Min | Persentasie |
|---|---|---|---|
| Nuus (insluitende S.W.A.) .. | 8 | 05 | 5,74 |
| Godsdiens .. .. .. .. | 2 | 30 | 1,78 |
| Markverslae/Vleispryse | 2 | 00 | 1,42 |
| Kleurling .. .. .. .. | 0 | 10 | 0,12 |
| Sport .. .. .. .. .. | 1 | 45 | 1,24 |
| Tydskrif .. .. .. .. | 6 | 20 | 4,50 |
| | 20 | 50 | |
| GROOTTOTAAL | 140 | 50 | 100% |

### 3. 2 Die Engelse Diens

Aangesien die Engelse Diens soortgelyk is aan die Afrikaanse Diens vir sover dit die aktiwiteite van sy personeel en die indeling van programme betref, sal dié programdiens van die S.A.U.K. nie in soveel besonderhede soos die Afrikaanse Diens bespreek word nie. Daar kan in 'n groot mate volstaan word met 'n ontleding van programtyd op 'n uur- en persentasie-basis en die tyd wat in beslag geneem word deur die verskillende programme gedurende 'n normale week, soos ook in die geval van die Afrikaanse Diens verstrek is.

LANDSWYE UITSENDINGS

| Programme | Uur | Min | Persentasie |
|---|---|---|---|
| Nuus en nuuskommentaar .. .. .. | 9 | 30 | 7,19 |
| Praatjies en tydskrifprogramme .. | 12 | 20 | 9,19 |
| Landbouprogramme .. .. .. .. | 2 | 30 | 1,86 |
| Besprekingsprogramme .. .. .. | 0 | 30 | 0,37 |
| Sport .. .. .. .. .. .. | 6 | 28 | 4,82 |
| Liggaamsoefeninge .. .. .. .. | 1 | 00 | 0,74 |
| Godsdienstige uitsendings .. .. | 5 | 20 | 3,97 |
| Letterkundige programme .. .. .. | 2 | 15 | 1,68 |
| Dramas en hoorbeelde .. .. .. | 8 | 15 | 6,15 |
| Jeug- en kinderprogramme .. .. | 5 | 00 | 3,72 |
| Verskeidenheidsprogramme .. .. | 2 | 30 | 1,86 |
| Ernstige musiek .. .. .. .. | 25 | 51 | 18,51 |
| Ligte musiek .. .. .. .. .. | 34 | 57 | 26,04 |
| Diensuitsendings (Aandelebeursverslae, weervoorspellings, ens.) | 4 | 25 | 3,29 |
| | 120 | 00 | 89,39 |

STREEK- EN KORTGOLFUITSENDINGS

| Programme | Uur | Min | Persentasie |
|---|---|---|---|
| Nuus .. .. .. .. .. .. | 8 | 05 | 6,02 |
| Praatjies en Tydskrifprogramme .. | 0 | 30 | 0,37 |
| Landbouprogramme .. .. .. .. | 1 | 30 | 1,12 |
| Sport .. .. .. .. .. .. | 0 | 55 | 0,68 |
| Godsdienstige uitsendings .. .. | 2 | 00 | 1,49 |
| Programme vir Indiërs .. .. .. | 1 | 15 | 0,93 |
| Totaal .. .. .. .. .. .. | 14 | 15 | 10,61 |
| GROOTTOTAAL | 134 | 15 | 100,00 |

Waar die Afrikaanse Diens voorsiening maak vir spesiale programme vir die Kleurling-gemeenskap, daar sorg die Engelse Diens vir die Indiërs in die Republiek. Programme vir Indiër-luisteraars word op twee dae van die week uit Durban uitgesaai.[49] Saterdae

49) S.A.U.K.-jaarverslag, 1969, p. 25.

word "Sports Riview" aangebied en Sondae van 8.30 tot 9.30 vm. (op dieselfde tyd as die „Proteaprogram" vir die Kleurlinge op die Afrikaanse Diens) word hoofsaaklik aan musiek gewy. Uitvoering deur plaaslike Indiërmusici en -kore, en 'n kinderprogram eenmaal per maand, word in dié uitsendings aangebied.

Teenoor die Afrikaanse Diens se strewe om Afrikaans as taal en die Afrikaanse kultuurbesit in die algemeen te bevorder, het die Engelse Diens dit as verklaarde doelstelling om die Engelse taal en kultuur oor die eter uit te bou. Die Suid-Afrikaanse nasionale strewe van die Engelstalige word in die programme weerspieël. Vir die fynproewer word daar veral op Woensdagaande gesorg, baie op die patroon van die sg. "Third Programme" van die B.B.C.

## 3. 3 Springbokradio

Hierdie tweetalige advertensiediens van die Korporasie saai altesaam 132 uur per week uit. Deur middel van 'n lewendige programbeleid, reklameveldtogte oor die lug en in ander media, asook regstreekse skakeling met die luisteraars, het Springbokradio sedert sy stigting in 1950 vir hom 'n groot luistertal opgebou. Dié diens, wat op 1 Mei 1971 sy mondigwording luisterryk gevier het, het daagliks gemiddeld

1 800 000 luisteraars, gegrond op die jongste beskikbare syfers.[50] Afgesien van 'n paar eie programme word alle uitsendings op dié diens geborg en daar word noulettend gesorg dat 'n hoë gehalte van sowel eie programme as dié van buiteproduksiemaatskappye gehandhaaf word. Hier volg 'n kort uiteensetting van Springbokradio se produksies in 1969, 1970 en 1971:

| | 1969 | 1970 | 1971 |
|---|---|---|---|
| Ten volle plaaslik opgevoerde dramas ..... | 6 685 | 7 501 | 6 984 |
| Opnames van verskillende aard ................. | 3 176 | 3 796 | 3 975 |
| Lewendige aanbiedings .. | 2 275 | 2 613 | 2 561 |
| Verhuurde fasiliteite .. | 1 554 | 1 378 | 1 137 |
| | 13 690 | 15 288 | 14 657 |

Die omroepers en medewerkers van Springbokradio het in 1968 besondere welslae behaal met 'n programreeks getiteld "The Broken Link", waarin daar onder meer op die probleem van homoseksualisme gewys is. Dit is in 1969 opgevolg met 'n reeks dokumentêre programme waarin die verskillende fasette van die moderne gemeenskap se morele en sosiale gedragskode blootgelê is. Dié diens se produksie, "The Outsiders", wat op die "Broken Link"-reeks gegrond is, is

---

50) S.A.U.K.-jaarverslag, 1970, p. 33.

gekies as die S.A.U.K. se inskrywing vir 1969 se Prix Italia in die afdeling vir dokumentêre programme. Verder kon luisteraars bv. in 1963, afgesien van vyf daaglikse nuusbulletins en twee nuushooflynprogramme, inskakel op 320 programme per week.[51)]

Die aktiwiteite van die S.A.U.K. se advertensiedienste word bekend gestel deur 'n spesiale publisiteitsafdeling. Drie projekte t.o.v. Springbokradio waarna verwys kan word, is die gereelde Sari-kompetisie, die Randse Paastentoonstelling en die „Speelgoed-vir-Kleingoed-kompetisie". Luisteraars kry hierdeur die geleentheid om speelgoed vir minderbevoorregte kinders te maak. Die indrukwekkende totaal van 23 826 stukke speelgoed is in 1969 ingesamel.[52)] Dit is Springbokradio se beleid om sy beeld te projekteer as 'n diens aan die hele gemeenskap, vandaar sy verbintenis met welsynswerk. Springbokradio se Kersfonds, waartoe 'n rekordbedrag van R210 359,10 in 1969 bygedra is, behaal die meeste welslae van alle soortgelyke fondse in die land.

### 3.4 Die FM-streekdienste

Die S.A.U.K. beskik oor 12 programdienste wat ad-

---

51) Mastenbroek, F.: „Die Suid-Afrikaanse Uitsaaikorporasie" in „Santampos", November 1963.
52) S.A.U.K.-jaarverslag, 1969, p. 29.

vertensies dra, t.w. Springbokradio, Radio Bantu (sewe dienste), Radio Goeie Hoop, Radio Port Natal, Radio Hoëveld en die Deurnagdiens van Radio Suid-Afrika. Die radio is vanweë sy intieme en persoonlike kontak met die luisteraar 'n besonder sterk advertensiemedium. Drie van hierdie twaalf programdienste staan bekend as die FM-streekdienste, wat bekende, middewegmusiek, met nuus elke uur op die halfuur, as programpatroon het.[53] Dié dienste is gedurende 1969 ten volle geoutomatiseer, wat meer personeel vir meer produktiewe werk beskikbaar gestel het. 'n Rotasiestelsel van bande waarop musiek reeds opgeneem is en wat op al drie dienste uitgesaai kan word, het ook heelwat arbeidsbesparing meegebring. Plaaslike gebeure word in toenemende mate op elke streekdiens weerspieël.

## 3. 5 Radio Suid-Afrika

As een van die twaalf programdienste wat advertensies dra, is dié diens ook ten volle geoutomatiseer. Die deurnagdiens van Radio Suid-Afrika tree in werking wanneer die FM-streekdienste om middernag sluit en saai op die normale senders van dié dienste asook van Springbokradio uit. Radio Suid-Afrika saai

---

53) S.A.U.K.-jaarverslag, 1970, p. 35.

tot om vyfuur soggens op weeksdae en sesuur op Sondae uit en is dus 36 uur per week op die lug. Die diens verskil maar min van die gewone FM-streekdiens, ofskoon geen nuus tussen 12.35 en 4-uur aangebied word nie, en minder advertensies ook uitgesaai word.


## 3. 6 Die Buitelandse Dienste

Hierdie programdienste word met vier kragtige kortgolfsenders van 250 kilowatt elk uitgesaai na teikengebiede buite ons landsgrense. 'n Aanduiding word verkry van die betrokke teikengebiede aan die einde van 1970 as meegaande skets bestudeer word.

In die sesde jaar van sy bestaan vanaf 1 Mei 1971, toe veral die uitsendings in Frans en Engels in 'n mate uitgebrei is, het die programdienste van Radio RSA daagliks 28 uur in nege tale na sowat 21 teikengebiede in Afrika, die Midde-Ooste, Europa, Noord-Amerika en Australasië uitgesaai.[54] Die diens in Engels is die grootste en sy dertien verskillende teikengebiede strek oos- en weswaarts van Nieu-Seeland tot by Noord-Amerika en suid- en noordwaarts

---

54) Veertien uur per dag se uitsendings word op Afrika gerig. Dr. Meyer sê in sy konseptoespraak dat Afrika in toenemende mate 'n belangrike skyf vir die buitelandse uitsendings van 'n menigte lande word. Sewe en dertig lande saai reeds 1 436½ uur per week in 24 tale na Afrika uit. Kommunistiese lande is vir 336 uur van dié totaal verantwoordelik.



Die teikengebiede waarheen Radio RSA uitsaai.

van die Antarktiese gebied tot in Europa. Soos wat die geval met al die dienste is, word programme wat besondere aspekte van die Suid-Afrikaanse lewe en kultuur weerspieël, aangebied.

Binne agt maande ná die instelling van die diens in Duits is dit deur die Duitse Kortgolfluisteraarsbond (ADDX) aangewys as die vierde gewildste kortgolfdiens in Duits. Die jaar daarna het dit opgeskuif na derde plek en in sowel 1969 as 1970 het die Duitse Diens die tweede plek verower. Soortgelyke programme is ook in die Nederlands/Afrikaanse Diens aangebied en dieselfde geld vir die Portugese diens. Die diens in ChiChewa (die taal van Malawi) bestee 'n aansienlike deel van sy programtyd aan gebeure en ontwikkelings in die Suid-Afrikaanse Bantoewêreld, sonder om die geskiedenis van Suid-Afrika en die huidige ontwikkelings as geheel te verwaarloos. Die Swahilidiens het in 'n hoë mate dieselfde patroon gevolg. Dan is daar nog 'n diens in Frans.

Die taak van enige buitelandse kortgolfdiens is om onbevooroordeelde nuus aan te bied, wêreldnuus of binnelandse nuus; om sy land se standpunte en menings ten opsigte van vraagstukke van nasionale of internasionale belang duidelik en ondubbelsinnig weer te gee en om die land se sienswyse, kultuur en die ontwikkeling op die gebied van die wetenskap en tegniek,

die handel en die nywerheid te weerspieël.[55] Om luisteraars te trek en hulle aandag te behou ten einde inligting aan hulle oor te dra, moet enige buitelandse kortgolfdiens programme aanbied wat „anders" is as dié wat die betrokke luisteraar oor sy plaaslike radiostasies kan hoor. In hierdie opsig is Radio RSA, die „Stem van Suid-Afrika", in 'n bevoorregte posisie omdat die groot verskeidenheid kulture in Suid-Afrika, afgesien van fisieke kenmerke soos ons wildlewe, meneraalrykdom en natuurskoon, unieke programmateriaal bied.

Die programme is só beplan dat elkeen die een of ander aspek van die lewe in Suid-Afrika weerspieël en inligting oor die Republiek bevat en tog ook vermaak bied.[56] Nuus en nuuskommentare speel 'n baie belangrike rol in die uitsendings van Radio RSA. Op weeksdae word 51 nuusbulletins uitgesaai, waarvan 32 vollengte-bulletins en 19 „hooflyn"-bulletins is. Daarbenewens word 31 nuuskommentare per dag uitgesaai waarin die Suid-Afrikaanse standpunt t.o.v. sake van die dag gestel word. Op Sondae word 37 nuusbulletins en 18 kommentare aangebied.[57] Wat die uitsendings in Afrikaans betref, word daar op weeksdae soggens 'n

---

55) S.A.U.K.-jaarverslag, 1969, p. 31.
56) Meyer-konseptoespraak, 1969, p. 29.
57) S.A.U.K.-jaarverslag, 1969, p. 31.

nuusbulletin en nuuskommentaar asook 'n kort musiekprogram aangebied. Sondagoggend bestaan die uitsending uit nuus, nuuskommentaar, musiek, 'n nuusbrief, kerknuus en 'n erediens.

Buitelandse kortgolfdienste bereik uiteraard nie naastenby dieselfde massagehore as binnelandse dienste nie. Hierdie dienste is in 'n groot mate, hoewel nie uitsluitlik nie, gerig op meningvormers en 'n belangstellende minderheid in die teikengebiede.[58] Dit sou dus onrealisties wees om van 'n jong diens soos Radio RSA te verwag om onmiddellik reuse-gehore te hê of om 'n dramatiese deurbraak in die wêreldmening t.o.v. Suid-Afrika te maak. In die lig hiervan is die positiewe reaksie van etlike duisende luisteraars uit verskeie wêrelddele op die programme van Radio RSA en sy beleid van nugterheid en feitelikheid, daarom besonder bemoedigend en word heelwat vriende vir Suid-Afrika só gewen. Ek noem 'n paar voorbeelde:

Mnr. Al Wysocki, van Chadds Ford, Pennsylvanië, in die V.S.A.: "Through your station I have come to grow very fond of South Africa and its people. You have a very wonderfull country which many Americans admire and respect. I hope for continued friend-

---

58) S.A.U.K.-jaarverslag, 1967, p. 49.

ship between our two countries".[59] Mnr. John Fussnau, van Dayton, Ohio, in die V.S.A.: "I never gave South Africa much thought until I picked up your station on shortwave, and now I am beginning to be a believer of your great country. I think I'm getting to see your view of the people and their country". Mnr. John O'Shea, van Dublin, Ierland: "Quite frankly, and I am not laying it on now, I cannot think of any other shortwave station which goes to so much trouble for its listeners or which has so much direct contact with its listeners".[60]

Een van die maniere waarop die belangstelling van die luisteraars gewek word, is deur middel van Afrikaanse lesse. Die kursusse word een keer per week in Engels, Duits, Frans en Portugees aangebied. Die belangstelling in die jongste Westerse taal is bemoedigend, veral t.o.v. Noord-Amerika en Wes-Duitsland.[61] Saam met die studente in ander lande het die totale aantal persone wat die kursusse volg, aan die einde van 1970 op 2 357 te staan gekom.[62] Bemoedigend veral is die hoë persentasie studente wat hulle „huiswerk" gereeld instuur vir nasien en kommentaar en die talle studente wat gereeld in Afrikaans

---

59) S.A.U.K.-jaarverslag, 1967, p. 49.
60) Ibid, p. 55.
61) S.A.U.K.-jaarverslag, 1969, p. 34.
62) S.A.U.K.-jaarverslag, 1970, p. 39.

aan Radio RSA skryf! Hierdie gedig is deur mnr. M.D. Riley, van Kalifornië, in die V.S.A., ingestuur:[63]

„Waar die veld sagaardig rus,
Waar die berge helder staan,
In die hemel rein en blou,
Wandel wolke, wit, op baan,
Die wêreld weet nie van dié land
Van die strand wit met sand,
Die wonderlike Groot Karoo,
En die mense, sterk behou,
Die dag sal kom, toe almal sê
Dié nasie staan net soos 'n ster,
Bo alles onafhanklik daar,
Ons eie land Suid-Afrika".

Gedurende 1971 is 89 000 briewe ontvang uit 157 lande, baie van hulle in wêrelddele waarheen Radio RSA se uitsendings nog nie spesifiek gestraal word nie.[64] Noulettende aandag word aan elke brief geskenk en daar word omstandig geantwoord op briewe wat kritiek op Radio RSA of op Suid-Afrika bevat. Sodoende word belangrike skakelwerk ten behoewe van die Republiek ook op 'n ander terrein gedoen. Radio RSA versprei

---

63) S.A.U.K.-jaarverslag, 1967, p. 55.
64) S.A.U.K.-jaarverslag, 1971, p. 45.

tans na meer as 40 000 adresse sy kwartaallikse luisteraarstydskrif, "RSA Calling".[65)]

Die Korporasie voorsien sedert 1949 programme oor Suid-Afrika aan uitsaai-organisasies in ander lande, en daar is vandag min lande wie se radiostasies nie van hierdie programme gebruik nie.[66)] Teen die einde van 1970 het die getal radiostasies wat om programme aansoek gedoen het, op 367 in 63 lande te staan gekom,[67)] 238 Engelstalige stasies in 30 lande; 7 Franse stasies in 5 lande, 61 Portugese stasies in 10 lande; 48 Spaanse stasies in 13 lande; 4 Nederlandse stasies in 2 lande en 8 Duitse stasies in 3 lande. Altesaam 34 van hierdie stasies is in Afrika. Die S.A.U.K. se Oorsese Transkripsiediens, wat by Radio RSA ingeskakel is, het in 1970 altesaam 168 programme voltooi wat op meer as 7 000 plate na die onderskeie stasies gestuur is. Een van die radiostasies, N.A.E.C. in San Francisco, het die volgende kommentaar in 1967 geskryf: "Your material has been excellent, and is the best rounded off of any national service".[68)]

---

65) S.A.U.K.-jaarverslag, 1969, p. 34.
66) S.A.U.K.-jaarverslag, 1963, p. 7.
67) S.A.U.K.-jaarverslag, 1970, p. 39.
68) S.A.U.K.-jaarverslag, 1967, p. 56.

## 3. 7 Radio Bantu

Die unieke Radio Bantu beskik oor sewe programdienste wat altesaam 82 uur per dag uitsaai. Hulle is die Suid-Sothodiens uit Johannesburg vir Suid-Transvaal en die Vrystaat (124½ uur per week); die diens in Zoeloe uit Durban vir Natal en Suid-Transvaal (124½ uur per week); die Kôsadiens uit King William's Town vir Oos- en Wes-Kaapland (weekliks 124½ uur); die Noord-Sothodiens uit Pretoria vir Noord- en Oos-Transvaal (87½ uur per week); die diens in Tswana uit Pretoria vir Wes-Transvaal en die Wes-Vrystaat (87½ uur per week); die Vendadiens uit Johannesburg vir Verre Noord-Transvaal (14 uur per week); en die Tsongadiens uit Johannesburg, ook vir luisteraars in Verre Noord-Transvaal (14 uur weekliks). Die voltooiing van die sendstasie op Louis Trichardt in 1969 het meegebring dat al Radio Bantu se programdienste die eerste keer oor FM hoorbaar was.[69)]

Die besondere gewildheid van Radio Bantu onder die Bantoe word bewys deur 'n opname wat aan die lig gebring het dat die gereelde daaglikse gehoor in 1971 tot net oor die drie-miljoen volwassenes gestyg het.[70)]

---

69) S.A.U.K.-jaarverslag, 1969, p. 35.
70) S.A.U.K.-jaarverslag, 1971, p. 46.

Sowat 98,7 persent van die Bantoe-bevolking van die Republiek was aan die einde van 1971 binne bereik van Radio Bantu se sewe programdienste.[71] Teenoor die bevinding in 1968 dat 92 persent van alle volwasse Bantoes wat daagliks in Suid-Afrika na die radio luister spesifiek op Radio Bantu inskakel, was die 1971-persentasie 96. Stygings in luistertalle vir volwassenes vir die verskillende tydkanale tussen 10-uur soggens en 7-uur saans het sedert 1966 tot die begin van 1969 van 226 persent tot 315 persent gewissel.[72] Minstens 600 000 kinders luister na die daaglikse skoolradio-uitsending. Na berekening beskou 90,3 persent van die luisteraars die programme as goed, baie goed en uitstekend. Net een persent bestempel die programme as swak en baie swak.

Daarop ingestel om in te lig, op te voed en te vermaak, speel die programme van Radio Bantu terselfdertyd hulle rol om goeie verhoudings tussen Blank en Nie-Blank te verstewig. Die bydrae van die uitsendings tot die bewaring en uitbouing van die taal en kultuur van die onderskeie Bantoe-volke is onberekenbaar groot. Elke diens sluit in: nuusbulletins (55 daagliks in 1971), nuuswaardige tydskrifprogramme, praatjies, godsdienstige uitsendings, hoorspele en

---

71) S.A.U.K.-jaarverslag, 1971, p. 46.
72) S.A.U.K.-Bulletin, 8 Junie 1969, p. 35.

vervolgverhale,[73] kinder- en vroueprogramme, daaglikse skooluitsendings, programme vir oumense, vasvra- en besprekingsprogramme, hoorbeelde, 'n wye verskeidenheid musiekprogramme, landbou- en tuinbourubrieke, sportuitsendings en wedstrydprogramme.

Met die uitsondering van tegniese personeel, beskik Radio Bantu oor 'n voltydse programpersoneel (omroepers, programopstellers, diskotekarisse, klerke, ens.) van meer as 200. Sowat vyftig Blanke-programamptenare, wat byna almal grade in Bantoetale of Volkekunde het en ook van dié tale vlot kan praat, tree op as administratiewe of programopsigters en in 'n raadgewende hoedanigheid. Meer as 90 persent van alle programme word òf opgestel òf geskryf deur Bantoes. Benewens die talle oorspronklike hoorspele en vervolgverhale deur Bantoes, sluit werke uit die Westerse kultuur wat reeds in vertaalde vorm in Bantoetale aangebied is onder meer in: Die „Ilias", van Homeros; verskeie dramas van Shakespeare,[74] en „Van den Vos Reinaerde", die bekende fabel uit die Middeleeue.[75]

Die Bantoe is van die ywerigste briefskrywers vir

---

73) Vervolgverhale is die gewildste programme onder die Bantoe.
74) 'n Zoeloe-omroeper wat in 1970 afgetree het, het alleen nege van sy werke in Zoeloe verwerk.
75) Konsep-toespraak van dr. Meyer, p. 15.

sover dit radio-programme en -persoonlikhede betref. Prysliedere deur Bantoe-komponiste kom ook heelwat voor in die duisende briewe wat die sowat 70 omroepers van Radio Bantu se programdienste daagliks uit alle uithoeke van die land ontvang. Die volgende strofe uit een van hierdie liedere vat die reaksie van duisende luisteraars op die programme beeldend saam en is 'n bewys dat die Korporasie in sy doel slaag, ook wat die Bantoe betref:[76)]

„Wees gegroet, julle wat ons vermaak en opvoed!
Julle blitsvinnige boodskappers!
Julle wat geluk versprei ..."

Nog 'n paar hoogtepunte uit die aktiwiteite van Radio Bantu sluit in: Radio Bantu se tiende verjaardag; die Radio Bantu se Welsynsfonds wat in 1970 op R35 146,20 te staan gekom het; die versameling, uitbouing en bewaring van die verskillende Bantoe-volke se musiek en letterkunde[77)] en die uitsending van gereelde oorspronklike hoorspele, vervolgverhale, legendes, prysliedere en dokumentêre programme in die sewe dienste. Die verskillende dienste het in 1971 saam 101 hoorspele en 31 vervolgverhale uitgesaai.[78)]

---

76) Ibid, p. 15.
77) Oor die 35 627 tradisionele musieknommers en komposisies van Bantoe-komponiste is in Radio Bantu se diskoteek opgeneem, volgens die Korporasie se verslag vir 1971.
78) S.A.U.K.-jaarverslag, 1971, p. 48.

Die toekenning die eerste keer van die Radio Bantu-prys vir oorspronklike radiowerke was 'n belangrike mylpaal in 1967.[79] Die radio se bydrae tot die uitbouing van die onderskeie Bantoe-letterkundes en die geleentheid wat aan skeppende kunstenaars gebied word, is beklemtoon deur die 143 oorspronklike werke van Bantoeskrywers wat toé vir dié toekenning in aanmerking gekom het. 'n Radio Bantu-prys kan vir elkeen van die programdienste toegeken word. Die Noord-Sothodiens is die enigste diens waarin 'n prys nog elke jaar sedert die instelling van die Radio Bantu-prys toegeken is.[80]

Radio Bantu doen die afgelope paar jaar ook gereeld mee aan die internasionale klankradio-wedstryd om die Italia-prys en die Japanprys. Hierdie werke is allerweë as iets kenmerkends verwelkom, met lof vir die „andersheid" wat produksies van Radio Suid-Afrika so 'n frisse afwisseling maak te midde van die eendersheid van die inskrywings van die radiodienste in die Noordelike Halfrond.[81] 'n Oorspronklike Zoeloedrama, „Nokhwezi", wat vir die Prix Italia ingeskryf is, het soveel byval gevind dat dit al minstens deur agt oorsese uitsaaistasies aangebied is. Die B.B.C.

---

79) S.A.U.K.-jaarverslag, 1967, p. 10.
80) S.A.U.K.-jaarverslag, 1971, p. 47.
81) S.A.U.K.-jaarverslag, 1965, p. 8.

en twee Duitse stasies het die werk in sy geheel in die oorspronklike Zoeloe aangebied, met verduideliken-de aankondigings in Engels of Duits.[82]

Dit ly geen twyfel nie dat Radio Bantu 'n groot bydrae lewer tot die Bantoe se kultuureie op baie terreine. Een daarvan is die verskillende etniese tale. Taal-komitees is in 1962 in die verskillende programdienste gestig om dringende aandag te skenk aan die oplossing van taalprobleme. Baie is reeds bereik met die standardisering van 'n groot aantal terme in die onderskeie tale en die skepping van nuwes.[83] In 1964 is 'n afdeling vir taalstudie deur Radio Bantu in die lewe geroep.[84] Onder leiding van 'n taal-organiseerder word woorde en terme gekontroleer en ook geskep om aan die eise van die ontwikkelende jong dienste te kan voldoen. 'n Begin is in 1966 gemaak met die insameling van gegewens vir 'n plantkundige album wat 40 000 plantname gesamentlik in die Bantoe-tale sal bevat.[85]

Al hierdie aktiwiteite van Radio Bantu, benewens die eintlike aanbied en uitsending van programme, is op 1 Desember 1969 na nog vier tale uitgebrei toe die

---

82) Konsep-toespraak van dr. Meyer, 1969, p. 15.
83) S.A.U.K.-jaarverslag, 1962, p. 28.
84) S.A.U.K.-jaarverslag, 1964, p. 9.
85) S.A.U.K.-jaarverslag, 1966, p. 10.

Korporasie se Inboorlingdienste vir Suidwes-Afrika ook oor FM uit 'n nuwe ateljeegebou in Windhoek ingestel is.[86] 'n Wye verskeidenheid programme is uit die staanspoor deur Radio Herero, Radio Ovambo en Radio Damara/Nama aangebied. Indien die 18 uur wat die Inboorlingdienste uitsaai, getel word by die uitsaaityd wat Radio Bantu elke dag van die week in sewe tale uitsaai, het die Korporasie van 1 Desember 1969 af saam nagenoeg 100 uur lank <u>per dag</u>[87] in elf tale vir die Bantoe- en Inboorlingvolke van die Republiek en Suidwes-Afrika onderskeidelik uitgesaai.[88] Dit sluit in altesaam 64 nuusbulletins, waarvan 14 vir Suidwes-Afrika se Inboorlingvolke.[89]

Binne die raamwerk van die doelstellings van die radio om inligting, opvoeding en vermaak te verskaf, beywer Radio Bantu hom in die besonder om selfwerksaamheid en diensvaardigheid teenoor die eie gemeenskap by die

---

86) S.A.U.K.-jaarverslag, 1969, p. 40.
87) Skrywer se kursivering.
88) S.A.U.K.-jaarverslag, 1969, p. 40.
89) Voordat die drie Inboorlingdienste ingestel is, m.a.w. toe daar nog 15 programdienste was, is daar 1 524 uur per week uitgesaai, teenoor 333 in 1953 en 364 in 1960. Dit verteenwoordig 'n toename van 319 persent. (Rede van dr. Meyer tydens 'n funksie in die Albert Hertzog-toring op 27 September 1968 kort nadat mnr. M.C.G.J. van Rensburg Minister van Pos- en Telegraafwese geword het).

Bantoe aan te moedig. Ander ideale is om die Christelike boodskap aan die Bantoe oor te dra, om deur die uitsending van wat goed en mooi is in sy eie geskiedenis, tradisie en kulture nasietrots by hom te help skep, om 'n Bantoeprogram uit te saai, maar ook om 'n keur van die Westerse kultuur en vermaaklikheid aan te bied en om te alle tye 'n middel te wees om die regte gesindheid tussen Blank en Bantoe te bevorder.[90)]

## 4. ANDER „RADIO-AKTIWITEITE"

### 4. 1 Die Nuusafdeling

In die uiteensetting van die aktiwiteite van die onderskeie programdienste van die Korporasie tot dusver is daar melding gemaak van die getal nuusbulletins en -kommentare wat daagliks of weekliks in elke diens uitgesaai word. Dit is egter noodsaaklik dat die S.A.U.K. se omvattende en landwye nuusdiens, met 'n Direkteur: Nuusdienste, 'n Hoof: Radionuus en 'n Hoof: Nuuskommentaar aan die spits, kortliks in hierdie hoofstuk oor die Korporasie se aktiwiteite bespreek word.

Meer as die helfte van die bevolking luister daag-

90) Dr. Meyer se konsep-toespraak, p. 14.

liks na die nuus. "The news is undoubtedly the most important and effective broadcasting from the point of view of the information and education of the majority of the population".[91] Die trefkrag van die radio is so wyd en so onmiddellik dat nugterheid in verband met sowel nuusinhoud as -aanbieding altyd nagestreef word. Die Korporasie se Nuusdiens bestaan naas ander nuusmediums in eie reg en het 'n eie inslag, funksie en betekenis wat onvervangbaar en onontbeerlik is vir die gemeenskap wat hy dien. Hierdie rol word onderstreep in die weerspieëling van gebeurtenisse binne en buite Suid-Afrika.

In ooreenstemming met die Korporasie se funksie om feitelike en onbevooroordeelde nuus en inligting van regionale, nasionale en internasionale en algemene aard vir uitsending te versorg, is daar bepaal dat alle nuus en inligting objektief, onpartydig en op grond van feitelike nuuswaarde aangebied moet word.[92] Albei kante van 'n polemiese saak moet ewewigtig beklemtoon word. Kommentaar in die vorm van verklarings of verduidelikings moet net uitgesaai word wanneer dit afkomstig is van 'n gesagdraende persoon, 'n erkende deskundige of 'n segsman in sy amptelike hoedanigheid ten behoewe van 'n organisasie of liggaam,

---

91) Lord Simon of Wythenshawe: The B.B.C. from Within. Londen, 1953, p. 203.
92) S.A.U.K.-jaarverslag, 1961, p. 6.

of amptelik van sodanige organisasie of liggaam. Geen berig mag volgens die nuuskode enigiets bevat wat in stryd is met die wette en provinsiale ordonnansies van die land nie. In sy strewe om luisteraars op saaklike en objektiewe wyse ingelig te hou oor alle binne- en buitelandse gebeurtenisse, beywer die S.A.U.K. hom daarvoor om 'n kenmerkende Suid-Afrikaanse gees te adem.

Die Beheerraad van die S.A.U.K. het in November 1951 sy goedkeuring geheg aan planne om streeknuusdienste in verskillende dele van die land in te stel ten einde die nasionale diens aan te vul en luisteraars op die hoogte te hou van gebeure in die meer beperkte kring van hulle eie gebied.[93] Die land is daarvoor in vyf streke ingedeel. Die belangrikste verwikkeling in die Nuusdiens in 1953 was die voltooiing van hierdie streeknuusorganisasie. Permanente streeknuusredaksies is gevestig in die betrokke vyf streke, nl. Johannesburg (Transvaal), Bloemfontein (die Vrystaat en Noord-Kaapland), Durban (Natal en Griekwaland-oos), Kaapstad (Wes-Kaapland) en Port Elizabeth (Oos-Kaapland en die Grens). Meer as 800 korrespondente en nuusverteenwoordigers is oor die hele land aangestel.[94] 'n Streeknuusdiens is ook op 1 November

93) S.A.U.K.-jaarverslag, 1951, p. 5.
94) S.A.U.K.-jaarverslag, 1953, p. 39.

1956 vir Suidwes-Afrika ingestel, nadat daar in dieselfde jaar met 'n kortgolfstreeknuusdiens begin is. Tans word daagliks 234 nuusbulletins in 19 tale in die binnelandse, buitelandse en Bantoe- en Inboorlingdienste uitgesaai.[95]

„Die nuusbron van Radio Suid-Afrika is ongeveer driekeer groter as enige koerant of tydskrif in hierdie land".[96] Die Korporasie lewer die keur uit die omvattendste nuusvoorsiening wat vir enige enkele organisasie in Suid-Afrika beskikbaar is. Die basiese wêreldnuusbronne is vyf internasionale agentskappe, nl. Reuter, Associated Press, United Press International, Agence France-Presse en Deutsche Presse Agentur. Vir binnelandse nuus word dit aangevul deur Sapa, die Korporasie se verslaggewerskorps en ruim 1 300 deeltydse korrespondente.[97] Al dié bronne verskaf daagliks sowat 400 000 woorde nuus. Daaglikse uitsendings tydens die Parlementsitting is in Januarie 1951 ingestel. Die belangstelling en bedrywigheid tydens verkiesingstyd, wanneer die uitslae gretig afgewag word, is nog 'n bewys van die stelling dat die radio stellig die belangrikste nuusmedium in Suid-Afrika geword het.

---

95) S.A.U.K.-jaarverslag, 1970, p. 51.
96) Mastenbroek in „Santampos", November 1963.
97) S.A.U.K.-jaarverslag, 1964, p. 19.

## 4. 2 Sake van die Dag

Terwyl die menings van toonaangewende deskundiges reeds reëlmatig in die verlede uitgesaai is, het die Korporasie in 1964 daartoe oorgegaan om 'n selfstandige afdeling vir „Sake van die Dag" in die lewe te roep.[98] So 'n afdeling bestaan in die vernaamste radio-organisasies in Wes-Europa. Die uitgangspunt van die beleid t.o.v. hierdie praatjies, wat as die Korporasie se daaglikse „hoofartikel" beskou kan word, is raadpleging van deskundiges op die betrokke gebied en weergawe van verantwoordelike menings op so 'n wyse dat luisteraars wat daarin belang stel, die inligting verkry wat hulle nodig het om self die feite en situasies te beoordeel.[99] Die doel met dié uitsending is verder om positiewe lig te werp op nasionale en internasionale sake; om, wanneer nodig, situasies, tuis en in die buiteland, in perspektief te bring; om die reg van die pers en erkende instansies om kritiek uit te spreek, nie in twyfel te trek nie, maar om van kritiek te verg dat nòg die beeld van ons volk verkleineer nòg die stem van sy mense verdraai word; en waar kritiek ongegrond was, om dit te ontbloot en reg te stel.[100] In die jaarverslag aan die

98) S.A.U.K.-jaarverslag, 1964, p. 7.
99) Ibid.
100) S.A.U.K.-jaarverslag, 1965, p. 33.

Minister van Pos- en Telegraafwese vir 1970, staan: „As kommunikasiemedium het die radio die primêre funksie om verslag te doen oor die snelle opeenvolging van gebeure en om hulle in perspektief te plaas wat bevorderlik vir insig is. Dit definieer die hooffunksie van die S.A.U.K. se hoofartikelrubriek, Sake van die Dag, as 'n verantwoordelikheid om gebeurtenisse in 'n feitelike of 'n lewensbeskoulike verband te plaas wat hul ware betekenis sal uitbring".[101]

Alles wat tradisionele goeie onderlinge verhoudinge tussen die verskillende Nie-Blanke-volksgroepe en tussen hulle en die Blanke-gemeenskap kan versteur en vertroebel, word op nougesette wyse vermy. Op lewensbeskoulike vlak word in die bresse getree vir daardie waardes waarop die Suid-Afrikaanse lewenspatroon berus: vir vryheid wat perke eerbiedig; vir gesag wat behoorlik en verantwoordelik uitgeoefen word; vir 'n menslike verhoudingspatroon wat die verrykende noodsaaklikheid van verskeidenheid erken. Uit luisteraarsbriewe, die luistersyfer en die pers is dit duidelik dat dié Suid-Afrikaanse benadering toenemend aanvaar word as 'n waardevolle bydrae tot 'n sinvolle en vrugbare debat oor sake wat die Republiek raak. Meer as miljoen mense luister tans daagliks in die

---

101) S.A.U.K.-jaarverslag, 1970, p. 48.

verskillende programdienste na die rubriek.[102]

„Sake van die Dag" probeer om 'n brug te skep tussen Afrikaans- en Engelssprekendes en lewer derhalwe 'n groot bydrae tot die bevordering van 'n breë Suid-Afrikanisme wat politieke partytrou oorkoepel.[103] In sy toepassing op sake wat Suid-Afrika intiem raak, projekteer „Sake van die Dag" noodwendig 'n beeld van Suid-Afrika. Temas wat herhaaldelik bespreek word, is die patroon van samewerking in hierdie deel van Afrika, die Republiek se bydrae tot voorspoed en vrede op dié sub-kontinent, die situasie in die Midde-Ooste in die perspektief van Kommunistiese imperialisme, die uitwerking van 'n toeskietlike tydsgees op dissipline, die stryd tussen die leberale en behoudende denkrigtings om heerskappy oor die mens se gees.

## 4. 3 Musiekprogramme

Die meeste radiotyd word in die onderskeie programdienste deur musiekprogramme opgeneem. Wat die Afrikaanse Diens betref, het 4,60 persent van sy uitsaaityd in 1969 uit inheemse musiekprogramme, 13,57

---

102) Ibid, p. 48.
103) S.A.U.K.-jaarverslag, 1967, p. 57.

persent uit inheemse platemusiek en 41,53 persent uit ander platemusiek bestaan. Musiek is en bly die omvangrykste bestanddeel van elke radiodiens ter wêreld. Musiekuitsendings van die Afrikaanse en Engelse Dienste word gekoördineer om veral nie musiek van dieselfde aard gelyktydig op albei dienste te hê nie en baie programme, bv. kamermusiek en solisteuitvoerings, word só gereël dat hulle aansluitend op dié twee dienste plaasvind.

Die opvoedkundige waarde van musiekprogramme word altyd in gedagte gehou en die aanmoediging van goeie musiek is een van die Korporasie se vernaamste doelstellings.[104] Musiek word dikwels 'n internasionale taal genoem en daarom vind 'n land met 'n klein bevolking soos Suid-Afrika dit moeilik om in die huidige tyd van massakommunikasiemiddele 'n eie identiteit op musiekgebied te handhaaf en sorg te dra dat sy eie kunstenaars nie oorweldig word nie. Ofskoon die S.A.U.K. hom daarvoor beywer om die volle spektrum van musiek aan sy luisteraars te bied, is dit 'n hoeksteen van sy beleid om ons eie te bevorder en uit te bou.[105] Reeds in die jaarverslag vir 1941 word gemeld dat die Korporasie ter uitvoering van die belangrike kulturele taak wat op hom rus,

---

104) S.A.U.K.-jaarverslag, 1937, p. 18.
105) S.A.U.K.-jaarverslag, 1968, p. 49.

„die afgelope paar jaar"[106] spesiale aandag geskenk het aan die ontwikkeling van Suid-Afrikaanse musiek.[107] Dit het die insameling van volks- en ander musiek uit alle dele van die land en die liassering daarvan om dit te bewaar, behels, asook die behoorlike rangskikking en aanbieding van alle Suid-Afrikaanse musiek van 'n bevredigende gehalte. In Mei 1949 is 'n week lank 'n „fees van Suid-Afrikaanse Musiek" aangebied en in 1969 is begin met 'n jaarlikse wedstryd om die skryf van Suid-Afrikaanse musiek van alle kategorieë aan te moedig. Die Korporasie het ook vroeg in sy bestaan reeds heelwat aandag begin bestee aan die opbou van 'n Afrikaanse diskoteek, aangesien die gewone platemark veral in die begin feitlik geen voorsiening vir dié soort musiek gemaak het nie.[108] Afrikaanse komponiste word aangemoedig om hulle werk doeltreffend te laat aanbied en dit te laat bewaar.

Musiekprogramme word gereël onder leiding van twee organiseerders - een vir ligte musiek en die ander vir ernstige musiek. „Ligte musiek is die hoofgereg van die uitsaai-diëet".[109] Meer as 80 Suid-Afrikaanse groepe en soliste het in 1967 gereeld ligte musiek in die programdienste aangebied, waaronder

106) Skrywer se aan- en afhaling.
107) S.A.U.K.-jaarverslag, 1941, p. 9.
108) S.A.U.K.-jaarverslag, 1942, p. 10.
109) S.A.U.K.-jaarverslag, 1945, p. 23.

vyf groot orkeste en 34 Boere-orkeste.[110] Die orkes van Hendrik Susan was die eerste orkes wat deur die Korporasie op toer deur die land gestuur is. Dit het groot belangstelling in die Afrikaanse volks- en dansmusiek gaande gemaak.[111]

Wat ernstige musiek betref, speel die Nasionale Simfonie-orkes van die S.A.U.K. wat in 1954 gestig is, 'n besonder groot rol. Die orkes is op 2 Februarie 1954 die eerste keer uit die Johannesburgse ateljees gehoor. 'n Johannesburgse orkes het egter reeds vroeg in 1939, drie jaar ná die stigting van die S.A.U.K., in die plaaslike stadsaal 'n reeks simfoniekonserte aangebied. Dat die openbare optrede van die Nasionale Simfonie-orkes van die S.A.U.K., met sy vaste dirigente, naas sy uitsendings, vrugte dra, word bewys deur die feit dat die getal vaste intekenaars op simfoniekonserte die eerste keer in 1964 reeds die duisendkerf oorskry het. Van die wêreld se beroemdste musici word gereeld na Suid-Afrika gebring om in konserte op te tree. Die stigting van 'n nuwe orkes om jong spelers te werf en op te lei, is in 1965 deur die Beheerraad goedgekeur.[112] Dié S.A.U.K.-juniororkes het in November 1966 sy eerste uitvoering o.l.v. sy

---

110) S.A.U.K.-jaarverslag, 1967, p. 36.
111) S.A.U.K.-jaarverslag, 1942, p. 10.
112) S.A.U.K.-jaarverslag, 1965, p. 7.

eie dirigent gelewer.

Nog mylpale op musiekgebied was die stigting van 'n S.A.U.K.-koor van meer as 100 lede in September 1961, waarmee die gereelde uitvoering van groot koorwerke moontlik gemaak is; die eerste radio-opera wat in Suid-Afrika geskryf is ("The Coming of the Butterflies", met musiek deur Stephen O'Reilly en libretto deur Cecil Jubber) in 1965; en die stigting in 1958 van 'n argief vir Suid-Afrikaanse musiek waarin alle bekombare musiek, in druk- of in manuskripvorm, vir naslaandoeleindes bewaar sal word. Ten einde aanmoediging en geleenthede aan ons eie komponiste en uitvoerende kunstenaars te gee, word S.A.U.K.-musiekpryse jaarliks toegeken - 'n prys van R2 000 vir uitvoerende kunstenaars van ernstige musiek, 'n prys van R500 vir Kleurlingmusikante wat ligte of ernstige musiek uitvoer en 'n prys van R1 500 vir komponiste van ligte musiek.[113]

Nog 'n belangrike aspek van die Korporasie se aktiewe belangstelling in die bevordering van Suid-Afrikaanse musiek is die wêreldwye verspreiding van orkespartiture en opnames van werke deur Suid-Afrikaanse komponiste.[114] In 1965 is partiture en plate van

113) S.A.U.K.-jaarverslag, 1969, p. 48.
114) S.A.U.K.-jaarverslag, 1965, p. 22.

Hubert du Plessis se Simfonie aan sowat 60 orkeste in die buiteland gestuur en 'n groot aantal opnames van alle soorte inheemse musiek is ter beskikking gestel van buitelandse radiostasies in samewerking met die Korporasie se Buitelandse Transkripsiediens.

4. 4 Publikasies

Die groot aantal programme waarop luisteraars op die landwye en streekprogramdienste kan inskakel, word uiteengesit in die weeklikse, tweetalige programgids, die „S.A.U.K./S.A.B.C. Bulletin". Hierdie publikasie bevat ook belangwekkende artikels en spesiale bydraes vir luisteraars. Die Bulletin, met voorgangers soos „Radioweek", „Radio" en „SAUK/SABC", dien ook as amptelike mondstuk vir die bekendstelling van al die Korporasie se aktiwiteite en word soos alle publikasies van die S.A.U.K. deur die afdeling Openbare Betrekkinge versorg.

Die Korporasie het in 1958 begin om van die gewildste praatjies ná uitsending in brosjurevorm te publiseer. Altesaam 15 459 eksemplare van brosjures is gedurende 1970 verkoop.[115] Daar is besluit om sulke brosjures uit te gee omdat luisteraars hulle in toenemende

---


115) S.A.U.K.-jaarverslag, 1970, p. 49.

mate tot die Korporasie wend as bron waarvandaan gesaghebbende inligting oor 'n verskeidenheid onderwerpe verkry kan word. Afskrifte van „Sake van die Dag" word ook gereeld gemaak en aan die publiek te koop aangebied as 'n bykomende diens. Die S.A.U.K. versprei ook jaarliks 'n almanak en 'n sakdaggids binne- en buitelands. Die tweemaandelikse publikasie, "RSA Calling", het uitsluitlik te make met die uitsendings van die Buitelandse Dienste en word hoofsaaklik onder buitelandse luisteraars as 'n programgids versprei. Dit bevat ook inligtinggewende leesstof oor ons land en sy mense.

4.5 Die Ingenieursafdeling

Dié afdeling van die Korporasie het sedert sy stigting 'n reputasie opgebou dat die programdienste voortdurend met die geringste mate van programvertraging op die lug gehou is. Hierdie grafiek bied 'n aanduiding van die persentasie-programvertraging teenoor die aantal programure van 1960 tot 1971.

Ateljees




Groot eise word veral nou deur die Korporasie aan sy ingenieurs en tegnici gestel met die beplanning en inrig van die nuwe reuse-uitsaaisentrum in Auckland Park, Johannesburg. Die koms van televisie sal tot 1976 nog groter eise stel. Die maak van plate deur die transkripsiediens vir die S.A.U.K. se diskoteke is nog 'n aktiwiteit van die Ingenieursafdeling, asook die oprigting en instandhouding van FM-sendstasies (waarvan daar in 1970 ses in werking gestel is, wat die totaal op 69 te staan gebring het)[116] wat deur die afdeling Argitektuur ontwerp word. Die totale lengte van toegangspaaie om dié stasies te kan bedien is sowat 120 myl en is deur die Korporasie teen 'n

---

116) S.A.U.K.-jaarverslag, 1970, p. 52.

koste van R1½-miljoen gebou.

Op 100 acre veertien myl Noordwes van Johannesburg beskik die S.A.U.K. oor die kragtige Panorama-ontvangstasie wat as die Korporasie se „ore" dien. Ontvangsmaste van tot 600 voet hoog is op die Verenigde State, Brittanje en Europa gerig om oorsese programme op te vang. Tegniese ontvangsverslae word ook aan internasionale liggame verskaf. Dit verstrek ook 'n aansienlike hoeveelheid programmateriaal vir regstreekse uitsending deur die Korporasie.

## 5. SAMEVATTING

Om binne die bestek van sowat 35 jaar agttien volwaardige programdienste op te bou en vir al sy bevolkingsgroepe in stand te hou, is geen geringe prestasie nie. Die besonder unieke bevolkingsamestelling van die Republiek het die taak van die Korporasie, soos uiteengesit in die Uitsaaiwet van 1936, geensins vergemaklik nie. Die teendeel is eerder waar. Binne die betreklike kort tyd van 35 jaar is reg laat geskied aan almal binne die land, Blank en Nie-Blank, en daar word steeds getrag om 'n getroue spieëlbeeld van die land en sy mense te verskaf en uit te dra.

Dit was net logies en vanselfsprekend dat die Afrikaanssprekende, as die mees getalsterke van die twee Blanke-taalgroepe in Suid-Afrika, baie gou oor 'n eie volwaardige diens sou beskik. Die radiodiens was in die begin van sy ontwikkeling in die hande van kapitaalkragtige Engels georiënteerde organisasies in die sakewêreld. Die voorkeur is dan ook verleen aan die Engelse taal en kultuur t.o.v. radioprogramme en die Afrikaner moes tevrede wees met 'n uur of twee per dag - heeltemal buite verhouding met die Blankebevolkingsamestelling. Die knou wat veral die stads-Afrikaner in die depressie van 1933 ontvang het, het die posisie allermins verbeter.

Die stigting van die S.A.U.K. in Augustus 1936 het egter meegebring dat gelykberegtiging plaasgevind het en 'n eie Afrikaanse Diens is gebore in sy tweede bestaansjaar. Die uitbreek van die Tweede Wêreldoorlog in 1939 het die kragtige ontwikkeling van veral die Afrikaanse Diens baie gestrem, maar vandag staan die Afrikaanse Diens met trots langs die ander 17 programdienste van die Korporasie. Dié diens ontwikkel nog steeds en het pas die voortou geneem met die aanstelling van 'n voltydse organiseerder vir godsdienstige uitsendings wat so 'n belangrike deel van sy programme vorm.

Die S.A.U.K. se advertensiedienste is, ná die skeptisisme waarmee die instelling van Springbokradio in 1950 allerweë bejeen is, reeds stewig gevestig. Die opbrengs op finansiële gebied het die ontwikkeling van die radiodiens as geheel aanmerklik gehelp en die oorname van Lourenco Marques in Junie 1971 deur die Korporasie was nog 'n bewys van hoe 'n stewige plek die advertensiedienste, Radio Hoëveld, Radio Port Natal en Radio Goeie Hoop daarby ingesluit, reeds ingeneem het. T.o.v. die beoogde televisiediens vir Suid-Afrika en die finansiering daarvan, kan dit uiteindelik blyk dat dié dienste een van die grootste enkele faktore in die finansiering daarvan sal wees.

Naas die FM-streekdienste het die koms van die FM-transistorradio ook die instelling van die S.A.U.K. se unieke Bantoe- en Inboorlingdienste moontlik gemaak. As 'n faset van die Korporasie se aktiwiteite veral oor die afgelope dekade uitgesonder kan word, dan moet die naam „Radio Bantu" sonder vrees vir teenspraak eerste genoem word. Te midde van Cato Manor en Sharpville het die Korporasie daarin geslaag om aan die land se Nie-Blanke-bevolking programdienste te gee waarop elkeen met reg trots kan wees. Dat dié dienste besonder gewild is, blyk uit syfers in die S.A.U.K.-Bulletin van 7 Junie 1971. 'n Opname in die eerste paar maande van 1971 het aan die lig


gebring dat die deursnee-luisteraar in min ander radio-vermaak belang stel as in die groot verskeidenheid programme wat deur die verskillende dienste van Radio Bantu aangebied word.[117] Die sukses wat deur die Korporasie behaal word met Radio Bantu blyk duidelik uit die feit dat net sowat 2 persent van die Bantoe-bevolking nooit daarna luister nie.

Die welslae wat veral met die uitsendings na Suidwes-Afrika en die Buitelandse Dienste behaal is, weerspieël veral die groot vordering op kortgolfgebied in die afgelope tien jaar. Die reaksie in sommige briewe, asook met die Afrikaanse taallesse, moet baie bemoedigend vir die organiseerders wees. Die feit dat die S.A.U.K. nie huiwer om kritiek oor Suid-Afrika, binne- of buitelands, in nuusbulletins en programme in te sluit nie, moet vir vriend en vyand duidelik wees dat daar doelbewus pogings aangewend word om feitelike en onbevooroordeelde materiaal aan te bied. Skouspelagtige vooruitgang is sonder enige twyfel ook t.o.v. die Korporasie se buitelandse uitsendings gemaak.

As in gedagte gehou word dat die aktiwiteite van

117) S.A.U.K.-Bulletin, 7 Junie 1971, p. 17.

die Afrikaanse Diens, waarop in besonderhede ingegaan is, ook van toepassing is op die meeste ander program-dienste, dan kom 'n mens onder die indruk van die omvang van die Korporasie se algemene aktiwiteitspatroon. Uit die jongste jaarverslag blyk dat die produktiwiteit, soos weerspieël deur die aantal personeellede, program-ure en senderure, steeds toeneem, ondanks die feit dat die getal personeellede veral gedurende die afgelope vier jaar (sedert 1966) relatief baie min toegeneem het. Op 31 Desember 1971 het die voltydse personeel bestaan uit 1 728 Blankes en 723 Nie-Blankes -- 'n totaal van 2 451.[118)]




118) S.A.U.K.-jaarverslag, 1971, p. 60.

'n Ontleding wat vir die tydperk 1953 tot 1967 deur die S.A.U.K. se Administrasie gemaak is, bring ook interessante gegewens aan die lig rakende produktiwiteit en algemene aktiwiteite. Die gegewens is in tabelvorm beskikbaar.

| | 1953 | 1960 | %-vermeerdering (1953-60) | 1967 | %-vermeerdering (1960-67) |
|---|---|---|---|---|---|
| Totale Lopende uitgawe | 2 811 060 | 4 621 908 | 64,4 | 13 261 405 | 186,9 |
| Totale inkomste | 3 068 234 | 4 840 190 | 57,8 | 14 591 904 | 201,5 |
| Totale bates | 5 350 306 | 8 879 024 | 66,0 | 49 007 792 | 452,0 |
| Sendure (per jaar) | 250 306 | 303 313 | 21,3 | 2 220 348 | 632,0 |
| Programure (per week) | 333 | 364 | 9,3 | 1 524 | 318,7 |
| Aantal programdienste | 3 | 3 | - | 13 | 333,3 |
| Aantal sendstasies | 12 | 12 | - | 63 | 425,0 |
| <u>Teenoor:</u> | | | | | |
| Getal Personeellede | 1 192 | 1 535 | 28,8 | 2 331 | 51,8 |
| Vergoeding aan personeellede | 1 419 732 | 2 186 442 | 54,0 | 5 437 680 | 148,7 |
| Vergoeding per eenheid | 1 191 | 1 424 | 19,6 | 2 333 | 63,8 |

Die mens is op 35-jarige ouderdom eintlik nog in die fleur van die lewe. Relatief gesproke is 'n bestaan van 35 jaar in die radiowêreld ook nie lank nie. 'n Studie van die aktiwiteite van die S.A.U.K. bring die navorser onder die besef van die geweldige vooruitgang wat daar op die gebied van radioprogrammering en -ingenieurswese gemaak is. Dit vergelyk gunstig met soortgelyke ontwikkeling in toonaangewende state op vastelande elders in die wêreld. Dit is moontlik gemaak, veral gedurende die afgelope dekade sedert 1960, met die geringe persentasievermeerdering in die getal personeellede van 41,8, teenoor 632 persent t.o.v. die send-ure per jaar, 425 persent in die aantal sendstasies, 333,3 persent in die getal programdienste en 318,7 persent in die aantal program-ure per week. Alles voorspel niks anders as goed vir Suid-Afrika op die vooraand van die televisie-era nie.

## HOOFSTUK 6

## FINANSIES

### 1. INLEIDING

Finansies - die beskikbaarheid en die aanwending daarvan - is een van die belangrikste bestaansfaktore, vereistes, en bestanddele van 'n geslaagde sake-onderneming. Ten opsigte van 'n openbare korporasie is dit ook die geval. Sonder voldoende geldbronne kan sulke ondernemings nie op 'n gesonde grondslag bedryf word nie. By die stigting van 'n openbare korporasie kan die bedryfskapitaal bekom word deur bv. aandele uit te reik, soos in die geval van Yskor en Sasol. Omdat hierdie ondernemings van so groot belang vir 'n land en sy regering is, word daar gewoonlik sorg gedra dat die beherende aandeel in die hande van die Staat is. Finansies kan ook bekom word deur bv. lenings aan te gaan en skuldbriewe te teken, wat mettertyd uit die opbrengs en wins gedelg word.

Hand aan hand met finansies gaan 'n duidelike en doelbewuste finansiële en kostebeheerbeleid gepaard, ten einde voortdurend 'n waaksame ogie te hou oor die finansiële struktuur van so 'n korporasie of semi-staatsinstelling. Dit kan ook as 'n „finansiële stelsel" bestempel word. Op hierdie manier

word die finansiële posisie van die onderneming of korporasie so kerngesond as moontlik gehou.

Die Suid-Afrikaanse Uitsaaikorporasie finansier sy uitgawes deur middel van lisensiegelde wat deur luisteraars betaal word, asook met behulp van gelde wat vir die uitsending van advertensies op die handelsdienste betaal word. Dit is die hoofbronne van die S.A.U.K. se inkomste, maar daaroor word later meer gemeld, asook oor ander maniere vir die finansiering van uitgawes en projekte. In hierdie stadium kan 'n terugblik gewerp word op die finansiële probleme waarmee Suid-Afrika se Uitsaaidiens van die begin af te kampe gehad het.

## 2. 'N HISTORIESE OORSIG

Die hoë uitgawes verbonde aan 'n uitsaaidiens en die (in die begin) min inkomstebronne, was die redes waarom die uitsaaiwese 'n sukkelende begin in Suid-Afrika gehad het. Die "African Broadcasting Company", wat met georganiseerde uitsendings op 'n landwye grondslag begin het, het swaar gekry om kop bo water te hou omdat die probleem van veral roofluister wesentlik was.[1] Die Minister van Pos- en Telegraaf-

---

1) Rhodes, T.A.F.: Broadcasting before the S.A.B.C. was created (1924 - 1936), p. 9. (Dit is 'n oortreding van die Poskantoorwet van 1911 om sonder 'n lisensie na radio-uitsendings te luister).

wese se aandag is reeds in 1924 gevestig op die bestaan van roofluisteraars. Roofluister was ook die ondergang van die plaaslike voorgangers van die A.B.C.


Die A.B.C. het die Regering tevergeefs gevra om die radiodiens te subsidieer en 'n laaste poging is aangewend om luisteraars meer lisensies te laat uitneem d.m.v. 'n sogenaamde gratis „bloubewysstukskema". Die A.B.C. wou daardeur verseker dat geen nuwe luisteraar die oorspronklike lisensiegeld ontduik nie. Die lisensiegeld sou ingesluit word by die prys van 'n radio-ontvangstel en 'n ooreenkoms is in dié verband met handelaars aangegaan nadat die verlies in die boekjaar tot 31 Maart 1929 R30 000 beloop het met 'n inkomste van R50 000 en 'n uitgawe van R80 000.[2)]

'n Oplossing van die probleem vir roofluister en die geldelike tekort het daarin gelê dat 'n doelbewuste poging aangewend moes word om alle radio-luisteraars lisensies te laat uitneem. Die S.A.U.K. het uit die staanspoor daarin geslaag om die lisensiegetalle aanmerklik te laat styg. Waar die A.B.C. aan die einde van 1927 oor net 15 509 gelisensieerde luisteraars beskik het, het die getal aan die einde van 1937, met die voltooiing van die Korporasie se eerste kalenderjaar, tot 180 227 gestyg. Die styging in die

---

2) Ibid, p. 33.

getal luisteraarslisensies tot 1971 word in hierdie skets aangedui:



Die Korporasie se geldelike toestand het ook telkens kommer gewek. In 1946, 1955 en andermaal in 1956 het die Beheerraad onder meer die aandag gevestig op die probleme wat voortgespruit het uit die feit dat die normale groei van die Korporasie se inkomste nie tred kon hou met die toename van noodsaaklike en onvermydelike uitgawes nie en dat die verminderde jaarlikse surplusse nie genoegsaam was om kapitaalbehoeftes te finansier nie. In April 1955 het die Raad besluit dat daadwerklike stappe nodig is om die inkomste te verhoog ten einde te verhoed dat die S.A.U.K. se werksaamhede gestrem word en om voldoende fondse te voorsien vir die finansiering van 'n uitgebreide leningsprogram vir dringende kapitaalontwikkeling.[3) ] Die lisensiegeld is met R1 per jaar verhoog.

Teen 1955 het die Korporasie egter 'n belangrike inkomstebron bygekry, nl. die advertensiegeld t.o.v. Springbokradio. Aangesien die trefwydte van dié handelsdiens teen 1957 aansienlik vergroot is sedert die aanvang daarvan in 1950, is die advertensietariewe van 1 Mei af daardie jaar gewysig om daarby aan te pas en aan die S.A.U.K. 'n groter inkomste tesame met die hoër lisensiegeld te besorg.[4)]

3) S.A.U.K.-jaarverslag, 1956, p. 3 - 4
4) S.A.U.K.-jaarverslag, 1957, p. 4.

Die metode van finansiering van kapitaaluitgawes is in 1961 gewysig en die finansies van die S.A.U.K. is in die algemeen op 'n gesonder voet geplaas. Dit is moontlik gemaak deur 'n langtermynlening van die Staat en daarby is ook aanmerklike verligting verkry deur 'n lisensieheffing op tweede en derde radiostelle, wat nagenoeg R350 000 opgelewer het.[5)]

## 3. LENINGS EN SKULDBRIEWE

Die aangaan van lenings en die ondertekening van skuldbriewe is twee belangrike metodes vir die verkryging van finansies deur 'n openbare korporasie en in hierdie opsig is die Suid-Afrikaanse Uitsaaikorporasie nie 'n uitsondering nie. Die Uitsaaiwet van 1936 is teen die einde van Februarie 1972 gewysig om die Korporasie in staat te stel om ook lenings in die buiteland aan te gaan.

Die S.A.U.K. is in beginsel nie gekant teen die aangaan van lenings en die uitreiking van skuldbriewe ten einde fondse te bekom en vaste bates aan te skaf nie. „Synde 'n publieke korporasie sien ons die saak so dat een geslag nie moet betaal vir dienste wat 'n ander geslag kry nie. Om 'n definitiewe streep te

---

5) S.A.U.K.-jaarverslag, 1971, p. 11.

trek is natuurlik nie moontlik nie, maar hierdie feit moet in gedagte gehou word".[6] 'n Té groot bedrag aan lenings en skuldbriewe beteken weer dat die toekomstige geslag moet betaal vir geriewe wat tans gebruik word. Die Franszen-kommissie, wat verslag gedoen het oor belastings en ander finansiële aangeleenthede, stel dit dat nutsorganisasies nie meer as ongeveer 40 persent van hulle kapitaalwerke uit lenings moet finansier nie. (Van die totale vaste bates van die Korporasie is sowat twee-derdes tans d.m.v. lenings en skuldbriewe gefinansier). Indien die S.A.U.K. kapitaalontwikkelings net uit inkomste moes doen, sou die instelling van die FM-skema, die instelling van nuwe programdienste, ens. oor 'n baie lang termyn moes geskied en sou radiodienste in Suid-Afrika nie naastenby die gehalte en omvang gehad het wat dit tans het nie. Ook Radio Bantu sou op die langebaan geskuif moes gewees het.

Die Korporasie het reeds langtermynlenings by die Staat aangegaan en op 31 Desember 1971 het dit R34 953 400 beloop. Hierdie geld was nodig vir die instelling van die FM-net in die Republiek, fasiliteite vir die Buitelandse Diens, Radio RSA (hoofsaaklik t.o.v. die H.F. Verwoerd-sendstasie op

---

6) Geskrewe verklaring aan skrywer deur die Hoof: Finansies, mnr. W. Harmse.

Meyerton), 'n paar FM-sendstasies in Suidwes-Afrika, wat hoofsaaklik gebruik word om die Inboorlingdienste uit te dra, en ateljeegeboue vir Radio Bantu en die betrokke Inboorlingdienste in Suidwes-Afrika.

Toe die African Broadcasting Company in 1936 oorgeneem is, is skuldbriewe vir 'n totale bedrag van £150 000 (R300 000) uitgereik. Die S.A.U.K. het gevolglik die metode van skuldbriewe gevolg vir die aanvanklike finansiering van die oorname. Die skuldbriewe, teen 'n rentekoers van 3½ persent, is op 10 April 1943 ten volle gedelg. Daarna is finansies vir ontwikkeling en uitbreiding weer d.m.v. skuldbriewe bekom. Daar was op 31 Desember 1971 nog skuldbriewe vir 'n bedrag van R 2 915 000 en langtermynlenings van die Staat ten bedrae van R34 953 000 uitstaande.

Die Korporasie is soos 'n ander semi-staatsinstelling en publieke onderneming nie in staat om alle uitbreiding en ontwikkeling self te behartig nie. Daar moet tred gehou word met ontwikkeling op radio- en kommunikasieterreine dwarsdeur die wêreld en die oprigting van Uitsaaisentrum in Johannesburg en die instelling van 'n televisiediens in Suid-Afrika kon nie onderneem gewees het sonder die aangaan van lenings en skuldbriewe nie. Skuldbriewe (sewe reekse) is bv. selfs uitgereik vir die mediumgolfnet wat

bestaan het uit twaalf mediumgolfsendstasies en een kortgolfstasie, asook die aankoop van Uitsaaihuis in Johannesburg. 'n Agste reeks skuldbriefuitgifte is in 1967 gedoen vir die finansiering van die FM-skema.

## 4. DIE INKOMSTEBRONNE

Daar is reeds gemeld dat die S.A.U.K. se inkomste uit veral twee groot bronne kom, nl. lisensiegeld en advertensiedienste.

### 4.1 Lisensiegeld

Luisteraars se lisensiegeld word kragtens die Uitsaaiwet deur die Poskantoor ingevorder en 5 persent van die inkomste daaruit word by wyse van invorderingsgelde aan die Poskantoor betaal. Ingevolge Art. 15 van die Radiowet van 1952 (Wet Nr. 3) moet die Korporasie 25 sent per lisensie in die skatkis van die Staat stort, wat meebring dat die S.A.U.K. sowat tien persent van sy totale inkomste uit lisensiegeld aan die Staat afstaan.

Die lisensiegeld wat tans van toepassing is, is op 9 Maart 1962 in 'n buitengewone Staatskoerant aangekondig. Die bedrag wat jaarliks vir 'n luisteraarslisensie betaalbaar is, word volgens drie tariewe

bereken, nl.:

(i) R5-50 in gebiede waar die BHF-FM-sendstelsel in werking is, vir enige aantal ontvangstoestelle.

(ii) R3-50, plus 'n heffing van R1 vir 'n tweede ontvangstoestel en 'n heffing van 50 sent vir 'n derde stel of meer binne 'n omtrek van 100 myl van die naaste uitsaaisentrum af.

(iii) Die lisensiegeld buite 'n omtrek van 100 myl maar binne 'n omtrek van 250 myl van die naaste uitsaaisentrum af beloop R1 minder as in die voorafgaande geval.

(iv) Die lisensiegeld is R3-50 buite 'n omtrek van 250 myl van die naaste uitsaaisentrum af.[7)]

(v) Vir elke ekstra luidspreker van 'n hoofontvangstoestel af in 'n woonstelgebou, hotel of ander gemeenskaplike of gesamentlike inrigting moet 'n bykomende R1-75 betaal word.

(vi) Gratis lisensies word uitgereik aan hospitale, liefdadigheidsinrigtings en opvoedkundige instellings; en blindes en invalides, asook S.A.U.K.-amptenare, betaal R2-00 per lisensie.

---

7) In die laaste drie gevalle word Johannesburg, Bloemfontein, Durban, Grahamstad, Kaapstad, Kimberley, Pietermaritzburg, Pietersburg, Port Elizabeth en Pretoria as sulke sentrums beskou.

Sedert 1936 is lesensiegeld net eenkeer deur die S.A.U.K. verhoog, nl. in 1962 toe begin is met die instelling van die FM-net. Weens die feit dat radio-ontvangs toe geweldig verbeter is deur die instelling van dié skema, asook die instelling van Bantoedienste vir al die verskillende Bantoebevolkingsgroepe in die land, het lisensie-inkomste gedurende die laaste dekade, van omstreeks 1961 af, relatief gesproke skerp stygings getoon. Die FM-net is egter prakties gesproke nou voltooi en die Bantoes wat radio's kan bekostig, het ook nou almal 'n ontvangstel. Die toename behoort dus in die toekoms kleiner te wees. Dit sal waarskynlik korreleer met die bevolkingsgroei en in die geval van die Bantoe sal die normale styging in lewensduurte ook 'n faktor wees om in gedagte te hou. Die aantal lisensies wat jaarliks uitgereik word, is tans besig om af te plat.

Die inkomste uit luisteraarslisensies het in 1970 ná aftrekkings R12 012 104 beloop en het in 1971 sowat sowat R11-miljoen bedra. Die stelsel vir die betaling van lisensies is in 1969 deur die Korporasie verander. 'n Stelsel het in 1970 in werking getree ingevolge waarvan alle lisensies jaarliks op 30 September verval. Hierdie vereenvoudigde en doeltreffende metode is veral met die oog op die Nie-Blanke-luisteraar uitgewerk, in samewerking met die Poskan-

toor.[8] Die Korporasie het tot op daardie tydstip jaarliks tussen 2- en 3-miljoen Rand aan lisensiegeld verloor as gevolg van invorderingsvraagstukke.

4. 2 Advertensiedienste

Die geld wat deur adverteerders vir advertensies op Springbokradio, die
FM-streekdienste en Radio Bantu betaal word, is die S.A.U.K. se ander belangrike bron van inkomste.
Die advertensietarief op dié dienste wissel na gelang van die aantal luisteraars op 'n bepaalde tydstip, soos deur 'n onafhanklike organisasie bereken.
Kwartaalverslae oor luistersyfers word aan die Korporasie beskikbaar gestel. Sowat 16½ persent van die advertensiegeld word aan agentekommissie afgestaan.
Die advertensiedienste het in 1971 sowat R11,1-miljoen opgelewer.[9]

4. 3 Ander inkomstebronne

Die Korporasie beskik oor ander kleiner inkomstebronne, soos rente op beleggings, toegangsgeld vir konserte en verkope van die SAUK/SABC Bulletin. Dié

---

8) Dr. Meyer op 27.9.68 in die Albert Hertzog-toring nadat mnr. M.C.G.J. van Rensburg Minister van Pos- en Telegraafwese geword het.
9) S.A.U.K.-jaarverslag, 1969, p. 69.


diverse inkomste het in 1971 sowat R366 000 beloop. Praatjies wat oor die radio gelewer word, word soms in brosjurevorm beskikbaar gestel en hieruit het 'n inkomste van R6 400 in 1971 gekom. In hierdie verband moet genoem word dat die brosjures teen ongeveer kosprys beskikbaar gestel word en prakties gesproke word daar dus feitlik geen wins hieruit gemaak nie. Ook die Radio-Bulletin word grootliks deur die S.A.U.K. gesubsidieer, aangesien die verlies jaarliks sowat R100 000 beloop.

Die meegaande grafiek gee met die eerste oogopslag 'n aanduiding van die inkomstebronne van die S.A.U.K. tussen 1961 en 1971.

## 5. BEGROTINGS

Kostes word deur die S.A.U.K. deur middel van twee begrotings beheer, nl. 'n bedryfsbegroting en 'n kapitaalbegroting. 'n Kapitaalbegroting word gewoonlik vir vyf jaar opgestel, waarvan die eerste jaar in detail gedoen word. Hierdie begrotings word aangevul deur streekbegrotings. Elke streek en instandhoudingsentrum het 'n spesifieke begrotingsbedrag vir verskillende uitgaweposte. Streekbestuurders mag nie meer as 'n sekere bedrag bestee t.o.v. bedryfsuitgawe nie, en hulle mag nie kapitaalwerke

BRONNE VAN INKOMSTE (INKOMSTE R000 000)



onderneem sonder goedkeuring van Hoofkantoor nie. Alle kapitaalprojekte word deur die Beheerraad goedgekeur, en tenderregulasies bepaal dat enige tender van meer as R50 000 deur die Beheerraad goedgekeur moet word.

Benewens streekbegrotings word maandelikse begrotingsverslae opgestel wat deur 'n rekenaar beskikbaar gestel word. Daarin word werklike uitgawe met begrote uitgawe vergelyk, en dié inligting word maandeliks aan hoofde en direkteure voorsien t.o.v. die begrotingsposte wat onder hulle ressorteer. Daar word berekenings gedoen van wat uitsendings per uur kos. Dit verskil van programdiens tot programdiens omdat die aard van die programdienste verskil. Die Afrikaanse en Engelse dienste kan met mekaar vergelyk word, maar die FM-streekdienste is heelwat goedkoper, omdat hulle uitsluitlik uit musiekprogramme bestaan. Daarteenoor is die programdienste van Radio Bantu[10)] weer goedkoper as die Afrikaanse en Engelse dienste, omdat Bantoe-omroepers en Bantoe-kunstenaars nie presies dieselfde vergoeding ontvang nie. As 'n totale berekening gemaak word van die verskillende dienste, het die aantal senders waaroor elke betrokke diens uitgesaai word, ook 'n groot uitwerking op die

---

10) Tekorte op die Bantoedienste is deur die Staat d.m.v. toekennings gedra totdat hulle selfversorgend was.

koste.

Dit is 'n paar van die aspekte wat in gedagte gehou moet word by die opstel van die algemene begroting, wat jaarliks voorlopig in November opgestel en in finale vorm teen Januarie/Februarie die volgende jaar aan die Beheerraad voorgelê word.

## 6. DIE KORPORASIE SE UITGAWES

Die bronne van inkomste van die S.A.U.K. en die stelsel van begrotings is 'n voorvereiste vir 'n bespreking en ontleding van die uitgawes van dié radio-organisasie. Programkoste bedra verreweg die grootste deel van die uitgawes. Dan is daar tegniese koste en diverse koste, benewens rente en waardevermindering wat ook in aanmerking geneem moet word. Programkoste het in 1971 41,93 persent van die uitgawes beloop, teenoor die 25,23 persent t.o.v. rente en waardevermindering, 17,12 persent wat tegniese kostes betref en 15,72 t.o.v. administratiewe en diverse uitgawes. Van die vernaamste uitgawes vir programme is dié verbonde aan kunstenaarsgelde, die nuusafdeling en die orkes.

Nagenoeg een kwart van die S.A.U.K. se uitgawes is jaarliks vir tegniese aangeleenthede. Dit sluit in

elektrisiteit en water en die instandhouding van tegniese toerusting en maste, telefoonuitgawes en toegangspaaie. Kopiereggelde neem jaarliks 'n groot hap uit die inkomste. Sowat 3¼ persent van die lisensiegeld en nagenoeg 3¼ persent van alle advertensie-inkomste word aan S.A.M.R.O. betaal vir die vergoeding van komponiste, ens. Ander uitgawes is t.o.v. waardevermindering, rente op skuldbriewe en die staatslening, telefoondeursendlyne van hoë gehalte vir programme, salarisse, lisensies en versekering, die Radio-Bulletin en reiskoste.

Uit statistiek wat vir die tydperk tussen 1953 en 1967 beskikbaar is t.o.v. lopende uitgawes, kon die toename in uitgawes persentasiegewys uitgewerk word.[11)]

| | 1953 | 1960 | %-vermeerdering van 1953-syfers | 1967 | %-vermeerdering van 1960-syfers |
|---|---|---|---|---|---|
| Programme | R1 505 570 | R2 183 138 | 45,0 | R5 160 162 | 136,4 |
| Tegnies | 583 990 | 826 264 | 41,5 | R2 202 099 | 166,5 |
| Administratief | 643 668 | R1 168 600 | 81,6 | R2 194 109 | 87,8 |
| Rente en depresiasie | 55 300 | 424 998 | 668,5 | R3 425 750 | 706,1 |

11) „Groei van die Korporasie gedurende die afgelope sewe jaar", p. 3.

Gedurende die tydperk 1953 tot 1960 het program- en ingenieursuitgawes min of meer dieselfde toename getoon, nl. onderskeidelik 45 persent en 41,5 persent, terwyl administratiewe uitgawes met 81,6 persent toegeneem het. As gevolg van die geweldige groei in program- en sendure toon programuitgawes egter 'n toename van 136,4 persent gedurende die tydperk 1960 tot 1967 en tegniese uitgawes 'n toename van 166,5 persent. Administratiewe uitgawes het egter met net 87,8 persent toegeneem, nl. met ongeveer die helfte van die program- en ingenieursuitgawes.

Waar gehalte van programme sal ly onder onnodige besparing t.o.v. uitgawes vir die programdienste, daar blyk dit dat die uitgawe t.o.v. administratiewe dienste tot die minimum beperk word. Met die oog op die algemene neiging in Suid-Afrika om vanweë die inflasionêre tendense in die landsekonomie te bespaar het die skrywer probeer vasstel in watter mate die S.A.U.K. in sy besteding ook daarmee rekening hou. Die kwessie van besparing geniet baie aandag van die Bestuur van die S.A.U.K. Die tempo waarteen die FM-skema ingestel is, is sover moontlik aangepas by die ekonomiese toestande. Sodoende is die werk aan die netwerk gevolglik soms verhaas en soms vertraag. Die Beheerraad het ook vroeg in 1972 goedkeuring daaraan verleen

dat die beplande ateljeegeboue op Pietersburg, Bloemfontein en Port Elizabeth voorlopig onderskeidelik met ses maande, 12 maande en 24 maande uitgestel word. Stelsels en metodes word ook in werking gestel om bedryfsuitgawe te beheer en daar word dikwels opdrag gegee dat sekere items, al is dit ook gering in waarde, nie aangekoop mag word sonder spesiale goedkeuring van die Direkteur: Personeel nie. Sekere salarisposte word ook bevries.

'n Bewys van die invloed wat die ekonomiese tendense en hoë boukoste op die ontwikkeling van Suid-Afrika se nasionale radiodiens het, is die feit dat die nuwe Uitsaaisentrum in Aucklandpark, Johannesburg, uiteindelik na raming sowat R10-miljoen meer sal kos as waarvoor aanvanklik begroot is. Die totale kapitaalkoste van die sentrum sal sowat R44-miljoen bedra, waarvan tegniese toerusting ongeveer 10 persent uitmaak. Dit sluit nie voorsiening vir televisieateljees in nie. Hierdie koste behels al die uitgrawings vir die parkeergedeelte, die parkeergedeelte self, 'n toringblok van ongeveer 35 verdiepings, radioateljees wat al die bestaande ateljeegeriewe in Johannesburg sal vervang, werkswinkels, restaurantgeriewe, terreinwerke, ens.

7. FONDSE

Geen sake-onderneming of openbare korporasie kan hoegenaamd winsgewend bedryf word indien hy nie oor eie fondse vir ontwikkeling en moeilike finansiële tye beskik nie. Kragtens Artikels 19, 20 en 21 van die Uitsaaiwet van 1936 moet die Korporasie verskeie fondse in stand hou. 'n Algemene fonds is gestig waarin alle gelde gestort word en waaruit alle betalings geskied, behalwe dié wat uit die reserwefonds of die ontwikkelingsfonds, of 'n rente- of aflossingsfonds gemaak moet word. Die bedrag wat jaarliks teen die reserwefonds in berekening gebring word, verteenwoordig waardevermindering. Die Korporasie het 'n ontwikkelingsfonds gestig waarin soveel van die oorskot van die S.A.U.K. se inkomste bo sy uitgawes gestort word as wat die Beheerraad bepaal, nadat betalings in 'n rente- en aflossingsfonds geskied het. Dit word gebruik vir kapitaaluitgawes wat in die betrokke boekjaar beoog word.

Ander fondse van die Korporasie is 'n delgingsfonds (bedrae gaan daarheen wat aangewend moet word vir die aflossing van skulde, ook vir die Staatslening), 'n behuisingsfonds, 'n beursfonds en 'n hulpfonds.

Op 31 Desember 1971 was die totale reserwes van die

S.A.U.K. R23 706 000 werd, waarvan R21 797 000 gefundeer was. Al hierdie reserwes kan egter nie aangewend word vir kapitaaluitbreiding nie, aangesien meer as R2-miljoen in die Delgingsfonds is wat voorsiening maak vir die delging van skuldbriewe en staatslenings. Maar as R2-miljoen is in die Behuisingsfonds wat dus ook nie vir kapitaal gebruik kan word nie, terwyl meer as R200 000 in die Hulpfonds en die Beursfonds is. Die Reserwefonds het op 31 Desember 1971 R13 500 000 bedra en dit maak voorsiening vir die vervanging van al die bates van die Korporasie. Ook hierdie fonds kan nie leeggetap word vir die finansiering van nuwe kapitaalwerke nie.

## 8. 'N VERGELYKING

Dit is interessant om die finansiële struktuur van die S.A.U.K. met dié van 'n paar ander openbare korporasies en semi-staatsinstellings te vergelyk. Hieronder verskyn 'n tabel waarin die finansiële state van die S.A.U.K. vergelyk word met dié van die Elektrisiteitsvoorsieningskommissie, die Suid-Afrikaanse Steenkool, olie en gaskorporasie en Yskor. Dit het betrekking op die 1970-boekjaar:

| | SAUK | EVKOM | SASOL | YSKOR |
|---|---|---|---|---|
| | R 000 | R 000 | R 000 | R 000 |
| 1.0 AANWENDING VAN FONDSE | | | | |
| 1.1 Vaste Bates teen kosprys | 42 402 | 1 271 785 | 249 612 | 525 390 |
| Min: Waardevermindering | 13 280 | 104 386 | 69 543 | 208 360 |
| Netto Vaste Bates | 39 122 | 1 167 399 | 180 069 | 317 030 |
| 1.2 Netto Bedryfsbates | 21 502 | 279 685 | 5 704 | 49 536 |
| 1.3 Ander Bates | - | - | 3 346 | 110 379 |
| Totale Bates | 73 904 | 1 551 470 | 258 662 | 685 305 |
| 2.0 BRON VAN FONDSE | | | | |
| 2.1 Fondse en Aandelekapitaal | | | | |
| 2.1.1 Aandelekapitaal/ Eie Fondse | 16 674 | 138 890 | 179 293 | 303 560 |
| 2.1.2 Reserwes | 21 502 | 325 969 | 10 092 | 316 130 |
| | 38 176 | 464 859 | 189 385 | 619 690 |
| 2.2 Vaste Lenings en Ander | | | | |
| 2.2.1 Buitelands | - | 92 512 | 36 550 | 58 984 |
| 2.2.2 Binnelands | 32 678 | - | | - |
| 2.2.3 Skuldbriewe | 3 050 | 994 099 | 10 000 | 6 631 |
| 2.2.4 Wissels | - | - | 3 790 | - |
| 2.2.5 Ander | - | - | 18 937 | - |
| Totale Laste | 73 904 | 1 551 470 | 258 662 | 685 305 |
| TER INLIGTING: | | | | |
| 1.0 DEPOSITO'S EN KONTANT | 1 301 | 330 090 | 3 108 | 2 319 |
| 2.0 BANKOORTREKKING EN KORTTERMYNLENINGS | - | 31 027 | 5 243 | 33 338 |
| 3.0 BEDRYFSWINS (Voor Rente en Waardevermindering. | 11 383 | 86 089 | 19 277 | 36 649 |
| 4.0 WINS NA WAARDEVERMINDERING EN RENTE | 6 591 | 21 541 | 7 583 | 12 980 |
| 5.0 RENTE. | 2 101 | 50 943 | 2 258 | 6 865 |

Uit hierdie tabel is dit duidelik dat die S.A.U.K. finansieel die geringste van die vier korporasies is. Dit blyk uit al die verskillende bates. Die doel met die vergelyking was egter nie om die krag in die ekonomie van die vier betrokke ondernemings uit te beeld nie, maar om aan te toon dat hulle as openbare korporasies en semi-staatsinstellings basies dieselfde finansiële strukture het en feitlik identies te werk gaan om fondse vir uitbreiding en kapitale ontwikkeling te bekom.

Die afdeling „Vaste lenings en ander" is vir ons oogmerk die belangrikste, aangesien dit 'n aanduiding gee van hoe die verskillende ondernemings te werk gaan om, afgesien van die gewone inkomste, ander fondse te bekom. Dit blyk dat die S.A.U.K. tot 1970 nie van buitelandse geld gebruik gemaak het nie - die enigste van die vier. Die onlangse wysiging in die Uitsaaiwet van 1936[12] bring 'n wysiging in dié verband teweeg met die oog op die instelling van 'n televisiediens. Waar die S.A.U.K. tot 1970 die meeste van sy lenings binnelands verkry het, daar was dit net Sasol wat ook binnelandse lenings aangegaan het. Skuldbriewe is in al vier gevalle 'n gewilde middel om addisionele fondse in die hande te kry. Net Sasol

12) Die S.A.U.K. het magtiging ontvang om oorsese lenings aan te gaan.

het ook van wissels gebruik gemaak en hierdie Korporasie is ook die enigste van die vier wie se finansiële struktuur met mekaar vergelyk is, wat van buitelandse en binnelandse lenings, skuldbriewe, wissels en ander bronne gebruik gemaak het om ontwikkelingskapitaal te bekom.

## 9. SAMEVATTING

In hierdie hoofstuk is gepoog om 'n uiteensetting te gee van die finansies van die Suid-Afrikaanse Uitsaaikorporasie en om vas te stel in watter mate dit beantwoord aan die norme vir semi-staatsinstellings en publieke korporasies. Ook is 'n vergelyking in beknopte tabelvorm met 'n drietal ander soortgelyke instellings getref. Die slotsom waartoe gekom word, is dat die S.A.U.K. se finansiële stelsel ooreenstem met die vereistes vir 'n publieke korporasie en semistaatsinstelling, ofskoon hy nie so 'n groot omset het as bv. Evkom en Yskor nie. Die Korporasie volg dieselfde beleid wat deur die jare as beproef bewys is. In die jaarverslag wat gereeld in die Parlement voorgelê word, word ook 'n aanduiding aan luisteraars gegee van die finansiële staat. Net soos die geval is met die meeste ander vergelykbare instellings, is 'n rekenoutomaat ook deur die Korporasie aangekoop om tred te hou met moderne neigings en standaarde.

Geld was nog nooit besonder volop in die S.A.U.K. nie. Die beginsels van die finansiële stelsel het tog oor die jare heen bestendig gebly. Programmikpunte en -vereistes moet nagekom word en die Korporasie moet in staat wees om daarvoor te betaal. As outonome liggaam en instelling slaag die Korporasie daarin om sy finansies op 'n gesonde grondslag te hou. Die insae en beheer wat die Staat oor die Korporasie t.o.v. sy geldsake het en uitoefen, kan as minimaal beskou word. Die S.A.U.K. se bestuur is aan die Beheerraad verantwoording rakende ook sy geldelike toestand verskuldig en dié beheerraad word deur die Staat aangestel. Daar is reeds daarop gewys dat die Beheerraad vry is van inmenging deur die Staat sodra hy aangestel is. Kragtens Wet moet die S.A.U.K. egter jaarliks sekere inligting, ook oor sy finansies, aan die Parlement verskaf. Dit word in die jaarverslag ingelyf. Dieselfde geld die ander publieke korporasies waarna in hierdie hoofstuk verwys is.

HOOFSTUK 7

VERHOUDING TOT DIE STAAT.

## 1. INLEIDING

In die voorafgaande hoofstukke is telkens daarop gewys dat die Suid-Afrikaanse Uitsaaikorporasie 'n sogenaamde „korporasie" is. Alle openbare dienste is tot vóór die koms van die korporasie direk deur die Staat onderneem, maar toe die staatstaak later te lywig en ingewikkeld begin word het, is „korporasies" gestig om publieke dienste te reël. Die Suid-Afrikaanse Uitsaaikorporasie is só gestig om radiodienste vir die publiek te bied.

Die koms van die openbare korporasie, en daardeur van die S.A.U.K. as een van die oudste korporasies in Suid-Afrika, het egter 'n vraagstuk geskep. Dit het te doen met hulle verhouding tot die Staat. Moet dit een van vryheid of beheer wees?

Die S.A.U.K. het ingevolge sy handves, die Uitsaaiwet van 1936, regspersoonlikheid en 'n eie bestuursraad ontvang. Hierdie „beheerraad" se opdrag was om programdienste vir die twee Blanke-taalgroepe te voorsien. Die Uitsaaiwet is later gewysig om die

S.A.U.K. in staat te stel om ook programdienste vir die verskillende Nie-Blanke volke tot stand te bring. Om sy taak behoorlik te volvoer was dit nodig om betreklik outonoom en selfstandig teenoor die staatsorganisasie op te tree. Eie fondse was ook 'n noodsaaklike bestanddeel. Daar is 'n duidelike behoefte aan hierdie vryheid en selfstandigheid wat die S.A.U.K. betref, omdat hy moet toon dat hy in diens van die luisteraar staan en nie bloot 'n mondstuk van die Staat is nie en as 'n outonome onderneming wil funksioneer.

Tog is die S.A.U.K. as 'n publieke nutsinstelling deur die Staat in die lewe geroep ter wille van algemene landsbelang. Dit is vanselfsprekend dat geen land ter wêreld dit kan bekostig om die radio as massakommunikasiemedium in die hande van 'n gewone handelsonderneming te laat nie. Owerheidsbeheer t.o.v. die S.A.U.K. is dus noodsaaklik, onder meer omdat dit 'n openbare diens aan die publiek is en die einste publiek se geld gebruik. Hierdie vraagstuk van vryheid en beheer, die versoening van korporatiewe outonomie en politieke verantwoordelikheid, word deur prof. C.P. van der Walt „die dilemma met betrekking tot die staatsbeheerde korporasie"[1] genoem.

---

1) Van der Walt, C.P.: Die staatsbeheerde korporasies vir ekonomiese ontwikkeling in S.A., ongepubliseerde D.Phil.-proefskrif, Potchefstroom, 1964, p. 37.

Dat beheer oor 'n openbare nutskorporasie, en dus ook t.o.v. die S.A.U.K., absoluut noodsaaklik is, sal niemand betwis nie. Die vraag is net watter vorm hierdie beheer behoort aan te neem en hoe dit moet geskied. Die S.A.U.K. is as statutêre liggaam deur die Parlement in die lewe geroep en die Parlement behoort dus in Suid-Afrika as 'n demokratiese staat 'n rol in dié proses te speel. Hy is egter kragtens sy eie aard nie vir so 'n beheerfunksie geskik nie. Vertroulike sake kan ook nie aan 'n openbare debat onderwerp word nie.

Beheer van owerheidsweë oor die S.A.U.K. berus gevolglik in hoofsaak by die uitvoerende gesag in die persoon van die verantwoordelike minister. In sy skakeling met die Beheerraad, en veral die voorsitter, en andersom, en die indiening van die jaarverslag deur die Korporasie by die Parlement, kry die verhouding van die S.A.U.K. met die Staat gestalte. Tog verskil die Suid-Afrikaanse Uitsaaikorporasie aanmerklik van ander openbare korporasies wat beheer deur die Staat betref.

## 2. DIE EIE-AARD VAN DIE S.A.U.K.

In Suid-Afrika, soos elders in die vrye Westerse wêreld, word daar verskillende soorte staatsbeheerde

korporasies aangetref, afhangende van die diens wat hulle aan die publiek lewer en die rede waarom hulle as 'n statutêre liggaam deur die Staat in die lewe geroep is. Daar is bv. nywerheids- of handelskorporasies, regulerende of toesighoudende korporasies, nie-mededingende nywerheids- en handelskorporasies en maatskaplike dienskorporasies. Die Suid-Afrikaanse Uitsaaikorporasie hoort by geeneen van hulle tuis nie, aangesien hy 'n unieke kulturele diens aan die publiek lewer. Dit is 'n bewys van die eie-aard van die S.A.U.K.

Ten opsigte van hierdie kulturele taak van die S.A.U.K. geniet hy 'n monopolie. "Public utilities are natural monopolies"[2] en in die Uitsaaiwet van 1936 word die S.A.U.K. se taak in dié verband uiteengesit.[3] Die S.A.U.K. hanteer alle radioprogramdienste vir alle bevolkingsgroepe en hy beskik oor sy eie tegniese toerusting, benewens landlyne of mikrogolfstelsels wat van die Poskantoor gehuur word. Alle ander radiodienste wat nie vir die publiek bedoel is nie, word kragtens die Radiowet van 1952 deur die Posmees-

---

2) Jones, E. & Bigham, T.C.: Principles of Public Utilities, New York, 1939, p. 67.
3) Kragtens Art. 15(1) reik die Posmeester-generaal sodanige lisensies uit aan die Korporasie as wat nodig is om sy oogmerke uit te voer. Die betrokke minister het bepaalde magte in dié verband.

ter-generaal beheer en hy reik lisensies vir dié doel uit aan firmas, staatsdepartemente en organisasies wat van sodanige kortafstanduitsendings gebruik moet maak.[4]

Die destydse Minister van Poswese en Telegrafie, sen. C.F. Clarkson, het in die tweedelesingsdebat van die Uitsaaiwetsontwerp op 29 April 1936 in die Volksraad gesê dat 'n studie van die ondervinding wat in die belangrikste lande met die nuwe radio-uitvinding gemaak is, die Regering tot dié gevolgtrekking laat kom het (a) dat uitsaai 'n publieke utiliteitsdiens is wat in die een of ander vorm onder openbare beheer behoort te val, en (b) dat die beherende liggaam 'n monopolie *de facto*,[5] indien nie de jure nie, behoort te hê.[6]

Die vraag ontstaan nou of dit goed en wenslik is dat een onderneming 'n monopolie oor radio-uitsendings in 'n land het.[7] Sal so 'n staatsbeheerde organisasie

---

4) Die Universiteit van Natal het bv. so 'n lisensie ontvang om kampusnuus en musiek aan sy studente in Durban te verskaf.
5) Skrywer se kursivering.
6) Debatte van die Volksraad, deel 26, kol. 2770-1, 29 April 1936.
7) Die V.S.A. is 'n voorbeeld van 'n land sonder enige radiomonopolie, en die B.B.C. beskik, net soos die S.A.U.K., oor 'n monopolie.

met sy "power of monopoly"[8] bv. nie geneig wees om programme aan te bied wat die regerende party dikwels onnodig in 'n gunstige lig sal stel of doelbewus regeringsbeleid bevorder nie? Dr. N.J. van der Merwe het dit in 1936 só gestel: „Dit spreek vanself dat die versoeking vir die raad (beheerraad) baie groot sal wees om die regerende party tegemoet te kom".[9] Tog het die betrokke minister in dieselfde debat gesê: „As hierdie nasionale uitsaaikorporasie behoorlik moet funksioneer, dan moet dit in werklikheid 'n monopolie hê".[10]

Die S.A.U.K. is 'n outonome liggaam. Hy is as organisasie met regspersoonlikheid beklee, wat beteken dat die Korporasie as eiser en verweerder in sy naam as regspersoon in regte kan optree en alle handelinge kan verrig wat nodig is of in verband staan met die uitvoering van sy oogmerke en bevoegdhede.[11] In die samevattende aanbevelings van die Reith-verslag,[12] wat as handleiding gedien het vir die Uitsaaiwet van 1936, word gemeld dat, nadat ondersoek ingestel is na die besonder moeilike omstandighede t.o.v. die uitsaaiwese in Suid-Afrika, die stigting van 'n publieke

---

8) Goodman, E.: Forms of Public Control and Ownership, Londen, 1951, p. 43.
9) Debatte van die Volksraad, deel 27, par. 4509, 27 Mei 1936.
10) Ibid, par. 3029.
11) Art. 1 van die Uitsaaiwet van 1936.
12) Vgl. p. 26.

korporasie "under the aegis of the State and by Statute"[13] aanbeveel word en dat "this Corporation should be a free, autonomous body".

Op 'n konferensie van hoofamptenare van die S.A.U.K. het die voorsitter van die beheerraad, dr. P.J. Meyer, oor hierdie aangeleentheid gesê: „Die S.A.U.K. is 'n outonome medium. Handhaaf en bou dit uit as sodanig in diens van Suid-Afrika en al sy volke en mense. Doen dit op verantwoordelike en professionele wyse sonder om die plek van die gekose leiers van die gemeenskap op die verskillende lewensterreine te probeer inneem".[14]

Dr. Meyer het later die outonome karakter en aard van die Suid-Afrikaanse Uitsaaikorporasie in 'n verklaring teenoor „Dagbreek" verder omlyn: „Die S.A.U.K. is kragtens die Uitsaaiwet, en getrou aan sy eie tradisies en gebruike, die afgelope dertig jaar 'n selfstandige, outonome liggaam wat uit eie fondse onder leiding van sy beheerraad self oor sy beleid en programme besluit, en dan ook alleen die volle verantwoordelikheid daarvoor dra en aanvaar".[15]

---

13) Verkorte Reith-aanbevelings, p. 2(20).
14) Toespraak van dr. Meyer op 'n konferensie van hoofamptenare op 15 April 1965, p. 3.
15) Dr. Meyer in „Dagbreek", 16 Oktober 1968.

Die vraag kan gestel word of die opvatting van die beheerraad van die S.A.U.K. oor die outonome aard van die Korporasie ook deur die owerheid in die Republiek só aanvaar word. Die Korporasie het dit telkens in jaarverslae aan die Minister van Pos- en Telegraafwese, en nou die Minister van Nasionale Opvoeding, beklemtoon, en dit is deur elke minister waaronder die S.A.U.K. sedert 1936 geressorteer het, in parlementêre of ander verklarings bevestig. 'n Paar voorbeelde van veral parlementêre bevestigings daarvan kan verstrek word:

(a) Op 4 Maart 1938 vra mnr. J.S. Marwick (Illovo) aan die Minister of die voorsitter van die beheerraad gedurende die reses 'n toespraak gelewer het waarin hy verkleinerend na 'n groot gedeelte van die luisteraars verwys het. Sy antwoord was dat dit 'n saak is wat uitsluitlik by die Raad van Bestuurders van die S.A.U.K., „wat 'n onafhanklike liggaam is", tuishoort.[16]

(b) Dr. P.J. van Nierop (Mosselbaai) vra op 6 Februarie 1940 aan die Minister dat hy stappe moet doen om toe te sien dat die radio nie ná die gewone sluitingstye oopgehou word om toesprake van staatsmanne van ander lande uit te

---

16) Debatte van die Volksraad: deel 31, par. 1418, 4 Maart 1938.

saai nie. Die Minister: „Ek is nie bereid om my in te meng met die diskresie van die Raad omtrent die tye waarop, en redes waarvoor die stasies in werking gehou sal word nie".[17)]

(c) Mev. H. Suzman (Houghton) vra op 16 Februarie 1962 die Minister of hy by die S.A.U.K. sal vasstel of enige verandering t.o.v. uitsendings van nuus oor Springbokradio beoog word. Sy antwoord het gelui: „Aangesien die Minister nie op sodanige inligting van die S.A.U.K. geregtig is nie, spyt dit my dat ek die agbare lid nie behulpsaam kan wees nie".[18)]

Die onderskeie ministers belas met uitsaaisake, onder watter regering ook al, het hulle sover konsekwent hierdie outonome aard van die S.A.U.K. laat welgeval. Ook die Korporasie het by verskillende geleenthede verklaar dat geen minister nog ooit enige versoeke aan hom gerig het t.o.v. beleid en die uitvoering daarvan nie. Met die naamgewing van die Albert Hertzog-toring in Johannesburg het dr. Meyer onder meer aan die destydse minister van Pos- en Telegraafwese, dr. Hertzog, gesê: "Not only have you not expected the S.A.B.C. to sacrifice its independence

---

17) Debatte van die Volksraad: deel 37, par. 904, 6 Februarie 1940.
18) Ibid, deel 2, par. 2820.

and autonomy in consequence of a capital loan by the Government for the introduction of the FM network, but you have honoured and protected this autonomy in a way that can hardly be surpassed. I, therefore, have great pleasure on this occasion in stating publicly that neither you nor any other member of the Cabinet in which you serve, or any one of the officials of the various Gorvernment departments has ever given me or any Board member an instruction or even addressed a request to us to follow a certain or particular policy in any of the numerous and varying situations which our country has experienced at home as well as abroad".[19)]

Dit blyk duidelik dat die Suid-Afrikaanse Uitsaaikorporasie 'n unieke plek onder die staatsbeheerde korporasies en ander semi-staatsinstellings in die Republiek beklee. Die S.A.U.K. is in die lewe geroep om 'n besondere kulturele taak uit te voer, nl. die skepping van radioprogramdienste vir die Blanke-taalgroepe en afsonderlike dienste vir die Bantoevolke. In hierdie taak geniet hy 'n monopolie, d.w.s. ofskoon daar geen mededinging van watter aard ook al is nie, is dit sy plig en verantwoordelikheid om Suid-Afrika en sy mense na die beste van sy vermoë

---

19) Op 'n amptelike S.A.U.K.-transkripsieplaat.

te dien en programdienste van uitstekende gehalte te gee. Aanvanklik was slegs die lisensiegeld sy enigste bron van inkomste, maar later het advertensietariefgelde bygekom.

Nou is dit so dat, omdat slegs die S.A.U.K. 'n lisensie ontvang het om 'n radiodiens en later ook 'n televisiediens vir Suid Afrika in te stel, mense van alle politieke oortuigings en verteenwoordigend van alle politieke partye in die land hierdie lisensiegeld betaal waarmee die radiodiens gefinansier word. 'n Uiters netelige situasie het sô ontstaan. Aan die een kant is daar die gebruik dat die lede van die beheerraad van die S.A.U.K. aangestel word deur die Minister van Nasionale Opvoeding, wat aan 'n sekere politieke party, d.w.s. die regerende party, behoort. 'n Studie van die parlementêre debatte sedert 1936 het aan die lig gebring dat daar voortdurend 'n vrees by die Opposisie bestaan dat die minister slegs persone in die raad sal aanstel met dieselfde politieke oortuigings as dié van die regerende party.

Aan die ander kant rus daar 'n plig op die raad om as trustees van die mense van Suid-Afrika so op te tree en programme aan te bied dat daar nie met 'n vinger na hom gewys kan word met die beskuldiging dat hy 'n propagandamasjien van die regerende party

is nie. Hierdie saak verdien besondere aandag in 'n bespreking oor die S.A.U.K. se verhouding tot die Staat. Uitsendings met 'n politieke strekking is in hierdie bespreking ter sake omdat die Staat as't ware bestempel kan word as die „beskermheer" van die publiek se belange in dié verband. Die luisteraars verwag van die Staat om namens hulle as wagter op te tree indien die Korporasie sy magte misbruik.

## 3. „POLITIEK" OOR DIE RADIO

„Hulle (die beheerraadslede) is gekies om hulle politieke gesindheid. Hulle is versigtig uitgesoek".[20] Reeds twee jaar na die stigting van die S.A.U.K. is hierdie mening in die Volksraad uitgespreek deur 'n lid van die destydse Opposisie, mnr. J.S. Marwick (Illovo). Deurdat net die S.A.U.K. deur sy beheerraad seggenskap het oor wat in programme uitgesaai word, kan geen inligting deur die minister op vrae verstrek word nie. Dit het mnr. E.G. Malan (Orange Grove) op 'n keer laat uitroep: „As daar ooit 'n granietmuur was wat vir ons begunstiging, nepotisme, verydeling, siedende ontevredenheid, Gestapo-metodes en politieke vervolging verberg, dan is dit die

---

20) Debatte van die Volksraad: deel 32, par. 1100, 17 Augustus 1938.

granietmuur wat die S.A.U.K. omring".[21)]

In alle lande word daar op dié subtiele en ander metodes pogings aangewend om die outonome aard en selfstandigheid van die nasionale uitsaaidiens aan te tas. Friedman skryf bv. oor die Australiese Uitsaaikommissie: "The long-term trend has been to whittle away the independence and to some extent the self-respect of this authority, politicians having a fatal tendency to think their judgement of entertainment value is better than the Commission's, and that they are also better guardians of the public's morals".[22)]

Uit die Staat se oogpunt is hierdie vroeë standpunt van groot belang: „Ek wil sê dat dit (die S.A.U.K.) bokant alle party-politiek staan, en dat dit in die waaragtige belang van albei seksies van die gemeenskap sal wees", aldus die Minister van Poswese en Telegrafie, sen. Clarkson, op 29 April 1936 in die Volksraad.[23)]

Kragtens die handves van die Korporasie het die S.A.U.K. 'n plig om in te lig, te onderrig en te

---

21) Debatte van die Volksraad: deel 3, par. 4070, 13 April 1962.
22) Friedman, W.: The Public Corporation - a Comparative Symposium, Londen, 1954, p. 45.
23) Debatte van die Volksraad: deel 26, par. 3029, 29 April 1936.

vermaak. Dit behoort, so het die B.B.C. bv. vroeg al begin glo, ook te geld t.o.v. die alledaagse politiek, maar dit was nie so maklik om die regering daarvan te oortuig nie. "The B.B.C. had to fight for permission to broadcast politics",[24] en hierdie stryd het reeds in 1926 begin! "Our political broadcasts inform; to some extent they educate - possibly not as much as some would wish; and at times they even have elements of entertainment".[25]

Soos reeds gemeld[26] was dit die beleid in die begin van die S.A.U.K. se bestaan dat die Korporasie heeltemal van politieke uitsendings sou wegskram. Die toestande gedurende die Tweede Wêreldoorlog kort daarna het egter al meegebring dat hierdie beleid effens gewysig moes word. Dit het dr. Van Nierop gedwing om die minister te vra „of hy, met die oog daarop dat al hoe meer tyd deur die Suid-Afrikaanse Uitsaaikorporasie toegestaan word vir die uitsaai van toesprake, propaganda, ens. uit Brittanje wat betrekking het op sake wat in Suid-Afrika van politieke aard is, vertoë aan die raad (beheerraad) sal rig om 'n beleid van geen deelname aan politieke sake te laat toepas".[27] Die minister se antwoord was

---

24) Edwards, D.: Political Broadcasting ('n B.B.C.-etensuurlesing) 10 Maart 1965, p. 4.
25) Ibid.
26) Vgl. p.216.
27) Debatte van die Volksraad: 6.2.40, deel 37, kol. 934.

andermaal sprekend van die feit dat die S.A.U.K. 'n outonome, selfstandige organisasie is: „Ek is nie bereid om die raad te vra om sy beleid in hierdie verband te verander nie".[28)]

Ses jaar later, in September 1946, het die Verenigde Party-regering 'n Kommissie van Ondersoek insake Uitsaaidienste aangestel. In sy verslag, wat aan die einde van Maart 1948, dus net voor die bewindsaanvaarding van die Nasionale Party onder die premierskap van dr. D.F. Malan, in die Parlement ter tafel gelê is, is onder meer aanbeveel dat die uitsending van kontensieuse besprekings wenslik is mits luiste-raars in die geleentheid gestel word om albei kante van 'n geskilpunt te hoor.[29)]

Die destydse direkteur-generaal van die S.A.U.K., mnr. Gideon Roos, het in April 1950 in 'n boodskap in die nuwe tydskrif „Radio" gesê dat parlementêre uitsendings en besprekings van 'n aanvegbare aard moontlik toegelaat sal word. Drie jaar later het die S.A.U.K., net soos die B.B.C.,[30)] sy senders tydens 'n algemene verkiesing tot die beskikking van die leiers van die

---

28) Ibid.
29) Verslag van die Kommissie van Ondersoek insake Uitsaaidienste, p. 74, para 71.
30) Edwards, p. 4.

onderskeie politieke partye gestel om hulle beleidsrigtings uiteen te sit. Tydens die veldtog wat die algemene verkiesing in 1958 voorafgegaan het, is die betrokke leiers weer dié geleentheid gebied, maar hulle was toe nie meer daarvoor te vinde nie. Spesiale nuusbulletins is toe drie keer per week in Afrikaans en Engels aangebied waarin die vordering met die verkiesingsveldtog uitgebeeld is.[31)]

Ofskoon dit die plig van 'n nasionale radio-organisasie is om die belangstelling van die luisteraars in staatkundige aangeleenthede te prikkel, is dit nodig om daarop te let dat 'n goeie balans deurentyd gehandhaaf moet word. „Waarteen ons veral moet waak in ons land, is dat die verhoudings wat op politieke terrein in 'n demokratiese land noodwendig moet bestaan, veral in die wêreld soos dit tans daar uitsien, nie daartoe sal lei dat die werk op kulturele en vermaaklikheidsgebied daardeur so oorskadu word dat die bedrywighede op hierdie gebiede nie genoeg na eie waarde geskat word nie".[32)] Hierdie uittreksel uit 'n jaarverslag van die S.A.U.K. weerspieël die siening en beleid van die beheerraad oor uitsendings met 'n politieke kleur.

---

31) S.A.U.K.-jaarverslag, 1958, p. 8.
32) S.A.U.K.-jaarverslag, 1961, p. 6.

Ten opsigte van die sogenaamde „politieke propaganda" wat volgens die Verenigde Party sedert 1948 deur die S.A.U.K. ten gunste van die Nasionale Party-regering uitgesaai word, is 'n ontleding van die rubriek „Sake van die Dag/Current Affairs" nuttig. Dit kan as die S.A.U.K. se daaglikse „hoofartikel" bestempel word. Dr. P.J. Meyer het in 'n verklaring teenoor „Dagbreek" op 16 Oktober 1968 gesê dat die Beheerraad volle verantwoordelikheid vir hierdie program dra en aanvaar.

Ook na aanleiding van die instelling van nuuskommentaar saans na die seweuurnuus word daar in een van die jongste jaarverslae van die Korporasie groter duidelikheid oor die doel met sulke uitsendings verstrek. „'n Objektiewe vermelding van die konkrete nuusfeite alleen is lankal nie meer voldoende om volledige inligting te verkry nie".[33] Die implikasie van hierdie bewering is dat die radio die luisteraar moet help om die nuusfeite te verwerk en te verteer. Die Direkteur-generaal (Programme) van die S.A.U.K., mnr. Douglas Fuchs, het op 'n konferensie van senior program- en nuusamptenare van die S.A.U.K. op 28 Augustus 1972 in Johannesburg verduidelik:

---

33) S.A.U.K.-jaarverslag, 1971, p. 9.

„Ons het nie konsensus-politiek in ons land nie. Ons het gepolariseerde politiek - onversoenbare standpunte teenoor mekaar. Daarby het buite-parlementêre opposisiepolitiek ook in ons land begin kop uitsteek - op universiteitskampusse, in die kerke, op die sportvelde. Binne hierdie situasie verkeer ons uitsaaiwese in 'n besondere posisie; <u>om die publiek ingelig te hou oor die situasie en by te dra tot die handhawing van wet en orde</u>".[34)]

'n Taak t.o.v. buite-parlementêre opposisiepolitiek - op hierdie gebied het die S.A.U.K. 'n taak, volgens een van sy twee direkteure-generaal. Dit is 'n begrip wat nadere begrensing verg. Daarsonder sou, onder meer, die dinge genoem kan word wat besig is om lewensterreine binne te sypel wat voorheen onaangeraak en onbesoedeld deur die politiek was. Popmusiek, met sy breinspoeling, Kommunistiese beïnvloeding en godsdienstige vervreemding, sport, as 'n wapen in die internasionale politiek; godsdiens, waarin nie meer net die Heilsboodskap verkondig word nie, maar ook opstand.

Mnr. Fuchs het bygevoeg: „Elke diens het breedweg 'n eie identiteit, maar alle dienste het dit gemeen-

---

34) Skrywer se kursivering.

skaplik: dat in toenemende mate programme uitgesaai word wat in mindere of meerdere mate direk of indirek aan die politiek raak. Ons het net een beleid t.o.v. die politiek, en ek onderskei hier natuurlik tussen die politiek en die party-politiek. Daardie beleid word neergelê deur die beheerraad en geïmplimenteer deur die Direkteure-generaal".[35)]

Een van die jongste stappe om die publiek ook oor politieke aangeleenthede ingelig te hou en tegelyk ook 'n ander been van die radio se drieledige taak, nl. om op te voed, in gedagte te hou, was die instelling van 'n afdeling Nuuskommentaar onder die Direkteur: Nuusdienste, met 'n eie hoofamptenaar aan die spits. Die ou „Sake van die Dag" is hierby ingelyf. In dié afdeling werk manne, Afrikaans- en Engelssprekend, wat ten volle bewus is van omstrede landsvraagstukke. Omdat hierdie politiekkundige departement in hierdie posisie verkeer, moet hy dien as skakel met alle programdepartemente, Blank en Nie-Blank, oor hierdie soort aangeleentheid.

Dit is interessant om in dié verband menings van regeringsleiers na te gaan en te ontleed. Wyle dr.

---

35) Mnr. Fuchs op 'n senior program- en nuuskonferensie in Johannesburg op 28 Augustus 1972.

H.F. Verwoerd het by geleentheid gesê: „Ek gun hulle (die S.A.U.K.) die vryheid van die lug soos ons aan die pers die vryheid van die pers gun".[36] Hy het bygevoeg dat die Opposisiepers nie aan die Korporasie dieselfde vryheid gun nie. Radiokommentaar is per slot van sake identies met die hoofartikel van 'n koerant en alles wat daarin gesê word, strook nie met die meningsuitkyk van die Regering nie. „Af en toe sê hulle 'n ding wat vir ons (die regering) in die verleentheid bring, maar ons gun hulle die vryheid om dit te sê, netsoos ons die vryheid gun aan die koerante om veel erger dinge te sê".

Meer as drie jaar later sê die destydse Minister van Pos- en Telegraafwese, mnr. M.C.G.J. van Rensburg, in Bloemfontein op 'n kongres van die Nasionale Party dat „hy die uitsendings (verwysende na ‚Sake van die Dag') sorgvuldig bestudeer en bevind het dat dit in geen opsig 'n party-politieke kleur en inhoud dra nie".[37]

In 1962 het dr. Verwoerd in die Volksraad gesê: „Verder is ek oortuig daarvan dat hy sal doen wat elke radio-onderneming in elke land doen, en dit is

---

36) Toespraak op 'n Nasionale Party-kongres in Johannesburg op 16 Augustus 1965.
37) Aangehaal deur dr. Meyer in die genoemde „Dagbreek"-artikel.

om as 'n getroue, vaderlandsdienende masjien werksaam te wees. Radio Suid-Afrika sal, soos in elke land gebeur, aan die land bekend stel wat nuuswaardig is, en hy sal hom ontruk aan die poging wat daar soms in die verlede vanuit die vreemde sowel as binnelands was om hom 'n party-politieke instrument te maak teen die belange van Suid-Afrika".[38]

Dit kan nuttig wees om nou die sinsnedes van die verklarings oor die S.A.U.K. deur hierdie regeringsleiers wat onderstreep is, te ontleed. „Ons gun hulle die vryheid" impliseer dat die Regering, en onregstreeks dus die Staat, die selfstandigheid en outonomie van die S.A.U.K. om alleen oor programinhoud te besluit, erken en respekteer. As monopolistiese organisasie geniet die Korporasie „die vryheid van die lug" en die regering gun dit aan hom, net soos hy „die vryheid van die pers" erken.

Mnr. Van Rensburg het as verantwoordelike minister onomwonde verklaar dat die S.A.U.K. hom nie skuldig maak aan die bewering deur die Opposisie dat hy 'n orgaan van die Nasionale Party is nie. Politieke sake en besprekings van die dag word, m.a.w., bloot

---

38) Debatte van die Volksraad: deel 3, par. 3970, 12 April 1962.

deur die Korporasie in die korrekte perspektief geplaas en hierin sien die S.A.U.K. vir hom 'n belangrike taak en roeping.

Myns insiens is dit vir die S.A.U.K. belangriker om die belange van Suid-Afrika voortdurend met sy programbeplanning en -inhoud in gedagte te hou as dat hy sy vryheid van die lug misbruik of dalk bedekte propaganda vir een of ander politieke party uitsaai. Dit kom daarop neer dat hy nooit iets sal aanbied in sy programdienste wat Suid-Afrika en sy belange skade sal berokken nie. Dit het niks te doen met watter politieke party aan bewind is nie.

Dat die S.A.U.K. daarna strewe, blyk uit 'n verklaring deur dr. Meyer in 1963: „Watter regering ook al in Suid-Afrika aan bewind mag wees, en wie die lede van die Beheerraad van die S.A.U.K. in die toekoms mag wees, kan ek my nie voorstel dat die S.A.U.K. ooit 'n ander beleid kan volg

(a) as om nuus en inligting volledig, feitelik, objektief en waarheidsgetrou aan te bied nie;
(b) as om Suid-Afrika met al sy volksgroepe, elkeen na sy eie aard, elk volgens sy eie kulturele ideale en strewe, getrou en opreg te dien nie;
(c) as om die eenheid en verskeidenheid van die

Suid-Afrikaanse lewe en werklikheid so te reflekteer dat geloof, hoop en liefde ten opsigte van die eie gesterk en verbreed word nie".[39]

Dit kan gebeur dat die inligtingsopdrag aan die S.A.U.K. kragtens sy handves skade ly indien die Korporasie sou wegskram daarvan om in sy programme sake van die dag te reflekteer. Daarom sê die beheerraad in sy 1961-verslag aan die Minister van Pos- en Telegraafwese dat hy dit as beleid neergelê het dat Radio Suid-Afrika steeds na die beste van sy vermoë en oordeel volledige, gebalanseerde en waarheidsgetroue inligting moet verskaf en moet sorg dra dat die uitsaaidiens nie misbruik word om die veiligheid en belange van die land te ondermyn of om rewolusionêre oogmerke van buite of binne die landsgrense te bevorder nie.[40]

Die indruk word verkry dat die Engelstalige Opposisiepers se uitbarstings teen die S.A.U.K. gewortel is in die feit dat daar nie 'n Engelstalige dagblad is wat die Regering en sy beleid in die algemeen steun nie. In navolging van sy neergelegde voorneme om die veiligheid en belange van die Republiek gedurig eerste te stel, ag die Korporasie dit sy plig om sake

39) Dr. Meyer tydens die opening van die FM-diens in Durban op 30 Oktober 1963, p. 9.
40) S.A.U.K.-jaarverslag, 1961, p. 6.

van die dag behoorlik in perspektief te stel en in hierdie proses lyk dit soms vir die Opposisiepers of die radio die Regering en die koerante wat hom steun, napraat. Tog is die mening al in 'n Opposisiekoerant geopper dat te min betekenisvolle aangeleenthede in Suid-Afrika in radioprogramme gereflekteer word.[41)] Daar moet, volgens "The Star", minder huiwering wees om kontroversiële aangeleenthede uit te saai.

Ek glo nie die S.A.U.K. skram daarvan weg om sulke aangeleenthede in sy programme te belig nie. Die inhoud van bv. „Sake van die Dag" en „Rekenskap" is dikwels bewys daarvan. Die onderwerpe kan dikwels bestempel word as polities van aard, en alle gesigspunte word weerspieël. Dit sou verkeerd wees om dit party-politieke uitsendings te noem. Die S.A.U.K. moet beslis wanneer 'n onderwerp inligtings-, ontspannings- en opvoedingswaarde het - iets wat nie aan die oordeel van politici oorgelaat kan word nie. Dit is belangrik om in gedagte te hou dat hierdie moderne tyd van opstande, terrorisme en permissiwiteit ook 'n plig op 'n land se nasionale radio-organisasie lê om 'n bydrae te lewer tot die handhawing van wet en orde. Dit is nodig om luisteraars feitlik daagliks te help om nuus te verwerk, te verteer en in perspektief te

---

41) The Star, 4 Julie 1949.

stel. Sulke politieke uitsendings moenie die gewone vermaaklikheids-, inligtings- en opvoedkundige programme oorskadu nie, en die S.A.U.K. maak hom nie hieraan skuldig nie.

Daar is gemeld dat die Staat eintlik die luisteraars van alle party-politieke oortuigings se beskermheer is teen die moontlike misbruik van die radiomedium ter wille van beïnvloeding.[42] Daar kon egter geen bewys opgespoor word dat enige Regering sedert 1936 die S.A.U.K. beskuldig het van party-politieke beïnvloeding in sy uitsendings nie. Netsoos 'n koerant lesers nie toelaat om in sy hoofartikel-kolomme kommentaar te lewer op 'n hoofartikel nie, netso kan die S.A.U.K. nie luisteraars toelaat om dieselfde t.o.v. „Sake van die Dag" te doen nie. Wat die pers betref kry hulle die geleentheid daarvoor in die vorm van briewe, en in programme soos „Griewebriewe" gebeur dit ook oor die lug. Dit het ook al gebeur dat kritici van die S.A.U.K., ondanks sy „granietmuur", geweier het om op uitnodiging van die Korporasie hul siening van 'n saak oor die lug te stel naas die uiteensetting van die ander kant van die saak.

Die indruk kan ontstaan dat die S.A.U.K. as outonome

---

42) Vgl. p. 215

liggaam aan geen beheer benewens dié van sy eie beheerraad onderhewig is nie. Dit is nie die geval nie. Die Korporasie moet met verskillende beheerinstansies rekening hou.

## 4. DIE BEHEERINSTANSIES

Die Suid-Afrikaanse Uitsaaikorporasie is aan feitlik dieselfde mate van staatsbeheer as die ander vergelykbare publieke korporasies en semi-staatsinstellings onderworpe. Die enigste verskil wat daar bestaan en wat geopper kan word, geld in sommige gevalle beheer oor die korporasie se geldsake. As daar sprake is van toekennings deur die Staat, word die beheer van die kant van die Staat vanselfsprekend in dié opsig verskerp. Dit kan as „ouditbeheer" bestempel word. Naas hierdie vorm van beheer deur die Staat, wat in 'n geringer mate van toepassing is op die S.A.U.K., bestaan daar twee ander beheerinstansies vir staatsbeheerde korporasies waarmee eers rekening gehou moet word, nl. die kabinet, of uitvoerende gesag, en die Parlement, of wetgewer. Vir die doeleindes van hierdie studie sal hierdie beheerinstansies as ministeriële en parlementêre beheer gedefinieer en behandel word.

## 4. 1 Ministeriële beheer

Die Uitsaaiwet van 1936 (Wet Nr. 22 van 1936), ingevolge waarvan die S.A.U.K. in die plek van die ou "African Broadcasting Company" tot stand gekom het, bepaal[43] dat die Staatspresident die lede van die beheerraad van die Korporasie aanstel. Elke lid beklee die amp op voorwaardes wat die Staatspresident by sy aanstelling bepaal. Volgens dieselfde wet word die voorsitter van die beheerraad, asook die visevoorsitter, uit die aangestelde raadslede deur die Staatspresident aangewys.[44] As 'n lid van die beheerraad voor die verstryking van sy ampstyd van vyf jaar sy amp wil neerlê, moet die Staatspresident skriftelik daarvan in kennis gestel word.

Kragtens die Uitsaaiwet kan die Staatspresident 'n raadslid uit sy amp ontslaan as hy nie aan die voorwaardes van sy aanstelling voldoen het nie; na die mening van die Staatspresident hom skuldig gemaak het aan onbetaamlike gedrag of nie in staat is om sy pligte doeltreffend te vervul nie; na die mening van die Staatspresident nie alle moontlike stappe gedoen het om 'n geregtelike bevel ingevolge die Uitsaaiwet, waardeur die Raad gelas word om 'n versuim goed te

---

43) Art. 2(1).
44) Art. 2(3).

maak, te laat gehoorsaam nie; of sonder die toestemming van die voorsitter afwesig was van drie agtereenvolgende vergaderings van raadslede waarvan hy in kennis gestel was.[45)]

Vakatures in die beheerraad van die S.A.U.K. word deur die Staatspresident aangevul. Die Staatspresident kan 'n raadslid aanwys om as voorsitter waar te neem en hy stel ook die salarisse van die voorsitter, onder-voorsitter en ander raadslede vas.[46)] Dit geld ook toelaes ten opsigte van koste wat raadslede aangaan in verband met die vervulling van hulle pligte.[47)]

In hierdie stadium moet daarop gewys word dat die Staatspresident in Suid-Afrika, wat 'n republiek is, optree op advies van die Eerste Minister en sy kabinet. Hy het nie, soos die geval bv. in Frankryk is, die mag om op eie houtjie op te tree en hierdie beheerfunksies oor die S.A.U.K. uit te oefen nie. Die eintlike beslissings in dié verband word geneem deur die kabinet en as formele en amptelike staatshoof word sodanige besluite, soos die aanstelling van raadslede, in naam van die Staatspresident bekend gemaak.

---

45) Art. 3(3).
46) Art. 5(1).
47) Art. 5(2).

Tog word die kabinet nie as beheerinstansie genoem nie, maar die minister waaronder die S.A.U.K., en so ook enige openbare korporasie, ressorteer. Eers was dit die Minister van Pos- en Telegraafwese, maar sedert 1970 het dié beheerfunksie oorgegaan na die Minister van Nasionale Opvoeding, veral met die oog op die toenemende rol wat die Korporasie ná die instelling van 'n televisiediens gaan speel as opvoedkundige medium. Die betrokke minister bly die belangrike faktor in hierdie beheerfunksie.

Dis belangrik om daarop te let dat die raadslede deur die Staatspresident (oftewel die Minister) aangewys word sonder enige raadpleging vooraf met die S.A.U.K. of enige ander instansie hoegenaamd. Daar bestaan ook geen voorskrifte oor die mate van kennis van radiosake, musiek, ens. waaroor so 'n lid moet beskik nie. Tog kan daar aangeneem word dat die bevolkingsamestelling t.o.v. die Blankes veral met sulke aanstellings in gedagte gehou word. Die salarisse van die lede wat deur die minister, ná raadpleging met die kabinet, vasgestel is, word deur die S.A.U.K. uit sy inkomsterekening betaal.

Die bepaling in Art. 3(3) dat die Staatspresident (dus die minister) raadslede onder sekere omstandighede kan ontslaan, kan as vanselfsprekend bestempel

word. As iemand die mag het om, soos enige sake-onderneming, iemand aan te stel, is hy ook by magte om so 'n persoon te ontslaan.

Tog het die beheerraad van die S.A.U.K. geen verpligtinge teenoor die minister en die land se uitvoerende gesag nadat hy aangestel is en daar voldoen is aan die voorwaardes vir aanstelling nie. Daar moet natuurlik ook sorg gedra word dat daar nie ander redes bestaan waarom hy ontslaan kan word nie, soos in Art. 3(3) uiteen gesit. Sodra die beheerraad egter finaal deur die minister saamgestel is, die voorsitter en ondervoorsitter aangewys is en daar aan die nodige voorwaardes voldoen is, is die raad verder verpligtingloos. Dan oefen hy beheer uit oor 'n organisasie wat outonoom en selfstandig is en as regspersoon kan optree.[48] Een van hierdie voorwaardes is dat 'n verslag jaarliks aan die Parlement voorgelê moet word, maar daaroor word later uitgewy wanneer parlementêre beheer bespreek word.

Afgesien van die oorkoepelende beheerraad, stel die minister, deur die Staatspresident, ook die Bantoe-programbeheerraad aan op dieselfde voorwaardes as die groter raad.[49] 'n Belangrike beheermaatreël t.o.v. die minister is dat enige geskil wat daar tussen die

48) Art. 1.
49) Art. 13(1).

Beheerraad en die Bantoeprogrambeheerraad i.v.m. die verrigting van sy werksaamhede deur die Bantoeprogrambeheerraad mag ontstaan, na die minister verwys kan word. Sy beslissing sal afdoende wees. Die feit dat die voorsitter van die groter beheerraad ook die voorsitter van die Bantoeprogrambeheerraad is, skakel hierdie moontlikheid in 'n groot mate egter uit. Tog is dit interessant om op die mag van die minister in dié verband te let.

Die minister onder wie die S.A.U.K. ressorteer, se beheermagte t.o.v. die lisensie van die Poskantoor kom daarop neer dat hy die voorwaardes bepaal waarop die nodige lisensies aan die Korporasie uitgereik word.[50] Hy kan dié voorwaardes wysig en hy moet ook enige opskorting of intrekking van sodanige lisensie goedkeur. Ministeriële beheer t.o.v. die Suid-Afrikaanse Uitsaaikorporasie kom hier sterk ter sprake. Hy is by magte om sy goedkeuring te heg aan die opskorting van die lisensie van die S.A.U.K. om programme uit te saai indien die Posmeester-generaal van mening is dat die Korporasie nie meer voldoen aan die voorwaardes wat gestel is toe die lisensie uitgereik is nie!

---

50) Art. 15(3).

Nadere inligting word oor die kwessie van ministeriële beheer deur die lisensie om programme uit te saai, in die Radiowet, Wet Nr. 3 van 1952, verstrek. Hierdie wet is op die wetboek geplaas „om die wette met betrekking tot die beheer oor radio-bedrywighede in die Republiek en daarmee in verband staande aangeleenthede saam te vat en te wysig".[51)] In dié wet word bepaal dat radiobedrywighede binne die Republiek en Suidwes-Afrika, behoudens die bepalings van die betrokke wet en die Uitsaaiwet van 1936, onder beheer is van die Posmeester-generaal, wat sy bevoegdhede en werksaamhede ingevolge die betrokke wet onder die beheer en volgens die voorskrifte van die Minister uitoefen en verrig.[52)]

Ingevolge die Radiowet kan die Posmeester-generaal, met die toestemming van die Minister, radio-oorsendings- en ontvangstasies oprig en in werking stel.[53)] Hy moet, as die Minister aldus gelas, namens die Regering die bestuur en beheer van 'n radiostasie (ten opsigte waarvan 'n lisensie aan die S.A.U.K. of 'n ander persoon uitgereik is) vir so 'n tydperk as wat die Minister mag vasstel, oorneem en die radiostasie in werking stel. Billike vergoeding

---

51) Aangehaalde deel vorm deel van die aanhef van die wet.
52) Art. 2 van die Radiowet van 1952.
53) Art. 4(1).

word dan aan die lisensiehouer in so 'n geval betaal.[54]

Artikel 4 van die Radiowet van 1952 moet dus, myns insiens, saam met Artikel 15(3) van die Uitsaaiwet van 1936 gelees word. Daarvolgens kan 'n lisensie om radioprogramme uit te saai, opgeskort of ingetrek word met die goedkeuring van die Minister. As die S.A.U.K. nie voldoen aan die voorwaardes ingevolge waarvan die lisensie aan hom uitgereik is om uit te saai nie, kan die Staat as't ware die hele radiodiens oorneem. Dit dui op die uitgebreide beheermagte wat die Minister (en dus die Staat) oor die S.A.U.K. het.

Ministeriële beheer is ook van toepassing op die verkryging van grond deur onteiening wat hy nodig het om uitsaaidienste te lewer.[55] Die minister se goedkeuring is nodig as sodanige grond nie d.m.v. onderhandelings en die gewone kanale van die eienaar verkry kan word nie en die grond dringend benodig word.

Nog 'n belangrike aspek wat aan ministeriële beheer onderworpe is, is sy regulasiebevoegdhede by die bepaling van lisensies wat deur die luisteraars betaalbaar is. Die Korporasie stel die lisensiegeld vas, maar die minister moet die bedrag eers goedkeur

54) Art. 4(2).
55) Art. 23A(1) van die Uitsaaiwet van 1936.

voordat die betaling van die lisensiegeld deur die luisteraars afdwingbaar is.[56] Verder beskik die Minister oor die mag om die S.A.U.K. se beheerraad te eniger tyd skriftelik te vra om enige versuim t.o.v. 'n bepaling van die Uitsaaiwet binne 'n aangegewe tyd te herstel.[57] Indien die raad in gebreke bly om aan so 'n kennisgewing gevolg te gee, kan die Minister by 'n bevoegde hooggeregshof aansoek doen vir 'n bevel om hom te dwing tot herstel van die versuim, en die hof kan daarop so 'n bevel uitvaardig as wat hy goeddink.

Stellig die belangrikste ministeriële beheermaatreël is die bepaling dat die beheerraad op of voor 30 April elke jaar aan die minister 'n verslag oor die werk van die Korporasie die vorige jaar moet verstrek. Omdat dié verslag in die Parlement voorgelê moet word, sal dié beheermaatreël in die bespreking van die volgende beheerinstansie behandel word.

Dit blyk baie duidelik dat die Staat, deur die Minister van Nasionale Opvoeding, 'n aansienlike mate van beheer oor die Suid-Afrikaanse Uitsaaikorporasie uitoefen. Dit geld veral die feit dat die S.A.U.K.

---

56) Art. 25(3).
57) Art. 26(1).

as't ware deur die Staat verbied kan word om uit te saai, en dat die Staat self die uitsendings kan reël. Hierdie ingrypende beheermagte is eintlik in ons moderne samelewing noodsaaklik, en is 'n bewys van hoe belangrik die radio as massakommunikasiemedium beskou word. Die feit dat die Staat die beheerraad aanstel is nie van veel belang nie, aangesien die beheerraad daarna in elk geval geen verpligting meer teenoor die Minister het nie as daar aan al die voorwaardes voldoen word. Dit is ook nie besonder veelseggend dat die Staat die lisensiegeld moet goedkeur nie. Die jaarverslag is egter 'n belangrike faset wat uit ministeriële beheer voortspruit, maar 'n ander vorm van staatsbeheer oor die S.A.U.K. kom hier ter sprake.

## 4. 2 Parlementêre beheer

Parlementêre beheer is volgens die indeling van Friedmann die eerste van vier vorms van openbare beheer oor publieke korporasies, waaraan die Suid-Afrikaanse Uitsaaikorporasie onderhewig is.[58] Die ander drie vorms is ministeriële, oudit- en regterlike beheer.

---

58) Friedmann, p. 576.

Die vraag kan gestel word of die Parlement ná die totstandkoming van 'n staatsbeheerde nutskorporasie deur middel van 'n wet of statuut verdere seggenskap behoort te hê of steeds oor die funksionering van dié instellings beheer moet uitoefen. Prof. Van der Walt meen dat dit wel die geval is[59] en myns insiens is dit korrek dat die Parlement, wat in die eerste plek die instrument was vir die stigting van 'n publieke korporasie, in 'n mate verder beheer daaroor moet uitoefen. „As algemene reël word aanvaar dat die korporasies as openbare ondernemings nie van parlementêre beheer uitgesluit kan word nie".[60]

In die jaarverslag van die S.A.U.K. wat in die Parlement ter tafel gelê moet word en waarna reeds verwys is,[61] moet die Korporasie besonderhede verstrek oor die boekwaarde van alle eiendom; die bedrag van sekuriteite vir nog uitstaande lenings en die rente daarop, hetsy betaald of nie; die stand van elke fonds wat kragtens die Uitsaaiwet gestig is; die onkoste van bestuur en administrasie en alle ander onkoste van die korporasie; die oprigting en bou, reperasie, verbetering of verandering van enige installasie, toerusting of gebou en die koste daarvan;

---

59) V.d. Walt, p. 246.
60) Ibid.
61) Vgl. p. 238.

die prys of huurprys van grond of ander onroerende goed wat verkry of gehuur is; die naam van elke lid van 'n politieke party deur wie 'n toespraak uitgesaai is, die naam van die party waarvan hy die verteenwoordiger was, die tyd wat vir die toespraak toegestaan is en die tyd waarop dit uiteindelik uitgesaai is; en enige ander aangeleentheid waaromtrent die Minister van die beheerraad verlang dat hy dit behandel.[62)]

Oor die voorlegging van jaarverslae aan die Parlement is daar in die loop van jare besware deur lede van die Opposisie geopper. Daar is verklaar dat dit as 'n beheermaatreël deur die Parlement beperkte waarde het. Mev. Bertha Solomon het bv. in 1944, agt jaar ná die stigting van die Korporasie, in die Parlement gesê: „Daar is baie min parlementêre masjinerie om ons in staat te stel om hierdie verslae te bespreek of selfs vir die Parlement om hulle te oorweeg.[63)] Agttien jaar later beweer mnr. R.P. Plewman as Opposisielid: „Na mate die Parlement se werk toegeneem het, het die ter tafel lê van inligting blote formaliteit geword".[64)]

Die S.A.U.K. win voortdurend regsadvies in oor presies

---

62) Art. 24 van die Uitsaaiwet van 1936.
63) Debatte van die Volksraad: 1944; deel 47, kol. 826.
64) Ibid, 1962, kol 1633.

wat volgens die Uitsaaiwet in die jaarverslag genoem hoef te word, ten einde te voorkom dat sake van huishoudelike aard daarin opgeneem word. Voortdurend word daar in die Parlement pogings d.m.v. vrae aangewend om sulke huishoudelike inligting van die minister te bekom. 'n Antwoord deur die Minister van Pos-en-Telegraafwese op 'n vraag oor die aankoop van grond deur die S.A.U.K. in 1959, is bv. só in die Parlement verstrek: „Die vraag wat die agbare lid stel, gaan oor die huishoudelike sake van die S.A.U.K. Soos reeds by vorige geleenthede aan hierdie Huis verduidelik is, is dit nie raadsaam om in te meng met die interne sake van die statutêre korporasies nie. Die Regering stel die Bestuurders (raadslede) van die S.A.U.K. aan om die werksaamhede van die Korporasie voort te sit".[65)]

Daar bestaan vir parlementslede genoeg geleenthede om inligting of verslae wat in die Parlement ter tafel gelê word, te ontleed en te bespreek. Vrae kan aan die verantwoordelike minister gestel word en indien dit nie van huishoudelike aard is nie, sal die nodige inligting verstrek word. Sake kan ook tydens die behandeling van die betrokke minister se begrotingspos geopper word. Daar kan ook voorgestel word dat

---

65) Debatte van die Volksraad: deel 99, kol. 1013, 1959.

die Raad verdaag om die saak te bespreek, ofskoon dit net in buitengewone omstandighede toegestaan sal word.

Die verantwoordelike minister moet die jaarverslag van die S.A.U.K. by die Parlement indien binne sewe dae nadat dit aan hom oorhandig is, of indien die Parlement nie in sitting is nie, binne sewe dae ná die begin van sy eersvolgende sitting. Dit moet in albei Huise van die Parlement geskied.[66] Ook moet besonderhede oor 'n raadslid wat as voorsitter, vise-voorsitter of waarnemende voorsitter aangestel word, binne sewe dae by wyse van 'n rapport in albei Huise van die Parlement ter tafel gelê word.[67] Dit moet 'n volledige uiteensetting bevat van die betrokke raadslid se kwalifikasies om die voorsitter of vise-voorsitter of waarnemende voorsitter van die beheerraad te wees.

Parlementêre beheer kom ook ter sprake by die aanstellings van kommissies van ondersoek na uitsaaiaangeleenthede. Van die veronderstelling kan uitgegaan word dat die Parlement die mag het om sulke kommissies te benoem omdat hy die S.A.U.K. d.m.v. 'n statuut tot stand gebring het. Die 1948-kommissie van ondersoek na Uitsaai-aangeleenthede kan as

---

66) Art. 24(2) van die Uitsaaiwet van 1936.
67) Art. 4.

voorbeeld genoem word. Daar kan verder beweer word, en tereg ook, dat as die S.A.U.K. kragtens 'n wet van die Parlement bestaan, dit ook kragtens 'n wet van die Parlement kan ophou bestaan. Die mag van parlementêre beheer t.o.v. die S.A.U.K. kan dus nie te gering geskat word nie.

Parlementêre beheer is onafskeidbaar van ministeriële beheer. Beheermaatreëls wat deur die verantwoordelike Minister getref mag word, moet in elk geval deur die Parlement bekragtig word. Dit blyk dus dat staatsbeheer oor die S.A.U.K. nie sonder een van genoemde beheerinstansies moontlik sou wees nie. Die Parlement behoort 'n rol te speel, en die gekose verteenwoordigers van die volk kan na goeddunke vrae aan die minister stel oor sake wat volgens hulle nie duidelik in die jaarverslag na vore kom nie. Dit sal dan ook beantwoord word tensy dit van huishoudelike aard is. In die meeste gevalle is dit ook. Die reg van die Parlement om 'n kommissie van ondersoek na uitsaai-aangeleenthede aan te stel, is myns insiens 'n belangrike faset van staatsbeheer oor die sake van die S.A.U.K. deur middel van die Parlement. Dit kan bv. gedoen word as die Korporasie se geldsake rede tot kommer is, maar 'n derde vorm van staatsbeheer is daarmee gemoeid.

## 4. 3 Finansiële beheer

Finansiële beheer is tradisioneel die prerogatief van die Parlement, sê prof. Van der Walt, maar dit sal vir die doeleindes van hierdie studie afsonderlik as 'n derde wyse van beheer behandel word. Ouditbeheer kom veral daarin ter sprake.

Die Korporasie hou behoorlik aantekening van sy bates en transaksies en stel jaarliks rekenings op van sy inkomste en uitgawe en balansstate waarin die bates en laste van die Korporasie jaarliks tot einde Desember met al die nodige besonderhede aangegee word.[68] Afgesien van interne ouditbeheer kan die Minister ook twee of meer persone aanstel wat rekenmeesters van beroep is om die rekenings van die S.A.U.K. na te gaan.[69]

Ten einde veral 'n ogie te hou oor die besteding van geld van die publiek deur die staatsbeheerde korporasies, soos die S.A.U.K., is daar al dikwels in die Parlement gepleit dat hulle rekenings deur die Kontroleur- en Ouditeur-generaal nagesien moet word. Wat korporasies vir ekonomiese ontwikkeling betref, het dit al gebeur dat finansiële state vir ondersoek na

---

68) Art. 22.
69) Art. 23.

die Gekose Komitee vir Openbare Rekeninge verwys is, maar t.o.v. die S.A.U.K. nog nie en dit is te betwyfel of dit sal gebeur. Volledige besonderhede word ook in die jaarverslag verstrek.

Pogings deur die Opposisie en andere om die Regering te oorreed om ouditering deur die Kontroleur- en Ouditeur-generaal van die rekeninge van die S.A.U.K. in te stel, is tot dusver deur die Minister verwerp. Die antwoord van die verantwoordelike minister het telkens daarop neergekom dat volledige besonderhede in die verslag verskyn en dat hy nie by magte is om die beheerraad te vra om tot so 'n oudit in te stem nie. Dit geld net ten opsigte van gewone staatsdepartemente en 'n paar ander instansies wat jaarliks toekennings uit die Staatskis ontvang. Die S.A.U.K. kry geen geldelike toekennings van die Staat nie en daarom is ouditering deur die Kontroleur- en Ouditeur-generaal nie nodig nie. Die Korporasie verkry sy fondse soos 'n gewone sake-onderneming en indien 'n lening van die Staat aangegaan word, word dit deur die gewone kanale en met die gewone rente terugbetaal.[70)]

Vir die aangaan van lenings het die S.A.U.K. die

---

70) Vgl. p. 179.

toestemming van die verantwoordelike minister nodig.[71] Tot aan die einde van 1971 kon die Korporasie net lenings by die Staat aangaan, maar magtiging is d.m.v. 'n wetswysiging gedurende die sitting van die Parlement vroeg in 1972 verkry om ook lenings in die buiteland aan te gaan. Dié vergunning is veral met die oog op die instelling van 'n televisiediens toegestaan. Korttermynlenings kan te eniger tyd aangegaan word by wyse van die oortrekking van die S.A.U.K. se rekening by 'n bank of andersins, maar die Minister se goedkeuring is vir langtermynlenings nodig. Die S.A.U.K. is verder nie aan uitgawebeheer deur die Staat onderhewig nie.

Die S.A.U.K. moet egter wat beleggings betref in 'n sekere opsig met finansiële beheer rekening hou. Geld in sowel sy reserwe- as die ontwikkelingsfonds kan in sekuriteite belê word, maar dan moet dit sekuriteite wees wat deur die minister goedgekeur is.[72]

Dit is duidelik dat die Staat 'n stewige houvas op die S.A.U.K. het t.o.v. sy finansies. Nie net moet

---

71) Art. 18(1).
72) Art. 20(3).

die Korporasie toestemming van die Staat vra om die lisensiegeld, sy hoof-inkomstebron, te verhoog nie, maar moet toestemming ook vooraf vir langtermynlenings verkry word. Tog is die finansiële beheer nie van so 'n ingrypende aard as ministeriële en parlementêre beheer nie.

## 5. SAMEVATTING

Die Suid-Afrikaanse Uitsaaikorporasie se verhouding tot die Staat is 'n vraagstuk wat nie met 'n paar pennestrepe neergestip en afgemaak kan word nie. Die S.A.U.K. vorm nie deel van 'n staatsdepartement nie en tog is die korporasie as skepping van die moderne Staat 'n rat in die staatsmasjinerie wat in noue verband met die staat funksioneer, maar tog outonoom en selfstandig optree.

Die hele kwessie van die verhouding van die S.A.U.K. tot die Staat wentel om hierdie noue band, wat op beheer deur die Staat neerkom, en die behoefte aan vryheid. Dit kan nie weggeredeneer word dat die radio as massakommunikasiemedium nie sonder enige beheer deur die Staat gelaat kan word nie, al bestaan daar die volste vertroue in die beheerraad aan die kant van die Staat en die luisterpubliek. Daarteenoor behoort die S.A.U.K. op sy eie spesiaalafgebakende

gebied as regspersoon vry genoeg te wees om as 'n outonome onderneming te funksioneer. Daar moet geen inmenging wees t.o.v. die bestuur van die sake van die Korporasie wat sy daaglikse funksionering op 'n gesonde, finansiële grondslag en bedryfsbestuur betref nie. Hy wil graag onafhanklik in diens staan van die luisteraar sonder enige pratypolitieke druk of inmenging in sy programme deur die Staat.

Wat „politiek" oor die eter betref, moet daarop gewys word dat die S.A.U.K. 'n taak het om die luisteraars oor sake van die dag in te lig. Suid-Afrika se mense stel besonder baie belang in politieke aangeleenthede en die radio se taak is duidelik: hy moet inlig sonder om 'n politieke party te bevoordeel of te benadeel ten einde perspektief aan die luisteraars te gee oor sake van die dag. In ons land is daar geen dagblad wat nie die een of ander politieke party napraat of steun nie en gevolglik het die S.A.U.K. 'n taak in dié verband. Die vryheid van die lug is 'n reg van die S.A.U.K. en niemand kan dit hom misgun nie, netsoos niemand die koerant hom die vryheid van die pers misgun nie.

As publieke korporasie wat in 'n mate deur die Staat beheer word, verkeer die S.A.U.K. in vergelyking met die pers egter in 'n heel ander posisie. Geen

koerant word in enige opsig deur die Staat beheer nie - die S.A.U.K. wel. Net soos enige ander korporasie is hy aan vier fronte aan staatsbeheer onderhewig, ofskoon in wisselende mate, nl. ministeriële, parlementêre, finansiële en regterlike beheer. Wat laasgenoemde betref, is dit so gering dat dit feitlik nie in berekening gebring hoef te word nie.

Uit hierdie hoofstuk het dit duidelik geword dat die S.A.U.K. in werklikheid deur die Staat oorgeneem kan word.[73] Dit, asook die hele volksverhoudingsituasie in Suid- en Suidwes-Afrika, bring mee dat die S.A.U.K. heelwat faktore in gedagte moet hou wat sy programbeleid betref.

T.o.v. staatsbeheer is die Minister die belangrikste skakel en faktor om in gedagte te hou. Die hele

---

73) Vgl. p. 236.

verhouding van die Korporasie met die Staat word as't ware in die praktyk geplaas deur die Voorsitter van die Beheerraad se skakeling met die verantwoordelike minister.[74] Hierdie skakeling geskied heeltemal informeel en daar is nooit sprake van opdragte aan die kant van die Minister nie.

Wat parlementêre beheer betref, is dit bloot logies en vanselfsprekend dat 'n liggaam wat 'n organisasie in die lewe help roep, later ook seggenskap in die beheer daaroor moet hê. In die Parlement is dit dan ook die verantwoordelike minister se taak om reg te laat geskied aan die outonome en selfstandige aard van die S.A.U.K. Daar word gereeld vrae deur parlementslede gestel oor sake wat bestempel kan word as van huishoudelike aard en dit is dan sy taak om die vraesteller daarop te wys.

Afgesien van die jaarverslag wat in die Parlement ter tafel gelê word en ten opsigte waarvan beheer dus ter sprake kom, is die besonderhede oor die beheerraad se voorsitter, onder-voorsitter en waarnemende voorsitter wat ook in die parlement verstrek word, myns insiens 'n baie goeie waarborg aan die luisteraars dat daar oor hulle belange in die Parlement gewaak

---

74) Mededeling aan skrywer deur dr. P.J. Meyer.

sal word. Saam met hulle mede-raadslede is die betrokke persone immers die trustees van alle Suid-Afrikaners vir wie radioprogramme uitgesaai word, en die parlementslede, as verkose verteenwoordigers van die volk, word daardeur in die geleentheid gestel om besonderhede te kry oor hul kwalifikasies en bekwaamhede. Dit sou beslis tot voordeel van die radiodiens en Suid-Afrika wees indien dieselfde beheermaatreël op alle raadslede van toepassing gemaak kon word.

Die beheer van staatsweë, veral ministerieel en parlementêr, kan beslis nie as 'n kniehalter met te veel ingrypende magte bestempel word nie. Die Korporasie is binne perke vry om altyd en onder alle omstandighede na goeddunke te handel t.o.v. daaglikse bestuur, programinhoud, ens. "Independence is the guiding rule and provisions for control the exception, but it is clear that no monopoly with such immense power to form opinion and such great potential utility in national emergency could be left entirely free".[75)]

Uit hierdie bespreking is dit duidelik dat die verhouding tussen die Suid-Afrikaanse Uitsaaikorporasie en die Staat kortliks hierop neerkom: hy word beheer deur die Staat d.m.v. veral die Minister van Nasionale

---

75) Gordon, L.; The Public Corporation in Great Britain, Londen, 1938, p. 172.

Opvoeding (ten behoewe van die kabinet as hoogste uitvoerende gesagsorgaan in Suid-Afrika) en die Parlement (as wetgewende liggaam wat hom help stig het d.m.v. 'n statuut); die S.A.U.K. doen jaarliks deur die Minister aan die Parlement verslag; die Staat respekteer die Korporasie se outonomie en onafhanklikheid;[76] beleid word nie van staatsweë afgedwing nie;[77] en die Korporasie alleen het seggenskap oor die inhoud van sy programme.

In hierdie verband kan die aanhaling van dr. Meyer vroeër in hierdie hoofstuk oor die beleid van die S.A.U.K. onder enige bewind eintlik as die manifes en geloofsbrief van die Korporasie teenoor die luisterpubliek bestempel word.[78] Dit kom daarop neer dat die Korporasie en sy beheerraad hom ook t.o.v. die toekoms verbind het tot volledigheid, feitelikheid en waarheidsgetrouheid, om die land en sy mense getrou en opreg te dien en „om die eenheid en verskeidenheid van die Suid-Afrikaanse lewe en werklikheid so te reflekteer dat geloof, hoop en liefde ten opsigte van die eie gesterk en verbreed word".[79]

---

76) Vgl. p. 213.
77) Vgl. p. 213.
78) Vgl. p. 225.
79) Vgl. p. 225.

Die S.A.U.K. is, ten slotte, bloot onderhewig aan eindbeheer deur die Staat. In die volgende aanhaling deur O'Brièn word die posisie duidelik gestel: Hy sê dat die Korporasie (verwysende na die B.B.C., en dus is dit ook van toepassing op die S.A.U.K.) geskep is "to possess a special freedom, both from continuous control by Parliament and from the continuing Ministerial guidance and direction which apply to Government offices. Parliament is supposed to refrain from constant criticism and interference with the Corporation, and the responsible Minister from exercising control over it of any but an 'ultimate' kind".[80)]

80) O'Brien, T.H.: British Experiments in Public Ownership and Control, New York, 1938.

# HOOFSTUK 8

# KONKLUSIE.

## 1. INLEIDING

Die Suid-Afrikaanse Uitsaaikorporasie is in hierdie studie onder die vergrootglas geplaas - eerstens as organisasie met 'n bepaalde en duidelik omlynde taak wat uitdrukking vind in sy werksaamhede en tweedens t.o.v. sy verhouding tot die Staat. In hierdie slotbeskouing van die onderwerp word die S.A.U.K. dan ook in hierdie verband en volgorde in oënskou geneem en geëvalueer.

Dit was my voorreg om presies die helfte van die bestaansjare van die Suid-Afrikaanse Uitsaaikorporasie aan hom verbonde te wees - eers in die rekeninge-afdeling, toe as nuusman, daarna as omroeper en tans as 'n senior amptenaar in die Afrikaanse Diens. Gedurende hierdie tydperk is ek in staat gestel om die Korporasie met al sy aktiwiteite intiem te leer ken en te sien groei en ontwikkel.

In hierdie proses sal die aanhaling uit Scupham se werk, "Broadcasting and the Community", in die begin van die studie onder meer as rigsnoer en saambindende

faktor gebruik word. Om hierdie rede word dit hier herhaal: "Every national system of broadcasting is an expression of the will of the sovereign state, and embodies a national assertion of values, either explicitly or in its unspoken assumption". Daar sal gepoog word gevolgtrekkings aan die hand daarvan te maak en aan te dui wat die skrywer presies daarmee bedoel. Daarbenewens sal dit ook duidelik word dat 'n land se nasionale uitsaai-organisasie die vergestalting is van die wil van die breë gemeenskap.

## 2. DIE S.A.U.K.: OMVANG EN AARD VAN SY DIENSTE

Die "national system of broadcasting" in Suid-Afrika is vanweë die ligging van die land aan die suidpunt van Afrika een van die jongstes in die Westerse wêreld. Toe die Suid-Afrikaanse Uitsaaikorporasie in 1936 in die plek van die "African Broadcasting Corporation" gestig is, het lande soos Brittanje, Duitsland, Australië en Kanada al betreklik gevestigde nasionale uitsaaistelsels gehad.

Net soos die geval in Kanada was, het die feit dat daar in Suid-Afrika twee Blanke-taalgroepe met twee amptelike tale bestaan, groter eise aan die ontwikkeling van die radiowese as in ander lande gestel. Die Westerse land met die jongste nasionale uitsaai-

stelsel moes vir die volk met die jongste Westerse taal ook voorsiening maak wat radioprogramme betref. 'n Afsonderlike diens is, nie sonder stryd nie, vir die oorgrote meerderheid Blanke luisteraars, die Afrikaners, gestig, aangesien hulle taal aanvanklik in radioprogramme in Suid-Afrika geïgnoreer is.

Voor die Tweede Wêreldoorlog het die meeste Afrikaanssprekendes egter nog op plase en dorpe weg van die stede af gewoon en moes programme vir hulle oor kortgolfsenders aangebied word. Die ontwikkeling van hierdie diens tot 'n volwaardige programdiens is as gevolg van dié oorlog aansienlik vertraag. Tog het die Afrikaanse Diens later die programdiens met die meeste luisteraars in die land geword.

Meer as 'n kwarteeu het al verloop sedert die ontwrigtende Tweede Wêreldoorlog. Om stimulus te gee aan die ontwikkeling van die radiodiens in Suid-Afrika ná die oorlog, is 'n handelsdiens, Springbokradio, in 1950 gestig as derde programdiens van die S.A.U.K., ondanks heftige teenstand teen hierdie nuwe ontwikkeling. Afgesien van inkomste uit lisensiegeld, het die Korporasie nou ook oor 'n ander bron van inkomste beskik deurdat verbruikersprodukte oor die eter geadverteer kon word teen die betaling van 'n vasgestelde tarief.

Benewens 'n programdiens in Afrikaans en een in Engels het luisteraars met die koms van Springbokradio 'n keuse gekry om, behalwe 'n suiwer kultuurdiens, ook na geborgde programme te luister. Amptelik staan dit bekend as „'n diens in twee tale". Die meeste programme op Springbokradio is in Engels en die afleiding kan gemaak word dat die Afrikaanssprekende meer geheg is aan sy eie programdiens as sy Engelstalige landgenoot. Die ouer Afrikaner ken die stryd wat gevoer is om die Afrikaanse Diens uit te bou, en hy is minder geneë om oor te skakel na Springbokradio as die Engelstalige.

Die jong FM-streekdienste is 'n uitbreiding op Springbokradio. In die moderne, gejaagde lewe wil die mens in 'n toenemende mate bloot agtergrondmusiek hê om na te luister en betreklik gereeld hoor wat daar in sy kontrei en die res van die wêreld noemenswaardig gebeur het. Uit die staanspoor was hulle tweetalige dienste met absolute gelykberegtiging aan die twee amptelike tale en nie bloot dienste „in twee tale" soos Springbokradio nie. Dit kan ook as faktor genoem word waarom die FM-streekdienste se gewildheid voortdurend toeneem en luisteraars van die ander dienste wegrokkel.

Met Radio Bantu se verskillende programdienste is

wêreldgeskiedenis gemaak. Daardeur is, ook t.o.v. die Inboorlingvolke van Suidwes-Afrika, voldoen aan die bepaling in die Uitsaaiwet, soos gewysig, dat ook die Bantoekultuur deur die S.A.U.K. se programme ontwikkel en uitgebou moet word. Die Korporasie het selfs verder gegaan en ook programme vir Kleurlinge en Indiërs gedurende bepaalde tye op die Afrikaanse en Engelse dienste (onderskeidelik vir Kleurlinge en Indiërs) begin aanbied. Daar kan met reg beweer word dat die S.A.U.K. hom tot die hele gemeenskap rig. Aan die ander kant sou dié dienste nie werklikheid geword het as dit nie die wil en begeerte van die onderskeie dele van die gemeenskap was nie.

Die belangrikheid van Radio Bantu t.o.v. die ontwikkeling van die verskillende Bantoevolke se kultuureie en tradisies kan nie te veel beklemtoon word nie. Die onderskeie programdienste het die Bantoe in staat gestel om 'n bydrae te help lewer tot die uitbouing van sy eie taal en kultuur en om 'n trots in dit wat sy eie is, te ontwikkel. Radio Bantu help ook om beter volke-verhoudings te bewerkstellig tussen Blank en Nie-Blank. Wat Suidwes-Afrika betref, help die onderskeie Inboorlingdienste om perspektief te bring in die huidige posisie waarin dié gebied hom bevind en die internasionale belangstelling wat Suidwes-Afrika geniet.

Geen ander land se nasionale uitsaaistelsel is en word aan groter eise blootgestel as juis die S.A.U.K. nie. Die enigste ander soortgelyke radio-organisasie wat enigsins daarmee vergelyk kan word, is die B.B.C. wat ook voorsiening gemaak het vir die Skotse, Walliese en Ierse luisteraars. Die meeste lande het, benewens die diens in die amptelike taal of tale, bloot uitsendings na die buiteland om aandag aan te skenk. Ook in dié opsig het die S.A.U.K. 'n groot taak gehad.

Uitsendings na Afrika het mettertyd gelei tot die totstandkoming van Radio RSA, wat dwarsdeur die wêreld bekendheid verwerf het as 'n diens wat selfs ongunstige nuus rakende Suid-Afrika nie verswyg nie. Die Republiek se landsbeleid en ander faktore waarop daar nie nou ingegaan hoef te word nie, het meegebring dat mense dwarsdeur die wêreld intens in Suid-Afrika belang begin stel.

Wat sou nou die waardes wees wat onderliggend is aan die programbeleid van die S.A.U.K., nie net wat Radio RSA betref nie, maar ook die ander sewentien programdienste? Scupham beweer immers: "Every national system of broadcasting ... embodies a national assertion of values, either explicitly or in iets unspoken assumption".[1] Dit beteken dat elke nasionale uit-

---

1) Vgl. p. 255.

saaistelsel 'n nasionale uitdrukking van waardes beliggaam, deur regstreekse metodes of in die onregstreekse aanvaarding daarvan.

Dit is feitlik nie nodig om daarop te wys dat die handhawing van Christelike beginsels in die programme en die bestryding van alles wat indruis teen God's Woord, stellig die hoogste waarde is wat deur die S.A.U.K. gehandhaaf word nie. Wat die Afrikaanse diens betref, kan die woord „Calvinisties" bygevoeg word en dit kan as 'n voorbeeld genoem word van die onregstreekse aanvaarding van die uitdrukking van 'n waarde t.o.v. een programdiens. Vir die Engelse diens geld dit nie so duidelik nie, aangesien predikante van die Rooms-Katolieke Kerk dienste lei. Vanselfsprekend is dit ook op Radio RSA van toepassing.

'n Studie van die programme van alle dienste van Radio Suid-Afrika bring aan die lig dat die belange van Suid-Afrika voortdurend in gedagte gehou word. Geen program sal uitgesaai word as dit Suid-Afrika in enige opsig sal benadeel of skade berokken nie. Hierdie gevoel van patriotisme is ongetwyfeld een van die waardes wat die Korporasie t.o.v. sy programbeleid in nasionale belang hoog ag. Daarmee word 'n gevoel van liefde en opoffering vir Suid-Afrika by almal, ongeag taal of kleur, aangewakker.

Dit bring my ten slotte by 'n waarde wat ook onregstreeks, d.w.s. nie in soveel woorde nie, in alle programdienste weerklank vind. Die feit dat daar afsonderlike programdienste vir Afrikaanssprekendes, Engelstaliges en die verskillende Bantoe- en Inboorlingvolke, asook programgeriewe vir Kleurlinge en Indiërs, bestaan, beteken by implikasie dat die S.A.U.K. groot waarde heg aan die beginsel van identiteitsbewussyn. Sy programdienste is 'n aanduiding daarvan dat die S.A.U.K. in die andersheid van Suid-Afrika se mense t.o.v. taal, kleur, gewoontes en tradisies glo. In sy programme vir elke volk probeer die S.A.U.K. oënskynlik om 'n besef van hierdie eiesoortigheid en 'n liefde vir die eiendomlike te kweek.

Dit wil voorkom of die kritici van die S.A.U.K. wat beweer dat die Korporasie 'n propagandamedium van die regerende politieke party is, nie die toepassing en naklank van veral lg. twee waardes mooi begryp nie.

Die feit dat verskeie van die S.A.U.K. se inskrywings vir belangrike internasionale radiokompetisies reeds die hoogste toekennings ontvang het, is bewys van die groot vordering wat die Korporasie binne vier dekades op die gebied van klankradiodienste gemaak het. (Die instelling van televisie op 1 Januarie

1976 sal groter eise en uitdagings meebring). Die S.A.U.K. het alles vermag as 'n outonome en selfstandige instelling wat tog in 'n bepaalde verhouding tot die Staat staan.

## 3. SY VERHOUDING TOT DIE STAAT

In hierdie afdeling sal ten slotte gekyk word na Scupham se bewering dat "every national system of broadcasting is an expression of the will of the sovereign state". Gevolgtrekkings sal aan die hand daarvan gemaak word oor die besondere verhouding wat daar tussen die Staat en die nasionale uitsaaistelsel van Suid-Afrika bestaan.

Die S.A.U.K. het 'n besondere taak en roeping, nl. om as 'n openbare nutskorporasie hom vir die kulturele ontwikkeling van die hele bevolking te beywer. Die beheerraad, veral persoonlik deur die voorsitter, kan as die sentrale faktor in die ontplooiing van die verhouding van die S.A.U.K. teenoor die Staat bestempel word. Met sy mede-raadslede is dit hulle taak as "trustees" van die samelewing in die Republiek om dié verhouding korrek en na behore tot vergestalting te laat kom.

Die gebruik wat ook in Suid-Afrika ontwikkel het

dat die Staat deur die verantwoordelike minister die voorsitter en ander lede van die beheerraad aanstel, is ongetwyfeld die beste en mees praktiese metode wat gevolg kan word. Allerweë word erken dat die Staat geen seggenskap oor die beheerraad het wanneer hy finaal saamgestel is nie, solank die verskillende lede voldoen aan die voorwaardes vir aanstelling soos dit in die Uitsaaiwet uiteengesit word. Ná aanstelling behoort dit hulle vernaamste taak te wees om hulle daarvoor te beywer dat die verskillende bevolkingsgroepe hulle volle, regverdige en regmatige aandeel t.o.v. programdienste ontvang.

Daar kan aanvaar word dat die Minister vóór die aanstelling van raadslede sal probeer vasstel watter persone vir die betrokke taalgroepe aanvaarbaar sal wees en hulle belange die beste sal dien. Die versekering deur die Minister van Poswese en Telegrafie tydens die tweedelesingsdebat van die Uitsaaiwetsontwerp op 29 April 1936 in die Volksraad,[2] dat hy wil hê dat die radiowese bokant alle partypolitiek moet staan, dat dit in die waaragtige belang van albei seksies van die gemeenskap sal wees en dat die beheerraad so na as moontlik uit eweveel Afrikaans- en Engelssprekendes moet bestaan, behoort

---

2) Debatte van die Volksraad, 29 April, Deel 26, kol. 3029.

aanvaar te word, ook wat die verantwoordelike ministers ná hom betref.

Die beheerraad bestaan tans uit die maksimum getal wat toelaatbaar is, nl. nege. Hulle is almal mans en daar kan gedink word aan 'n vroulike lid, soos wat die geval in die begin was. 'n Vrou kan per slot van sake die beste oor die belange van haar geslag waak, ofskoon die bewering nie gemaak kan word dat die belange van die vrou tans geïgnoreer of afgeskeep word nie.

Wat die Bantoeprogram-beheerraad betref, meen ek dat vier lede, afgesien van die voorsitter van die oorkoepelende beheerraad, te min is om reg te laat geskied aan die behoeftes van die onderskeie etniese groepe. Net soos die groter raad, kan die maksimum getal lede van sewe met vrug benoem word, dalk met spesiale inagneming van die behoeftes van die Inboorlingdienste in Suidwes-Afrika. Sonder adviserende komitees met lede van die onderskeie etniese volke as lede daarvan, kan Radio Bantu en die Inboorlingdienste ook nie die verskillende Nie-Blanke volke behoorlik dien nie.

Die feit dat die onafhanklikheid van die beheerraad t.o.v. politieke beheer 'n geweldige groot verant-

woordelikheid op die skouers van die beheerraadslede plaas, kan nie sterk genoeg beklemtoon word nie. Hulle moet sorgdra dat die gehalte van die radiodiens voortdurend onberispelik is. Hulle behoort hulle nie skuldig daaraan te maak dat een volksgroep teen 'n ander afgespeel word nie en dit gebeur ook nie. Die morele en sosiale waardes van die onderskeie dienste en die objektiewe aanbieding van nuus en programme moet hulle aandag voortdurend geniet.

Net soos dit die bedoeling is dat die S.A.U.K. se beheerraad bokant alle partypolitiek moet staan, net so rus daar 'n plig op die raad om sorg te dra dat daar in geeneen van sy programme materiaal uitgesaai sal word wat blatante en duidelik herkenbare propaganda vir 'n politieke party is nie. Dit moenie verwar word met die onbetwiste taak van 'n nasionale uitsaai-organisasie om gesonde meningswisseling te bevorder en om 'n gesonde balans in dié verband te help kweek nie. Geen land se uitsaai-onderneming kan hom heeltemal losmaak van die politiek nie.

„Sake van die Dag", waarin soms sake met 'n politieke strekking voorkom, is 'n baie noodsaaklike uitsending in die huidige nasionale en internasionale klimaat. Die Engelstalige pers se houvas op die Engelstaliges, immigrante en Nie-Blankes, en die anti-Suid-Afrikaanse

houding wat dikwels aan onverantwoordelikheid grens en beslis nie as 'n uiting van patriotisme bestempel kan word nie, is besig om 'n gevaarlike toestand in Suid-Afrika te skep. Perspektief en goeie oordeel het in hierdie toedrag van sake uiters noodsaaklik geword, en dit word nie altyd in die pers aangetref nie. Dit is hier waar die S.A.U.K. 'n plig het teenoor die Republiek en sy mense, ook wat Suid-Afrika se beeld na buite betref.

Daar moet baie duidelik verklaar word dat hoofartikel-kommentaar oor die lug nie 'n nuwigheid is wat deur die S.A.U.K. ingestel is nie. Dit is 'n algemeen aanvaarde funksie van die uitsaaiwese. In Julie 1971 het die beheerraad van die B.B.C. bv. 'n verklaring oor dié kwessie uitgereik. Radio-joernalistiek, is gesê, kan net so min soos die pers afstand doen van sy reg op 'n onafhanklike oordeel.[3) „Daar is ook invloedryke steun in Brittanje vir die beginsel dat die nasionale uitsaaiwese die balans behoort te herstel waar die oorwig van koerantmening dit versteur. Hierdie houding word deur die S.A.U.K. onderskryf".[4)]

Gordon se bewering, dat "it touches the life of the

---

3) Sake van die Dag, 13 November 1972.
4) Ibid.

community at every point",[5] moet in gedagte gehou word. Dit is waarom O'Brien van mening is dat "the control of such a potential power over public opinion and the life of the nation ought to remain with the State".[6] Dit spruit voort uit die feit dat 'n land se nasionale uitsaaistelsel in der waarheid aan die publiek, aan die luisteraars self, behoort. Die publiek moet dus, ook omdat hy geld tot die beskikking van die S.A.U.K. in die vorm van radiolisensies stel, in 'n posisie gestel word om seggenskap t.o.v. die werking daarvan te hê. Die enigste metode was, soos dit vir alle korporasies geld, om 'n beheerraad aan te stel, maar om die Staat ook deel te maak van hierdie beheerfunksie ten behoewe van die publiek.

Eintlik kom dit neer op 'n stelsel van interne en eksterne beheer. Enige instelling van watter aard ook al beskik oor 'n stelsel van interne beheer en daar word nie toegelaat dat daar met sy interne en huishoudelike sake ingemeng word nie. Dit het te doen met sy vryheid om self oor sake van huishoudelike belang beslissings te maak. Wat die S.A.U.K. betref, setel hierdie interne beheer in die beheerraad wat 'n

---

5) Gordon, L.: The Public Corporation in Great Britain, Londen, 1938, p. 156.
6) O'Brien, T.H.: British Experiments in Public Ownership and Control, New York, 1938, p. 101.

outonome en selfstandige uitsaai-organisasie bestuur. Met die voorsitter van die beheerraad as voltydse amptenaar wat voortdurend in voeling is met lede van die Korporasie se eie bestuur, kom hierdie interne beheer daagliks tot uiting. Niemand anders, ook nie die Staat, beskik in dié verband oor enige seggenskap nie.

Die beheer deur die Staat kan as eksterne beheer bestempel word. Is die S.A.U.K. des ondanks vry genoeg om die uitsaaidiens na die beste van sy vermoë tot die beswil van die hele samelewing te lewer? Of is die beheer van staatsweë van só 'n aard dat dit die S.A.U.K. belemmer in die uitvoering van sy taak om na die belange van die Afrikaanse, Engelse en Bantoekultuur om te sien?

Ek is van mening dat die staatsbeheer nie so ingrypend is dat dit die selfstandigheid en outonome aard van die S.A.U.K. te veel belemmer en sy vryheid aan bande lê nie. Ministeriële en parlementêre beheer is, prakties gesproke, feitlik die enigste vorms van beheer deur die Staat waarmee rekening gehou hoef te word.

Op sy beste kan staatsbeheer bestempel word as "ultimate control",[7] soos Goodman dit stel, of

---

7) Goodman, D.: Forms of Public Control and Ownership, Londen, 1951, p. 43.

eindbeheer. Veral ten opsigte van die uitsaaiwese met sy magtige invloed op die denke en ontwikkeling van die mens, is hierdie uiteindelike seggenskap oor die Suid-Afrikaanse Uitsaaikorporasie (die S.A.U.K. kan tog immers d.m.v. 'n wet van die Parlement tot niet gemaak word soos hy d.m.v. 'n wet tot stand gekom het!) uiters noodsaaklik. Die uitsaaistasie is tog die eerste doelwit van samesweerders in 'n land as hulle die beheer wil oorneem.

"Every national system of broadcasting is an expression of the will of the sovereign state" moet dus vertolk word dat die nasionale uitsaaistelsel in enige land, dus ook in Suid-Afrika, bestaan danksy die Staat, en in 'n ander sin ook danksy die gemeenskap. In Kommunistiese state is dit letterlik 'n uitdrukking van die wil van die Staat, aangesien die Staat besluit wat uitgesaai moet word en wat verswyg moet word. In die vrye Weste, waarvan Suid-Afrika deel vorm, besluit die onderskeie nasionale uitsaai-ondernemings egter self wat aangebied moet word, met inagneming van die troefkaart in die hande van die Staat - eindbeheer.

Die Suid-Afrikaanse Uitsaaikorporasie kan met trots verklaar dat hy die kruin bereik het t.o.v. ontwikkeling van klankradiodienste in Suid- en Suidwes-Afrika.

Die agttien programdienste voorsien in die behoefte van die twee Blanke taalgroepe, en in Suid- en Suidwes-Afrika het die Bantoe- en Inboorlingvolke onderskeidelik hulle eie dienste. Die Kleurlinge het in die Afrikaanse Diens 'n programdiens wat pas by hulle kulturele behoeftes, en dieselfde geld die Indiër-gemeenskap t.o.v. die Engelse Diens. Daarbenewens het die Buitelandse Diens, Radio RSA, bewys gelewer dat hy as een van die beste buitelandse radiodienste ter wêreld beskou word.

„Die Stem van Suid-Afrika" vertoon ná 36 jaar inderdaad nog uiters lewenskragtig in sy programme wat binne- en buitelandsgerig is. Met sy vinger op die pols van die hele gemeenskap bly hy 'n krag om mee rekening te hou, weerspieël hy die gemeenskap se wil en stimuleer hy steeds geestelik, kultureel, maatskaplik en ekonomies. Die S.A.U.K. sal as openbare dienskorporasie binne 'n paar jaar gereed wees om ook die sigbare beeld van hierdie suiderland naas die „Stem" van Suid-Afrika oor die eter uit te dra.

# BIBLIOGRAFIE

In die inleiding, Hoofstuk 1, is gemeld dat daar geen naslaanwerke oor die Suid-Afrikaanse Uitsaaikorporasie afgesien van die jaarverslae, brosjures, 'n paar algemene verslae en toesprake deur veral die huidige Voorsitter van die Beheerraad, dr. P.J. Meyer, bestaan nie. Gebruik moes selfs van plaatopnames in besit van die klankargief van die Korporasie gemaak word. Materiaal vir die studie is ook verkry, uit die aard van die saak, uit die Uitsaaiwet van 1936, Hansard, 'n Buitengewone Staatskoerant, die verkorte weergawe van die aanbevelings van sir John Reith, 'n paar tydskrifartikels, 'n aantal boeke en brosjures oor die uitsaaiwese in Brittanje, algemene werke oor die openbare nutskorporasie, publikasies in Suid-Afrika en 'n hele aantal koerantuitknipsels.

Besonderhede oor die bronnemateriaal word so volledig as moontlik verstrek onder hoofde van die verskillende soorte bronne en in volgorde soos dit van belang en waarde vir die studie was.

## 1. JAARVERSLAE VAN DIE S.A.U.K.

1937 - voorgelê aan sen. C.F. Clarkson vir die tydperk 1 Augustus 1936 tot 31 Desember

1937,[1] Johannesburg, 1938.

1938 - voorgelê aan sen. C.F. Clarkson, Johannesburg, 1939.

1939 - voorgelê aan sen. C.F. Clarkson, Johannesburg, 1940.

1940 - voorgelê aan sen. C.F. Clarkson, Johannesburg, 1941.

1941 - voorgelê aan sen C.F. Clarkson, Johannesburg, 1942.

1942 - voorgelê aan sen. C.F. Clarkson, Johannesburg, 1943.

1943 - voorgelê aan sen. C.F. Clarkson, Johannesburg, 1944.

1944 - voorgelê aan sen. C.F. Clarkson, Johannesburg, 1945.

1945 - voorgelê aan mnr. J.W. Mushet, Johannesburg, 1946.

1946 - voorgelê aan mnr. J.W. Mushet, Johannesburg, 1947.

1947 - voorgelê aan sen. C.F. Clarkson, Johannesburg, 1948.

1948 - voorgelê aan dr. T.F. Dönges, Johannesburg, 1949.

1949 - voorgelê aan adv. F.C. Erasmus, Johannesburg, 1950.

---

1) Die verstandhouding was dat 'n verslag nie nodig sou wees vir die sitting van die Parlement in 1937 nie met die oog op die kort tydsverloop tussen die stigting van die S.A.U.K. op 1 Augustus 1936 en die einde van dié jaar.

1950 - voorgelê aan mnr. J.F.T. Naudé, Johannesburg, 1951.

1951 - voorgelê aan mnr. J.F.T. Naudé, Johannesburg, 1952.

1952 - voorgelê aan mnr. J.F.T. Naudé, Parow 1953.

1953 - voorgelê aan mnr. J.F.T. Naudé, Johannesburg, 1954.

1954 - voorgelê aan mnr. J.J. Serfontein, Johannesburg, 1955.

1955 - voorgelê aan mnr. J.J. Serfontein, Johannesburg, 1956.

1956 - voorgelê aan mnr. J.J. Serfontein, Johannesburg, 1957.

1957 - voorgelê aan mnr. J.J. Serfontein, Johannesburg, 1958.

1958 - voorgelê aan dr. A. Hertzog, Johannesburg, 1959.

1959 - voorgelê aan dr. A. Hertzog, Johannesburg, 1960.

1960 - voorgelê aan dr. A. Hertzog, Johannesburg, 1961.

1961 - voorgelê aan dr. A. Hertzog, Johannesburg, 1962.

1962 - voorgelê aan dr. A. Hertzog, Johannesburg, 1963.

1963 - voorgelê aan dr. A. Hertzog, Stellenbosch, 1964.

1964 - voorgelê aan dr. A. Hertzog, Stellenbosch, 1965.

1965 - voorgelê aan dr. A. Hertzog, Stellenbosch, 1966.

1966 - voorgelê aan dr. A. Hertzog, Kaapstad, 1967.

1967 - voorgelê aan mnr. M.C.G.J. van Rensburg, Johannesburg. 1968.

1968 - voorgelê aan mnr. M.C.G.J. van Rensburg, Johannesburg, 1969.

1969 - voorgelê aan mnr. M.C.G.J. van Rensburg, Johannesburg, 1970.

1970 - voorgelê aan sen. J.P. van der Spuy, Johannesburg, 1971.

1971 - voorgelê aan sen. J.P. van der Spuy, Johannesburg, 1972.

## 2. WETTE DEUR DIE PARLEMENT

Wet Nr. 22 van 1936, soos gewysig, wat bekend staan as die Uitsaaiwet.

Wet Nr. 3 van 1952, soos gewysig, wat bekend staan as die Suid-Afrikaanse Uitsaaikorporasiewet, om die wette m.b.t. die beheer oor radiobedrywighede in die Republiek en daarmee in verband staande aangeleenthede, saam te vat en te wysig.

## 3. S.A.U.K.-PUBLIKASIES

"Souvenir Programme" - 21st anniversary of Broadcasting in Natal, 10 Desember 1924 tot 10 Desember 1945.

"The S.A.B.C. -- our broadcasting Service", Desember 1949.

„25 jaar Radio in Natal", 1924 - 1949.

„Handleiding vir Luisteraars", Mei 1951.

„Die S.A.U.K." -- 'n inligtingstuk, Johannesburg, 2 Mei 1955.

Program vir 'n feeskonsert in die Johannesburgse Stadsaal by geleentheid van die S.A.U.K. se 21ste verjaardag, 6 Augustus 1957.

'n S.A.U.K.-nuusbrief, „Die Eerste Kwarteeu", Nr. 2, September 1961.

„FM in Suid-Afrika" - die verhaal van een van die wêreld se grootste en nuutste BHF-FM-dienste.

„Die Johannesburgse FM-toring".

"The S.A.B.C. Magazine", Vol. 3, Nr. 9, 20 - 26 November 1954.

'n Amptelike kennisgewing van die S.A.U.K., 1970/9, Johannesburg, 1 Mei 1970.

4. PLAATOPNAMES

'n Opname wat gemaak is van die verrigtinge te Bloemendal by geleentheid van die amptelike opening van die sendstasie van Radio RSA op

5. STAATSVERSLAE

Debatte van die Volksraad van 1935 tot 1972.

'n Buitengewone Staatskoerant (Regulasiekoerant Nr. 70), Pretoria, 9 Maart 1962, Vol. III, Nr. 195, p. 6 - 7.

Verslag van die Kommissie van Ondersoek insake Uitsaaidienste, Kaapstad, 1948.

6. ALGEMENE VERSLAE

Reith, sir J.C.W.: Verkorte aanbevelings van die verslag oor Uitsaaibeleid en Ontwikkeling, U.C. Nr. 18 - '35.
„Die Suid-Afrikaanse Uitsaaikorporasie", Johannesburg, 2 Mei 1955.
„Die Geskiedenis en Ontwikkeling van die Radio", opgestel deur G.A. de Bruyn, Johannesburg, 11 Junie 1968.
Die Departement Administrasie -- algemene inligtingstuk oor die werking van die S.A.U.K.
Rhodes, T.A.F.: Broadcasting before the S.A.B.C. was created. (1924 - 2936).
'n Algemene inligtingstuk oor die S.A.U.K., deur Johan Buys.
de Bruyn, G.A.: Plaaslike Adviserende Komitees, Johannesburg, 20 Mei 1964.
'n Inligtingstuk oor die Adviserende Komitee insake Kerkuitsaaidienste.

7. TOESPRAKE VAN DR. P.J. MEYER

Toespraak by geleentheid van die opening van die FM-diens in Durban, 30 Oktober 1963.

„Die rol van die Radio in die hedendaagse koue oorlog" - rede op Saldanha op 14 April 1967.

Toespraak op 'n konferensie van hoofamptenare, 2 Februarie 1968.

Toespraak by geleentheid van die verwelkoming van mnr. M.C.G.J. van Rensburg as die nuwe Minister van Pos- en Telegraafwese in die Albert Hertzog-toring, Johannesburg, 27 September 1968.

'n Verklaring aan „Dagbreek", 16 Oktober 1968.

'n Bundel gegewens vir toesprake deur dr. Meyer wat in 1969 saamgestel is.

8. TYDSKRIFARTIKELS

"Commercial Opinion", inleidingsartikel: „Sewe en negentig persent teen die S.A.U.K.", Februarie 1947.

"Industrial Review of Africa", 'n artikel. "The S.A.B.C. Story that's never broadcast", April 1958.

"The Caltex Circle", 'n artikel: "Radio South Africa", Oktober 1964.

„Santampos", 'n artikel deur mnr. F. Mastenbroek: „Die Suid-Afrikaanse Uitsaaikorporasie", November 1963.

"The Forum", in artikel: "Operation Broadcast", deur 'Albatros', 24 April 1948.

Encyclopaedia Britannica.

9. <u>WERKE OOR DIE B.B.C.</u>

Coase, R.H.: British Broadcasting - a study in monopoly. Londen, 1950.

"Sound and Television Broadcasting in Britain", opgestel deur die Sentrale Inligtingskantoor, Londen, 1963.

Lord Simon of Wythenshawe: The B.B.C. from Within, Londen, 1953.

Lord Normanbrook: The Functions of the B.B.C.'s Governors, Londen, 15 Desember 1965. ('n Etenstydlesing).

Edwards, D.: Political Broadcasting, 'n etenstydlesing, Londen, 10 Maart 1965.

Thorne, B.: The B.B.C.'s finances and cost control, 'n etenstydlesing, 22 Januarie 1970.

10. <u>ALGEMENE WERKE OOR DIE RADIOWESE</u>

Briggs, A.: "The Birth of Broadcasting", Vol. 1, Londen, 1961.

Emery, W.B.: National and International Systems of Broadcasting, Michigan, 1969.

Scupham, J.: Broadcasting and the Community, Londen, 1967.

Brack, H.: German Radio and Television: Organisation and Economic Basis, Keulen, 1968.

## 11. WERKE OOR OPENBARE KORPORASIES


Friedmann, W.: The Public Corporation - a comparative Symposium, Londen, 1954.

Glaeser, M.G.: Public Utilities in American Capitalism, New York, 1957.

Troxel, E.: Economics of Public Utilities, New York, 1947.

Goodman, E.: Forms of Public Control and Ownership, Londen, 1951.

Sleeman, J.F.: British Public Utilities, Londen, 1953.

Levy, A.B.: Private Corporations and their Control, Vol. I & II, Londen, 1950.

O'Brien, T.H.: British Experiments in Public Ownership and Control, New York, 1938.

Hanson, A.H.: Parliament and Public Ownership, Londen 1961.

Thompson, C.W., & Smith, W.R.: Public Utility Economics, New York, 1941.

Gordon, L.: The Public Corporation in Great Britain, Londen, 1938.


## 12. WERKE VAN SUID-AFRIKAANSE OORSPRONG


Gey van Pittius, N.C.: Die Land- en Landboubank van Suid-Afrika, M.A.-verhandeling, Potchefstroomse Universiteit, Januarie 1961.

Rogers, V.A.: The Constitutional Control of Public Finance in South Africa, Durban, 1961.

van Biljon, F.J.: State interference in South Africa, Londen, 1939.

Richards, C.S.: The Iron and Steel Industry in S.A., Johannesburg, 1940.

Van der Walt, C.P.: Die Staatsbeheerde Korporasies vir ekonomiese Ontwikkeling in Suid-Afrika - 'n ongepubliseerde D.Phil-proefskrif, Potchefstroom, 1964.

Van der Walt, C.P.: Die Staat en die Semi-staatsinstellinge - 'n vraagstuk van vryheid en beheer, 'n inougurele rede aan die P.U. vir C.H.O., 4 Junie 1965.

van Poelje, G.A.: Algemene Inleiding tot de Bestuurskunde, Alphen, 1953.

13. <u>KOERANT-UITKNIPSELS</u>.

<u>Die Transvaler</u>

23 Mei 1963.

25 Junie 1963.

3 Februarie 1964.

3 Maart 1964.

4 Maart 1964.

10 Maart 1964.

24 Januarie 1969.

Die Volksblad

30 Maart 1963.

6 April 1963.

18 Junie 1963.

21 Maart 1969.

Die Burger

22 Mei 1963.

14 Junie 1963.

Sondagstem

12 Julie 1964.

Rand Daily Mail

7 Februarie 1951.

10 Maart 1964.

28 April 1964.

14 Mei 1965.

The Star

14 Februarie 1964.

28 April 1964.

13 Maart 1969.

Cape Times

3 en 4 Maart 1964.

Eastern Province Herald

23 Mei 1963.

Pretoria News

28 April 1964.

Daily Despatch

26 Junie 1963.

Natal Witness

29 Februarie 1964.